

DIE GESKIEDENIS VAN WINBURG TOT 1902.

deur

Wilhelm Herman Venter.

Verhandeling voorgelê ter
vervulling van die vereis=
tes vir die graad Magister
in die Fakulteit van Lettere
en Wysbegeerte, Departement
Geskiedenis, aan die Univer=
siteit van die Oranje-Vry=
staat, Bloemfontein.

1974

Universiteit van die Oranje-Vrystaat
LEIBNIZSTADION

11-6-1975

KLAS

T 968.37 *Win*

No

175378

LIBRARIER

HIERDIE EKSEMPLAAR MAG ONDER
GEEN OMSTANDIGHEDE UIT DIE
BIBLIOTEEK VERWYDER WORD NIE

I N H O U D S O P G A W E.

BLADSY.

| | |
|---|---------|
| <u>VOORWOORD:</u> | iii - v |
| <u>HOOFSTUK I.</u> | |
| DIE VOORGESKIEDENIS VAN WINBURG ... | 1 |
| <u>HOOFSTUK II.</u> | |
| DIE KOMS VAN DIE BLANKE | 11 |
| <u>HOOFSTUK III.</u> | |
| DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN WINBURG TOT 1848 | 34 |
| <u>HOOFSTUK IV.</u> | |
| WINBURG 1848 - 1854. | 49 |
| <u>HOOFSTUK V.</u> | |
| WINBURG EN SY MENSE 1854 - 1868 .. | 80 |
| <u>HOOFSTUK VI.</u> | |
| WINBURG TYDENS DIE BASOETO-OORLOë . | 114 |
| <u>HOOFSTUK VII.</u> | |
| WINBURG 1868 - 1899 | 136 |
| <u>HOOFSTUK VIII.</u> | |
| DIE ONTWIKKELING VAN DIE N.G. GE= MEENTE VAN WINBURG | 164 |
| <u>HOOFSTUK IX.</u> | |
| WINBURG TYDENS DIE ANGLO-BOERE- OORLOG | 175 |
| <u>HOOFSTUK X.</u> | |
| SLOT | 194 |

DIE VOLGENDE BYLAE VOLG NA BLADSY 201:

BYLAE A: DISTRIK WINBURG, = LYS VAN VOLKSRAAD=
LEDE 1854 - 1899.

BYLAE B: KOMMANDEERLYS VAN DIE DORP WINBURG,
TWEEDE VRYHEIDSOORLOG, 1899 - 1902.

BYLAE C:/...

BYLAE C: LYS VAN GESNEUWELDE WINBURGSE
BURGERS, 1899 - 1902.

BYLAE D: STERF- EN BEGRAAFPLAASLYS, WINBURG
KONSENTRASIEKAMP, 1901 - 1902.

LITERATUUR- EN BRONNELYS (VOLG NA BYLAE D.)

| <u>SKETS, KAARTE EN FOTO'S:</u> | Bladsy. |
|--|---------|
| <u>SKETS NR. I</u> : n TIPIESE LEGHOJA-HUT .. | 3 |
| <u>KAART II</u> : <u>MAP ILLUSTRATIVE OF</u> <u>TOUR OF MESSERS AR-</u> <u>BOUSSET AND DAUMAS</u> | 13 |
| <u>KAART III</u> : PLAN VAN WINBURG 1848 . | 45 |
| <u>KAART IV</u> : KAART VAN ORANJERIVIER- SOEWEREINITEIT | 49 |
| <u>KAART V</u> : GRENSE VAN WINBURG 1854 | 81 |
| <u>KAART VI</u> : GRENSLYN TUSSEN WINBURG EN BASOETOLAND 1858 .. | 115 |
| <u>KAART VII</u> : VERNAAMSTE VELDSLAE TYDENS EERSTE BASOETO- OORLOG | 126 |
| <u>KAART VIII</u> : VERNAAMSTE VELDSLAE TYDENS TWEEDE BASOETO- OORLOG | 132 |
| <u>KAART IX</u> : GRENSLYNE TUSSEN O.V.S. EN BASOETOLAND, 1869 ... | 135 |
| <u>FOTO'S</u> : KONSENTRASIEKAMP VAN WINBURG | 188 |

V O O R W O O R D.

Hierdie verhandeling oor die geskiedenis van die dorp en distrik Winburg vanaf sy ontstaan tot 1902 is nie slegs geskryf omdat dit deel uitmaak van die vereistes vir 'n M.A.-graad nie, maar omdat daar 'n wesentlike behoefte bestaan dat die geskiedenis van die oudste dorp noord van die Oranjerivier te boek gestel word. Bowendien is daar nouliks 'n dorp in Suid-Afrika wat so 'n interessante en veelbewoë geskiedenis as juis Winburg het nie, 'n dorp wat twee presidente opgelewer het - M.T. Steyn en C.R. Swart.

Omdat daar oor sy geskiedenis slegs die kort oorsigtelike werkie van L.B. van der Walt, Die ontstaan en groei van Winburg bestaan, berus hierdie verhandeling hoofsaaklik op primêre bronne. Benewens die verloop van die geskiedenis, het ek op bepaalde aspekte probeer klem lê. So is, onder andere, gepoog om duidelikheid te kry oor die oorsprong van die naam Winburg asook oor die redes waarom Winburg wat aanvanklik die belangrikste dorp en distrik in die O.V.S. was, later nie na wense ontwikkel het nie, selfs in 'n toestand van ekonomiese stagnasie verval het. Ook is die behoefte aangevoel om 'n volledige lys van oorledenes wat in die konsentrasiekampkerkhof begrawe is, op te stel. Met gegewens uit die Staatsargief asook ondersoek ter plaatse, is in 'n groot mate in dié behoefte voorsien.

Omdat daar in 1958 'n M.Ed.-verhandeling oor Die Geskiedenis van die ontwikkeling van die Onderwys in die distrik Winburg deur mnr. Willem C. Els die lig gesien

het, het ek dit gerade geag om hierdie aspek nie weer hier te herhaal nie.

Die navorsing is aansienlik bemoeilik omdat belangrike gebeurtenisse nooit opgeteken is nie, terwyl baie dokumente met die tyd verlore geraak of verbrand is. So byvoorbeeld het alle eksemplare van Die Winburger, Winburg se amptelike koerantjie, verlore gegaan, alle notules van die Munisipaliteit tot 1896 is deur 'n brand verwoes, terwyl die kerkraadnotule tussen 1886 - 1904 ook verdwyn het.

Hierdie werk oor Winburg sou nie moontlik gewees het nie, as dit nie vir die hulp van 'n hele paar instansies was nie. Met groot erkentelikheid moet ek dus die volgende instansies en persone bedank: die personeel van die Staatsargief te Bloemfontein, die personeel van die N.G. Kerk-argief te Bloemfontein, die personeel van die Oorlogsmuseum te Bloemfontein, die Stadsklerk van Winburg en ook die N.G. Gemeente van Winburg vir die toestemming om van die plaaslike kerk se argief gebruik te kon maak.

My opregte dank gaan ook aan mej. E.M. Bell van Winburg en mnr. Frans de Necker, 'n voormalige onderwyser van Winburg, vir hulle hulp en vir inligting wat hulle aan my verskaf het.

Laaste, maar nie die minste nie, wil ek professor dr. J.J. Oberholster, hoof van die Departement Geskiedenis aan die Universiteit van die O.V.S. uit die diepte van my hart bedank vir al sy raad, onberekenbare hulp

(v)

en bemoediging en vir daardie liefde wat hy vir die Geskiedenis by my laat ontwikkel het.

Hierdie werk word dan opgedra aan die nagedagtenis van daardie honderde klein Winburgertjies wat tans feitlik vergete is - hulle wat in die konsentrasiekamp van Winburg gesterf het.

W.H. Venter.

Bloemfontein,

24 Augustus 1974.

H O O F S T U K I.

DIE VOORGESKIEDENIS VAN WINBURG.

Winburg, die oudste Voortrekkerdorp in die Oranje-Vry= staat, is geleë in die hart van hierdie provinsie. Die distrik, waarvan die dorp die hoofsetel is, het oorspronk= lik bykans die ganse gebied tussen die Vet- en Vaalrivier beslaan, maar dek tans nouliks 3623 vierkante kilometer. In die ooste word dit begrens deur die distrikte Cloco= lan, Marquard en Senekal; in die noorde deur Venters= burg en Virginia; in die weste deur Theunissen en Brand= fort en in die suide deur Thaba Nchu.

Dit is 'n distrik van vlaktes, rante en riviere. Op die vlaktes in die weste volg lae rante wat na die ooste steeds in hoogte toeneem totdat die distrik as't ware teen die voetheuwels van die Maluti's vasstoot. Tussen die rante deur loop drie van die bekendste Vrystaatse ri= viere - in die suide die Groot- en Klein-Vetrivier en in die noorde die Sandrivier. Voor die koms van die blanke trekkers was hierdie riviere onderskeidelik bekend as die "Tikouane," die "Kei-cop" en die "Tikoue." Talle spruite dreineer die rante na hierdie riviere. Vanuit die suide loop die Lengana-, die Leeu- en die Vaalbankspruit na die Groot-Vetrivier. Die sytakke van die Klein-Vetrivier kom veral vanuit die ooste en noorde, waarvan die Sand-, die Laai- en die Soutspruit die bekendste is. Noordwaarts na die Sandrivier vloei weer agtereenvolgens die Du Plooy-, Helpmekaar-, Klip-, Doring- en Schoemanspruit. Die Wisselende topografie maak die distrik nie slegs skilderagtig en interessant nie, maar leen hom ook tot

n verskeidenheid van boerdery.


Die geskiedenis van hierdie distrik vóór die koms van die Blanke, lê net soos dié van die ganse Oranje-Vry=staat, tot 'n groot mate in 'n waas van geheimsinnigheid gehul. Uit ou rotsskilderye, bouvalle van Bantoestat=te en onsamehangende oorleweringe, kan slegs met moeite 'n vae beeld van die bewoning van hierdie gebied deur Boesmans en Bantoestamme opgebou word.

Van die oerbewoners van hierdie gebied is weinig bekend, maar argeoloë wil dat hier reeds 40,000 jaar gelede mens=se gewoon het. Die vroegste bewoners aan die Blankes bekend, was egter die Boesman. Aanvanklik het hulle uitsluitlik geleef deur jag te maak op die wriemelende menigte van wildsbokke op die grasvlaktes. Met die koms van die Bantoe het hulle in besit van beeste gekom, maar boerdery het aan hulle vreemd gebly.

Soos in ander dele van Suid-Afrika, is die Boesman uit hul oeroue tuistes verdryf en stelselmatig uitgeroei. Gevolglik was daar met die koms van die Blanke nog net 'n paar verhongerde Boesmanstammetjies tussen die Vet- en Vaalrivier oor.

Aan die begin van die 17de eeu het die eerste Bantoe van=uit die noorde suidwaarts na die Transgariep beweeg. Aan die voerpunt van hierdie volksverhuising was die Sotho-Tswanastamme, die Fokeng en die Ghoija. Die Ghoija het die vrugbare en waterryke gebied tussen die Vet- en die Sandrivier hulle nuwe tuiste gemaak, terwyl die Fokeng verder suidwaarts na die oewers van die

Caledonrivier/...



'n Tipiese Leghoja-hut.

Caledonrivier verhuis het.¹ Mettertyd het die Ghoija met ander stamme in aanraking gekom en hierdie stamme het verskillende name vir die Ghoija gehad. So is van hulle as die "Coija," "Ma-Coija," "Leghoija" en "Leghoja" gepraat. As gevolg van die musikale uitspraak wat so kenmerkend van die Bantoe is, het "Leghoja" later meer byval gevind en is dit as die naam van die stam algemeen aanvaar.²

Die Leghoja het hul statte veral op die kliprantjies langs die riviere gebou. In die distrik Winburg is daar vandag nog oorblyfsels van talle van hierdie statte op die rante langs die Sandrivier te sien. Bekend is veral die bouvalle by Sandrivierspoort en op Doringberg in die Willem Pretorius Wildtuin. Kenmerkend van hierdie statte is veral die byekorragtige hutte wat hulle gebou het. Hierdie hutte is gewoonlik met plat sandklip of leiklip gebou. Hulle was tussen een-en-n-half en drie meter hoog met n deursnee van ongeveer twee meter. Die klippe is veral mooi netjies en stewig opmekaar gestapel en die mure was soms tot sestig sentimeter dik. n Klein openinkie van sestig sentimeter by vyf-en-veertig sentimeter het as ingang gedien en hierdie ingang is met n groot plat klip van binne toegemaak. Aldus is verhoed dat wilde diere soos leeus en tiers die hutte maklik kan binnedring.³ Teenaan die hutte was daar dikwels n beeskraal/...

-
1. James Walton, African Village, p. 26.
 2. James Walton, Early Ghoja Settlement in the Orange Free State, p. 19.
 3. Ibid., p. 5.

beeskraal en in die muur van die kraal was nog meer hutte.

Die grootte van die statte het gewissel. Gewoonlik het dit uit 'n kompleks van tien hutte bestaan, maar die komplekse by Sandrivierpoort en op Doringberg is veral groter. Die stat self is gewoonlik met 'n hoë muur, soms tot twee meter hoog omring en op dié wyse is roofdiere en vyande uitgehou. Die Leghojakrale langs die Sandrivier bied vandag nog die volmaakte voorbeeld van die byekorfhutte en die ringmure. Om hierdie rede is die kompleks op Doringberg dan ook tot 'n historiese gedenkwaardigheid verklaar.

Van die veelvuldige voorkoms van hierdie krale in die distrik van Winburg moet afgelei word dat daar op 'n tyd=stip 'n uitgebreide Leghojabevolking in die omgewing woonagtig was. Hulle het hoofsaaklik uit boerdery en die jag van wild 'n bestaan gemaak. Die veeboerdery en die jag was die taak van die mans, terwyl die verbouing van mielies die verantwoordelikheid van die vrouens was.

Die Leghoja was 'n vredeliewende volk en het in vriendskap met die Boesmans geleef. Van hulle het die Boesmans dan die klein bietjie boerdery wat hulle beoefen het, geleer. Trouens, baie van die Boesmans het later feitlik saam met die Leghoja gewoon en vermenging het plaasgevind.⁴

Tesame met die Boesmans was die Leghoja vir baie jare
die/...

4. Ibid., p. 26.

die enigste besitters en bewoners van die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier en het hulle geen besondere las van vyande ondervind nie. Weldra is hulle egter vanuit die noorde deur sterker en meer aggressiewe Bantoesamme bedreig. Aanvanklik was dit die roofsgtige en moordlustige Bapatsa en Batlokoa wat hulle bedreig het en uiteindelik is hulle in 1812 deur die sterker Batuang van Molitzane oorwin en ingelyf.⁵ Hoewel die Leghoja deur die Batuang onderwerp en by hulle ingelyf is, het hulle tog grootliks hul identiteit as volk behou. As 'n vredeliewende gemeenskap sou hulle dan ook nie Molitzane later op sy militêre togte vergesel nie.

Net soos die Leghoja het ook die Batuang tot die Tswana-groep behoort. Trouens, die Leghoja en die Batuang was aanvanklik een en dieselfde ras, want albei se volksembleem was "Tau," die Leeu. James Walton, 'n outoriteit, skryf o.a.: "It was from this chief (Tau) that the tribe took their ancient siboko, and thus became the Batuang or "Men of the Lion." Shortly after the days of Tau, another chief arose who also so distinguished himself among the men of his tribe, that after his death, they adopted his name Ghoya, or Leghoya, as their future tribal appellation, although they, at the same time, retained their ancient siboko, still considering themselves Batuang."⁶

Na die aankoms en vestiging van die Leghoja tussen die Sand- / ...

5. D.F. Ellenberger, History of the Basuto Ancient and modern, p. 53.

6. James Walton, Early Ghoya Settlement in the Orange Free State, p. 19.

Sand- en Vaalrivier het ook dié Batuang wat nog in die huidige Botswana agtergebly het, ook hulle weg na dieselfde gebied gevind. Volgens D.F. Ellenberger het hulle reeds in die sewentiende eeu die Vaalrivier oorgesteek en die gebied tussen die Vals- en die Vetrivier bewoon. Aanvanklik was die Batuang slegs een stam, maar as gevolg van onderlinge twiste sou dit in vier groepe verdeel. Al hierdie stammetjies het verspreid tussen die Vaal-, die Sand-, die Vals- en die Vetrivier gewoon, waar hulle verskillende stamme aangelê het. Die grootste Batuangstam was heelwaarskynlik Motloangstam wat tussen die Vals- en die Sandrivier geleë was.⁷ Uit bogenoemde stam, sou daar met die geboorte van Molitzane in 1788, 'n ware leier tevoorskyn tree. Hoewel hy nie 'n seun van 'n kaptein was nie, was hy 'n gebore leier en as vegter het hy reeds op jeugdige ouderdom die agting en verbeelding van sy stamgenote geniet. Die kapteinsmantel sou egter kort na sy huwelik met Mpai, die dogter van kaptein Mokhele, op hom val. Uit erkenning vir hulp wat Molitzane aan die bejaarde kaptein verleen het teen sy opstandige seuns en onderdane, is die hoofskap op hom oorgedra. Kort na sy bewindsaanvaarding het Molitzane se militêre veldtogte 'n aanvang geneem. Eers is alle opstandige Batuangse onderwerp en toe is suksesvolle veldtogte teen die Bafokeng en Bapatsa onderneem. Ook is ekspedisies teen sterker vyandige stamme onderneem en het stamme soos die Maphuthing en die Makholokoe hom ten prooi geval, terwyl hy

in/...

7. D.F. Ellenberger, Op cit., p. 58.

in 1822 ook die Bahlakoana aangeval en verslaan het. Selfs die Barolong wat telkens die Leghojastam van Gassapiane aangeval en beroof het, is deur hom verslaan en tot aan die Moloporivier teruggedryf.⁸

Dit sou egter nie altyd so voorspoedig met Molitzane gaan nie, want in 1822 het die Bantoe-uitdelgingsoorloë n aanvang geneem. Beroeringe in Natal het veroorsaak dat die Amahlubi die Batlokoa van Mantatise aangeval het. Hierdie vlugtende Batlokoa het weer op hul beurt die nabygeleë kleiner stamme aangeval en verdryf en so het dit gebeur dat die Batuang van Molitzane Motlloangthloang voor die aanstormende hordes van Mantatise moes verlaat en tydelik oorkant die Vaalrivier n heenkome moes gaan soek.

Hierdie noordwaartse vlug van Molitzane met sy bykans 25,000 volgelinge het weer op bloedige gevegte met die Bahurutse en Barolong uitgeloop. Veral die oorloë met die Barolong, wat deur die Bergenaars met hul gewere bygestaan is, het groot verwoesting onder die Batuang aangerig. Die gevolg was dat Molitzane later verplig was om weer oor die Vaalrivier terug te vlug en sy ou gebied weer in besit te neem. Gelukkig dat hy kon staatmaak op die vriendskap van die Korannas, want op hierdie tydstip was die Batuang baie verswak, verarm en uitgeput. Boonop was die Griekwas onder kaptein Koelman, ook kort op hul hakke.⁹

Molitzane/...

8. R.C. Germond, Chronicles of Basutoland, p. 167.

9. D.F. Ellenberger, Op cit., p. 169.

Molitzane se Batuang sou egter nie lank in rus en vrede in Motloangtloang met sy 1400 hutte woon nie, want in Maart 1826 moes hulle weer inderhaas oor die Vaalrivier voor die aanrukkende Matebele vlug. Hierdie vlug na Barolonggebied het weer eens op 'n bloedige geveg met die Barolong uitgeloop. Hierdie oorloë het egter ook die Barolong gerufneer en in 1833 was hulle verplig om na Thaba Nchu te verhuis.¹⁰

Nie net die Barolong nie, maar ook by die Batuang was die skrif aan die muur. Verdere aanvalle deur die Matebele het Molitzane weer oor die Vaalrivier teruggedwing. Aan die Modderrivier is die verswakte Batuang verder deur die Griekwas verslaan en uiteindelik was Molitzane verplig om na die Oranjerivier uit te wyk, waar hy die beskerming van Adam Kok geniet het. Baie van Molitzane se volgelingen het hom nou verlaat om in die kolonie te gaan werk. Uiteindelik sou Mosjwesjwe, aangemoedig deur die Franse sendelinge, hom oor Molitzane ontferm en Mequatling tot sy beskikking stel. In 1837 het Molitzane en die oorblyfsels van sy eens magtige Batuangstam na Mequatling verhuis en so word hy dan 'n onderdaan van Mosjwesjwe.¹¹

Die Matebele was seker dié Bantoe-stam wat die grootste invloed in die gebeure en geskiedenis van die Bantoevolke van die Oranje-Vrystaat uitgeoefen het. Die Matebele was eintlik 'n Zoeloe-stam wat onder leiding van

Mzilikazi/...

10. D.F. Ellenberger, Op cit., p. 393.

11. R.C. Germond, Op cit., p. 168.

Mzilikazi uit Natal weggebreek het. Hulle was 'n moord= lustige volk wat alles voor hulle vernietig en verdryf het. Hoewel hulle nooit die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier bewoon het nie, het hulle tog daardie stamme wat wel daar gewoon het, geterroriseer. Veral die verspreide Leghoja, Baramokhele en Batuang het mak= lik ten prooi van die Matebele geval. So is honderde mense gedood en ontstam en baie beeste is gebuit. Te= reg skryf Ellenberger: "These raids were all the more deplorable as there had been three years of drought, and the people were already well-nigh starving, living on roots and grass seed, and such little milk as they were able to get from their famine-stricken cattle. In this way the Lihoya, and the Baramokhele, who lived in small communities, scattered here and there, were re= duced to utter misery."¹²

Die hele gebied vanaf die Vaalrivier tot by Thaba Nchu is sporadies deur die Matebele geplunder, maar dit was nie altyd die kleiner stammetjies wat dit ontgeld het nie. 'n Aanval is selfs op die Batlokoa van Sekonyella gemaak, maar dit is gelukkig afgeslaan. Na hierdie mislukte aanval is die Basoetoe ook aangeval, maar ook hier is hulle gestuit deur die rotse wat vanaf Thaba Bosigo op hulle afgerol is. Na herhaaldelike vrugte= lose aanvalle, is die aanval afgelas en die Matebele het huiswaarts gekeer. Met hul vertrek het Mosjwesjwe
aan/...

12. D.F. Ellenberger, Op cit., p. 208.

aan hulle 'n paar vet beeste gestuur sodat hulle nie op pad hongerly nie! ¹³ Nooit sou die Matebele weer die Basoeto's aanval nie.

Die Matebele het die leefwyse en voortbestaan van die meeste Bantoestamme tussen die Vaal- en die Vetrivier versteur, maar met die koms van die Blanke is die Uitdelgingsoorloë beëindig en het die Bantoestamme, insluitende die Basoeto's, tot rus gekom.

13. D.F. Ellenberger, Op cit., p. 209.

H O O F S T U K I I .

DIE KOMS VAN DIE BLANKE.

Aan die begin van die 19de eeu het die blanke voorhoede oor die Gariep of Grootrivier begin stoot. Die weg is gebaan deur jagters, reisigers en sendelinge. Die roete wat die bekendste baanbrekers soos Heinrich Lichtenstein, William Burchell, John Campbell, George Thomson, Robert Moffat, Robert Schoon, Cornwallis Harris en andere gevolg het, het hoofsaaklik wes van die Transoranje verby geloop. Byna almal het van Colesberg oor die suidwestelike hoek van hierdie gebied na Griekwastad gereis en vandaar na Kuruman en die Magaliesberg. Terselfdertyd het Boerejagters die gebied onmiddellik noord van die Oranjerivier verken, terwyl trekboere hulle ook daar gevestig het.

Oor die reise van die jagters is nie veel bekend nie. Uit die herinneringe van ou trekboere wat in 1858 opgeneem is, moet afgelei word dat jagters in die twintiger jare slegs so ver noord as Jammerberg, d.w.s. Wepener, deurgedring het¹. Dit kan egter met n groot mate van sekerheid aanvaar word dat sommige jagters selfs tot aan die Vetrivier gaan jag het. Dit blyk onder andere daaruit dat hierdie gebied reeds aan die vroegste trekboere bekend was. Volgens J.S. van Heerden het D.S. Fourie, Gert Petrus Jacobs en Johannes van Zijl uit die distrik van Beaufort-Wes hulle aan die Modderrivier gevestig, vanwaar hulle later na Van Wijksvleitsans/...

1. G. McC. Theal, Basutoland Records, II, pp. 424 - 427.


(tans Boshof) versit het. Hierdie gebied was destyds in besit van David Danster, kaptein van die Korannas. Deur middel van 'n ruiltransaksie sou Fourie in besit gekom het van die hele gebied vanaf Paardeberg langs die Modderrivier op tot waar Doornspruit inloop. Van hier sou die grens gaan tot waar Laaispruit in die Vetrivier inloop en vandaar tot op 'n punt waar dit verenig met die Vaalrivier en daarvandaan terug oor Soutpan tot by Paardeberg².

As hierdie gegewens juis is, beteken dit dat die gebied naby die teenswoordige Winburg reeds kort na 1830 onder die veeboere bekend was. Fourie sou sy belangstelling egter net tot die gebied rondom die huidige Boshof beperk.

Terselfdertyd as die jagters en die eerste veeboere, het ook die sendelinge die Oranjerivier oorgesteek. Ook hierdie sendelinge, net soos die meeste jagters, het hulle hoofsaaklik tot die gebied wes van die Transoranje bepaal. Sendelinge soos Robert Moffat, Samuel Broadbent en James Archbell, het hoofsaaklik die Bantoesamme ten noordweste van die Vaalrivier bearbei.³

Die sendelinge wat egter die belangrikste rol in die geskiedenis en gebeure in die gebied tussen die Oranje-
en/...

-
2. P.P.S. van Heerden, Herinneringen uit den tijd der Vrijstaatsche Voortrekkers, p. 9.
 3. J. du Plessis, A History of Christian Missions in South Africa, p. 159.



T. Arbousset, F. Daumas, A narrative of an exploratory tour to the North East of the Colony of the Cape of Good Hope.

en Vaalrivier sou speel, was die Franse sendelinge, Thomas Arbousset, Eugène Casalis, Constant Gosselin en Francois Daumas.

In 1833 het eerwaarde Thomas Arbousset en eerwaarde Eugène Casalis hul sendingstasie ongeveer 39 kilometer suid van Thaba Bosigo opgerig en dit "Morijsa" genoem. Later, in 1835, het eerwaarde Samuel Rolland sy stasie, "Beersheba" op die plaas "Zevenfontein" aan die Caledonrivier aangelê, terwyl Francois Daumas die stasie "Mequatling" in 1837 naby die huidige Clocolan aangelê het.⁴ Hoewel hierdie sendelinge later die politieke raadgewers van Mosjwesjwe geword het, het hulle baie goeie werk gedoen, want nie slegs is die evangelie verkondig nie, maar die witman is as't ware aan die swartman bekend gestel, terwyl die beskawende invloed van die sendelinge ook die uitdelgingsoorloë in 'n mate aan bande gelê het.

Die belangrikheid van hierdie Franse sendelinge lê ook daarin dat hulle die grootste gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier deurreis het. Behalwe die kaarte wat hulle geteken het, het hulle ook 'n noukeurige beskrywing van hul reise, hul arbeid en die inwoners gegee. Vir die geskiedenis van Winburg is veral belangrik die reis van Thomas Arbousset en Francois Daumas in 1836.

Op 13 Maart 1836 het hulle hul sendingstasie, Morijsa, verlaat/...

4. J. du Plessis, Op cit., p. 196.

en Vaalrivier sou speel, was die Franse sendelinge, Thomas Arbousset, Eugène Casalis, Constant Gosselin en Francois Daumas.

In 1833 het eerwaarde Thomas Arbousset en eerwaarde Eugène Casalis hul sendingstasie ongeveer 39 kilometer suid van Thaba Bosigo opgerig en dit "Morijsa" genoem. Later, in 1835, het eerwaarde Samuel Rolland sy stasie, "Beersheba" op die plaas "Zevenfontein" aan die Caledonrivier aangelê, terwyl Francois Daumas die stasie "Mequatling" in 1837 naby die huidige Clocolan aangelê het.⁴ Hoewel hierdie sendelinge later die politieke raadgewers van Mosjwesjwe geword het, het hulle baie goeie werk gedoen, want nie slegs is die evangelie verkondig nie, maar die witman is as't ware aan die swartman bekend gestel, terwyl die beskawende invloed van die sendelinge ook die uitdelgingsoorloë in 'n mate aan bande gelê het.

Die belangrikheid van hierdie Franse sendelinge lê ook daarin dat hulle die grootste gebied tussen die Oranje- en die Vaalrivier deurreis het. Behalwe die kaarte wat hulle geteken het, het hulle ook 'n noukeurige beskrywing van hul reise, hul arbeid en die inwoners gegee. Vir die geskiedenis van Winburg is veral belangrik die reis van Thomas Arbousset en Francois Daumas in 1836.

Op 13 Maart 1836 het hulle hul sendingstasie, Morijsa, verlaat/...

4. J. du Plessis, Op cit., p. 196.

verlaat. Hulle het deur die Klein Caledonrivier getrek en op 14 Maart op Platberg, 'n nedersetting van Basters, naby die huidige Ladybrand, aangekom. Wesleyaanse sendelinge het hier onder die ongeveer 200 inwoners gearbei en Thomas Arbousset skryf as volg: "There the Wesleyan missionaries laboured for about twelve years, endeavoring to raise the feeble body of Africans to the rank of active and intelligent Christians. They aimed high, but with little success."⁵

Ongeveer twintig kilometer noord van Platberg het die twee sendelinge op 'n Griekwagehuggie, "Buchap," aangekom. Dit is oorspronklik gestig deur Wesleyaanse sendelinge wat met 'n klompie Griekwas van Boetsap, noordwes van die Hartsrivier, hierheen gevlug het. Van Buchap het die reis noordwaarts langs die uitlopers van die Maluti's gegaan tot by Umpukani, 'n ander Wesleyaanse sendingstasie naby die huidige Clocolan. Hier was eers waarde en mev. Jenkins werksaam.⁶

Vanaf Umpukani het die reis in 'n noordoostelike rigting na Merabing, die stat van die Mantatese van Sekonyella, gegaan. Hier is sendeling James Allison van die Wesleyaanse Genootskap aangetref. Merabing met sy ongeveer 2000 inwoners, het die Franse sendelinge gunstig beïndruk met die gevolg dat hulle besluit het om daar te vertoef/...

5. T. Arbousset, F. Daumas, A narrative of an exploratory tour to the North East of the Colony of the Cape of Good Hope, p. 8.

6. Ibid., p. 28.

vertoef en te perd ritte na die Drakensberg te onderneem.⁷

Na 'n verblyf van ongeveer 23 dae te Merabing het die sendelinge, vergesel van James Allison, hul reis hervat. Hulle koers was nou reg noord en ongeveer nege kilometer van Merabing het hulle verby die statjie, "Rabuchabane" getrek. Rabuchabane, "... built in a regular circle, upon the brow of a table hill; it is surmounted by a peak of considerable elevation, which from its peculiar shape, has been called by the missionaries the Chimney."⁸

In hierdie omgewing het hulle oorgestaan en het weer eens te perd 'n uur en 'n half reg wes na die Leghojastatjie, Racebatane, gery. Die reisigers moes nou op, of baie naby, die grens van die huidige distrik Winburg gewees het. Die statjie was geleë teen die hang van 'n heuwel wat bekend was as "Thaba-Cheu" of "Mont-Blanc" en het bestaan uit ongeveer 150 hutte met 'n bevolking van om en by die 400.⁹

Van die omgewing van Rabuchabane het die reis weer noordooswaarts gegaan en hul roete het waarskynlik oor die oostelike gedeelte van die huidige distrik Winburg geloop. Hulle betree naamlik die vrugbare gebied langs die bolope van die Sand- en Valsrivier. Heeltemal tereg/...

7. T. Arbousset, F. Daumas, Op cit., p. 71.

8. Ibid., p. 84.

9. Ibid., p. 88.

tereg skryf hulle dan ook: "As to the nature of the soil, it differs from any we had previously met with. Instead of a black mould containing a great deal of clay, one now meets with a soil which is much less stiff and firm; it is lighter and more sandy, and in many respects better adapted to tender plants."¹⁰

Hierna kom hulle op verdere Leghejastatjies soos Calassuane, Setlopo en Motlomo af. Motlomo het tussen die Sand- en Valsrivier gelê en soos Thomas Arbousset dit stel: "... we came upon a river, called by the Bechu-
anas Tikue. We crossed it eighteen or twenty miles be-
low its source, about which place there is said to be a
very good fountain."¹¹ Voorts sê hy ook dat hulle waens
en osse diep in hierdie rivierbed weggesak het en: "As
the Tikue is frequently called in the country Sand River,
I would not be surprised if this designation should ul-
timately prevail."¹²

Hierdie Franse sendelinge was die eerste Blankes wat die Leghoja van Motlomo gesien het. Uit nuuskierigheid het hulle om die waens saamedrom en deur middel van 'n tolk is die Evangelie aan hulle verkondig.

Van Motlomo aan die Sandrivier, is hulle oor die Vals-
rivier tot aan die Vaalrivier waar hulle verspreide groepe
Matebele aangetref het. Nadat hulle verskeie togte langs
die Vaalrivier onderneem het, het hulle die reis in 'n
weswaartse/...

10. Ibid., p. 93.

11. Ibid., p. 109.

12. Ibid., p. 110.

weswaartse rigting voortgesit. Uiteindelik het hulle die Renosterrivier oorgetrek en was hulle nou voorwaar in Leghojaland, want oral het hulle op klein nedersettings soos Malibaning, Kokuatsi, Sisiyue, Moghotli, Monchunyane en Chupane afgekom. Ten opsigte van laasgenoemde drie skryf Thomas Arbousset as volg: "... three villages of Lighoyas, who but a short time ago were cannibals, as were also the inhabitants of Sisyue. The extreme wretchedness and frightful manners of the inhabitants of the place, forced themselves on our attention, but notwithstanding their ferocity, they fled at our approach."¹³

Gelukkig kon die sendelinge tog daarin slaag om een van hierdie wilde Leghojas in die hande te kry en uit sy verbaasde uitroep was dit duidelik dat hierdie sendelinge die eerste Blankes was wat hierdie Leghojas ooit gesien het.

Die sendelinge het nou besluit om suidwaarts na Morija terug te keer en het oor die Valsrivier getrek. Van die dierelewe en plantegroei aan hierdie rivier gee hulle n baie interessante beskrywing: "As for the Enta (die Valsrivier) the upper sources of which we had crossed beyond Motlomo, it is at this place about twenty feet wide, and flows gently towards the west, away to the Yellow River (Vaalrivier) of which it is one of the most lovely tributaries. Thick mimosas shades its banks, along with willows of considerable height, and wild olive trees, etc. Many hyppopotami frequent its waters/...

13. Ibid., p. 196.

waters, which are generally deep, and consequently preferred by the amphibia."¹⁴

Op 27 April 1836 het hulle die Leghojastatjie, Motloang, bereik, waar hulle hartlik deur Mapika, die kaptein, verwelkom is. Dieselfde dag is hulle nog verder na Entikoa, die hoofstat van die Leghoja. Nou was hulle inderwaarheid binne die huidige distrik Winburg en wel in die oostelike hoek van die Willem Pretorius Wildtuin. Hulle was trouens, op een van die mees historiese terreine in die distrik. Entikoa was die hoofstat van die Leghoja waar die bekende Makwana gewoon het van wie die Voortrekkerleier, Andries Hendrik Potgieter, die ganse noordelike Vrystaat sou ruil. Dit was geleë aan een van die bolope van die Sandrivier, oos van "Mt. Mopororo," tans bekend as Doringberg.

Interessant is die beskrywing wat die sendelinge van die stat gee: "We went then to examine the valley at the top of which stood the town. One might have imagined that he saw a group of sixty or eighty soldiers' barracks, built in a circle, on an artificial terrace. We found also an extensive piece of excellent land, black and sandy, where a number of plantations of millet and of maize, as also of sweet reeds, rose to the height of upwards of seven feet. It is watered by a considerable stream of good water, called also Entikoa."¹⁵

Uit/...

14. Ibid., p. 204.

15. Ibid., p. 209.

Uit bogenoemde kan ons dus 'n duidelike beeld van die ligging van die stat en ook van die landbou en besproeiingsmetode wat toegepas is, kry. Hierdie stat met sy byekorfhutte het goed bewaar gebly en is tot 'n historiese monument verklaar.

Uit die beskrywing wat hulle van Makwana gegee het, kry ons ook 'n kykie in die karakter van hierdie onbekende man van wie Andries Hendrik Potgieter die noordelike deel van die Vrystaat gekoop het. Van hom sê Thomas Arbousset: "I cannot tell what it was that pleased me so much with this man; perhaps it was his affable and smiling air, the sweetness of his eyes and his voice, his open forehead, his mien, ordinary it is true, but for all that pleasing; also a tendency to corpulency, with a handsome person, and at an age when a man is most agreeable, - namely, about forty-five."¹⁶ Hulle sê egter verder van hom: "This good man is rich in land, but is poor both in goods and in talents, and consequently he is ill obeyed being indeed known, as they say, by his misfortunes alone."¹⁷

Uit die gesprek wat die sendelinge met Makwana gevoer het, kan ons ook aflei dat hy 'n man van vrede was en dat hy baie begerig was dat 'n sendingstasie by sy stat opgerig moes word. Aan die sendelinge het hy ook sy droewige verhaal vertel. Uit sy verhaal blyk dit dat dit eers die Barolong, toe die Matebele en daarna die Korannas/...

16. Ibid., p. 210.

17. Ibid., p. 210.

Korannas was wat sy volk so geterroriseer en in armoede gedompel het. Hierdie veglustige stamme het nie slegs sy mense uitgedelg nie, maar baie kinders is ook weggevoer en aan smouse as slawe verkoop. Dit blyk ook daaruit dat aan hierdie toestand niks gedoen kan word nie en alhoewel Makwana nog ongeveer 12,000 onderdane onder hom het, hulle te verspreid gewoon het en dat die ondergeskikte kapteins nie altyd lojaal teenoor hom was nie.¹⁸

Vanaf Entikoa en die ander kleiner statjies aan die Doringberg, is die sendelinge terug na Morija. Hierdie terugreis het deur die westelike deel van die distrik Winburg gegaan. Nadat die sendelinge nog kleiner Leghojastatjies soos Tlogatlogo aan die noordweste kant van die Doringberg besoek het, het hulle 'n suidelike koers ingeslaan. Hierdie koers moes hulle baie naby aan die lokaliteit van die huidige Winburg gebring het, aangesien hulle die Klein-Vetrivier naby sy samevloeiing met die Grootvetrivier oorgesteek het. Van die Klein-Vetrivier skryf Thomas Arbousset: "This river, at the place we crossed it was about thirty five or forty feet in breadth, and was more shaded than any that we had seen on this side of the Orange River. Willows, in particular, abound there as well as the wild olive tree, and the black thorn. This part of the country is much frequented by traveling boers from the Cape, who finding excellent herbage, deserted by the natives through their/...

18. Ibid., p. 211.

their dread of Korannas, have there freely pitched their tents, and have even built a good many stone enclosures for their herds."¹⁹

Uit bogenoemde beskrywing van die natuur kan ons n duidelike denkbeeld van die vrugbaarheid van die omgewing naby Winburg vorm en dis vandag vir ons ook baie duidelik hoekom die Trekkers die Kei-cop na die "Vetrivier" herdoop het. Die "travelling boers from the Cape" van wie Thomas Arbousset melding maak, was waarskynlik lede van die Potgietertrek.

Waarskynlik het die sendelinge die groot-Vetrivier naby die plaas, Rooipoort, oorgesteek en veral die groot trope kwaggas, wildebeeste en kleiner boksoorte het hul verbeelding aangegryp. Van die topografie sê hulle: "The plains on which such a variety of animals graze are divided by little lakes of fresh water, and are covered with marsh, reeds and bulrushes."²⁰

Behalwe vir twee kleiner Boesmankrale, het hulle voorts op n stat, Ralitabane, afgekóm. Hierdie nedersetting het bestaan uit n aantal Boesmans en Leghojas en hierdie stat, "... on the declivity of a high mountain,"²¹ was waarskynlik geleë op Spioenkop. Hiervandaan is die sendelinge verder suidwaarts tót by die Leghojastat, Koba. Hierdie statjie was moontlik op Roelofsberg, want die sendelinge beskryf die ligging van die stat as/...

19. Ibid., p. 227.

20. Ibid., p. 227.

21. Ibid., p. 227.

as volg: "The village is situated on the top of a great mountain which serves as a rampart, at the foot of which runs from east to west a stream tributary to the Modder,"²²

Vanaf Koba is die sendelinge waarskynlik oor Houtnek na Thaba Nchu en daarvandaan na Morija waar hulle weer veilig op 11 Mei 1836 gearriveer het.

Die volgende Blankes wat waarskynlik hul weg oor hierdie distrik gebaan het, was die trekpartye van Lang Hans van Rensburg en Louis Tregardt. Louis Tregardt het in 1835 die kolonie verlaat en waarskynlik naby die huidige Bethulie deur die Oranjerivier getrek. Daarna, vroeg in 1836, staan hy n ruk aan die Caledonrivier. Saam met sy trek, maar tog ook afsonderlik daarvan, reis die trek van Johannes Jacobus Janse van Rensburg. Volgens W.J. de Kock het Lang Hans van Rensburg reeds in 1830 na Sevenfontein aan die Caledonrivier, waar die Paryse sendinggenootskap in 1835 Beersheba gestig het, getrek.²³

Hy sou egter eers na die Sesde Grensoorlog die kolonie vir goed verlaat en hom by die trekgeselskap van Louis Tregardt aansluit.

Ongelukkig vermeld Tregardt geen besonderhede oor die trek deur Transoranje in sy dagboek nie. As egter in aanmerking geneem word dat die trekke by die huidige

Robertsdrif/...

22. Ibid., p. 229.

23. W.J. de Kock, Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, p. 872.

Robertsdrif, net onderkant die samevloeiing van die Vaal- en die Kliprivier, die Transvaal binnegetrek het, moes hulle deur die oostelike deel van Winburg getrek het.

Intussen het die Groot Trek in volle beweging gekom en kort na Louis Tregardt en Lang Hans van Rensburg, het 'n geselskap onder Andries Hendrik Potgieter die kolonie verlaat. Ander families soos die Krugers, Liebenbergs, Steyns en Bothas het by hom aangesluit en teen die tyd dat die trek die Oranjerivier bereik het, het die geselskap uit 'n aansienlike aantal waens bestaan. In Febr. 1836 is die trek by Winterhoekdrif, naby die huidige Bethulie en net onderkant die samevloeiing van die Caledon- en Oranjerivier, die Oranjerivier deur.

Naby die huidige Smithfield het nog 'n aantal Trekkers onder Sarel Cilliers by Andries Potgieter aangesluit. Vanaf Boesmansberg, naby Smithfield, is die Potgieter-trek iewers tussen Thaba Nchu en Bloemfontein deur tot aan die Sandrivier ten suidweste van die huidige Theunissen.²⁴ Navorsing van wyle professor C.J. Uys het aan die lig gebring dat die Potgieter-trek waarskynlik op die plaas "Rietfontein," naby Theunissen, gestaan het.²⁵ Hier het die geselskap 'n geruime tyd vertoef en met die oog op weiding vir die groot troppe vee, het die trek-geselskap oor die grootste deel van die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier verspreid geraak.

Terwyl/...

24. Ibid., p. 665.

25. The Friend, 13 June 1956.

Terwyl Potgieter se trekgeselskap op Rietfontein ver=toef het, het hy in Mei 1836 met n kommissie van elf man vertrek om die binneland te verken en om met Lang Hans van Rensburg en Louis Tregardt in aanraking te kom. Van=af die Sandrivier het die kommissie effens noordoos ge=trek, die Vaalrivier ten ooste van Viljoensdrif oorge=steek en daarna op die waspore van Louis Tregardt en Lang Hans van Rensburg tot aan die Soutpansberg gereis.²⁶

Terwyl Andries Hendrik Potgieter weg was, is verskeie Trekkers soos die Liebenbergs en Erasmusse deur die Matebele aangeval. Baie Potgieter-mense het nou na Thaba Nchu teruggetrek en na die Slag van Vegkop in Oktober 1836 is die hele gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier tydelik deur die Trekkers ontruim. Tot dus=ver het Winburg nog buite die besettingsfeer van die Voortrekkers gelê, maar na die suksesvolle ekspedisie van Andries Potgieter en Gert Maritz teen Mzilikazi in Januarie 1837, het die trekgeselskappe van Thaba Nchu weer noordwaarts versit.²⁷

Andries Hendrik Potgieter was die eerste om te beweeg. Vanaf Thaba Nchu het die roete oor Houtnek gegaan. By Houtnek het daar onenigheid oor die roete na die Vet=rivier tussen Gert Maritz en Andries H. Potgieter ont=staan. Hierdie misverstand het tot die volgende in=skrywing in Erasmus Smit se dagboek op 8 Mei 1837

gelei/...

26. P.J. vd. Merwe, Nog verder Noord, p. 39.

27. C. Potgieter, N.H. Theunissen, Kommandant-Generaal Hendrik Potgieter, p. 69.

gelei: "In de namiddag vertrek't leger der Potgieters in hun weg, die zij voor zich verkozen te reizen."²⁸ Ongelukkig het eerwaarde Erasmus Smit nie hierdie roete vermeld nie. Waarskynlik is Andries Potgieter wes van Verkeerdevlei, via Roelofsberg en Spioenkop na die Groot-Vetrivier en vermoedelik oor die plaas, Rooipoort, langs die Groot-Vetrivier op na Coensdrif waar hy oor die Vetrivier getrek het.

Ongeveer middel 1837 het hy en sy volgelinge hulle aan die Laaispruit, 'n sytakke van die Klein-Vetrivier, op die plase Waaifontein, Doringspruit en Rietfontein gelaer. Vir die volgende agtien maande sou hierdie plase die middelpunt van sy trek wees en hoewel daar nie juis 'n dorpie amptelik gestig is nie, is daar tog 'n paar huise gebou.²⁹ Eers nadat Andries Potgieter die grond in 1838 van Makwana gekoop het, sou tot die werklike stigting van Winburg op die plaas Waaifontein, oorgegaan word.

Op Andries Potgieter se spoor het die trek van Gert Maritz gevolg. Hy is by Sanddrif deur die Oranjerivier, naby Smithfield verby, en toe na Thaba Nchu waar hy op 19 November 1836 aangekom het.³⁰ Hier het Gert Maritz die laer van Andries Potgieter aangetref wat na die Slag van Vegkop met behulp van die Barolong teruggeval het. In April 1837, nadat Gert Maritz en Andries Potgieter vir Mzilikazi by Mosega verslaan het, versit ook Gert
Maritz/...

28. G.S. Preller, Voortrekkermense Deel II, p. 96.

29. C. Potgieter, N.H. Theunissen, Op cit., p. 75.

30. G.S. Preller, Op cit., p.62.

Maritz se trekgeselskap na die Vetrivier. Die roete wat Gert Maritz vanaf Thaba Nchu na die Vetrivier gevolg het, is maklik aan die hand van eerwaarde Erasmus Smit se dagboek bepaalbaar.

Gert Maritz se roete het vanaf Thaba Nchu oor Houtnek gegaan. Hiervandaan het die trek oos van die huidige Verkeerdevlei, wes van Roelofsberg en Spijkenkop en toe oor die latere plase, "Welkom" of "Pleasant View," na die Groot-Vetrivier gegaan. Op die teenswoordige plaas, "Roopoot," is hulle oor die Groot-Vetrivier en uiteindelik oor die Klein-Vetrivier.

Teen April 1837 het die Voortrekkers min of meer op 'n streep gestaan vanaf die boloop van die Modderrivier oor die boloop van die Vetrivier na Sandrivier toe, met die oorgrote meerderheid egter aan die Vetrivier.³¹

In April 1837 versit ook Piet Retief na die Vetrivier. Volgens eerwaarde Erasmus Smit is die Retief-trekgeselskap ook vanaf Thaba Nchu oor Houtnek en verby Verkeerdevlei na die Vetrivier. Hy het waarskynlik dieselfde roete as Gert Maritz gevolg en op 15 Mei is hy deur die Vetrivier en kom hy in aanraking met die trek van Gert Maritz. Volgens Erasmus Smit se inskrywing in sy Dagboek het hulle op 3 Junie 1837, "... aan die noordzijde der spruit Vetrivier, waar 't leger van de Goewerneur nu ook gelegen is," uitgespan.³² Hierdie staanplek was waarskynlik op die huidige plaas, "Mount Pleasant" ten noorde/...

31. H.B. Thom, Die lewe van Gert Maritz, p. 143.

32. G.S. Preller, Op cit., p. 100.

noorde van die Groot-Vetrivier. Dis dan hier waar die eerste Voortrekkergrondwet (die sogenaamde Vetrivier-resolusie bestaande uit 9 artikels) aangeneem is en waar Piet Retief en ander amptenare hulle ampseed op 6 Junie 1837 afgelê het.

Op Dinsdag, 6 Junie 1837, is die Trekkers met klokgelui om nege-uur in die oggend na die tent van Piet Retief geroep. Na 'n kort openingswoord deur die Goewerneur en 'n gebed deur Erasmus Smit, het J. Scholtz wat as sekretaris opgetree het, die Artikels voorgelêes. Na 'n kort bespreking is die Artikels met eenstemmigheid aanvaar.

Na die lees van die Artikels is op dieselfde vergadering en plek die verskillende ampsdraers ingesweer. Dit was seker die plegtigste van daardie geskiedkundige byeenkoms. Eers is Piet Retief deur Gert Maritz ingesweer en toe het hy die volgende ampseed afgelê: "Ik, Piet Retief, door den volkstem gekozen tot hun Gouverneur en Opperhoofd der Algemeen Vereenigd Leger, zweer plechtig voor God Almagtig, dezen Volkschaar te zullen regeeren tot hun algemeen nut en tot Gods eer, in zo verre als mijn ambt als Gouverneur zal vorderen, om regt en geregtigheid te handhaven."³³ Na hierdie plegtigheid het Gert Maritz, die lede van die Raad, Erasmus Smit, die Vrederegters en die volk onderskeidelik 'n eed afgelê. Op Sondag, 11 Junie 1837, het Piet Retief by die kerkdiens 'n eed afgelê waarvolgens hy belowe het: "... dat ik/...

33. H.B. Thom, Op cit., p. 153.

ik in mijn Goevernement geen Beambte zal toelaten in de Kerkelike en Burgerlike Regering, als die lidmaten zijn der voormelde Gereformeerde Kerk en van hunne goede getuigschriften voorzien zijn."³⁴

Terwyl die Trekkers in die omgewing van Winburg was, is verdere belangrike reëlings getref. Eerstens is die be=trekkinge tussen die Voortrekkers en nabygeleë inboorling=stamme gereël en die beleid wat gevolg is, was om rus en vrede deur billike, maar ferme optrede te bewerkstellig. Hierdie beleid was die fondament van 'n bewuste naturelle-beleid wat die Voortrekkers later sou volg en toepas. In ooreenstemming hiermee het Piet Retief met Moroka, Towane, Sekonyella en Mosjwesjwe in verbinding getree en ooreenkomste van vrede en vriendskap gesluit. Selfs Mzilikazi is, onder sekere voorwaardes, die keuse gestel of hy vriend of vyand van die Trekkers wou wees, maar van hom is geen antwoord ontvang nie.³⁵

Tweedens was daar die kwessie oor die politieke status van die Trekkergemeenskap. Ook in die omgewing van Winburg, en wel te "Grood Valley, tusschen Sand- en Valsrivier," is die eerste poging aangewend om die politieke status van die Trekkers teenoor die buitewêreld vas te stel. Hulle was nou reeds 'n geruime tyd buite die grense van die Kaapkolonie, hulle het hul onderdaanskap aan Engeland afgewerp en voorts het hulle
reeds/...

34. G.S. Preller, Op cit., p. 106.

35. H.B. Thom, Op cit., p. 154.

reeds hul eie bestuur in die lewe geroep. Gevolglik was hulle nou gretig om hul staatkundige onafhanklikheid deur die Engelse owerheid erken te kry. Daarom het Piet Retief en Gert Maritz in hul amptelike hoedanighede op 21 Julie 1837 'n brief aan sir Benjamin D'Urban gerig waarin hulle hul hand van vriendskap aan Engeland wil reik, maar voorts verlang hulle om: "... als een vrye en onafhanklik volk willen erkend worden." ³⁶

Dit was egter nie net op staatkundige gebied dat die Groot Trek sy beslag in die omgewing van Winburg gekry het nie. Ook op kerklike gebied is die Trek georden. 'n Groot leemte wat op godsdienstige en kerklike gebied gevoel is, was die feit dat daar onder die Voortrekkers nie 'n opgeleide en geordende predikant aanwesig was nie. Die enigste een wat moontlik aan die vereistes van leraar kon voldoen, was eerwaarde Erasmus Smit wat saam met Gert Maritz getrek het. Vir baie Voortrekkers was Erasmus Smit egter nie aanvaarbaar nie, maar Piet Retief en seker die grootste gedeelte van die Voortrekkers, het die waarde van Erasmus Smit besef, want hy was die enigste geestelike wat bereid was om die Trek mee te maak en voorts was dit hy wat die gereelde kerkdienste gehou het. Gevolglik is hy tot die eerste predikant van die Voortrekkers verkies. Op 21 Mei 1837 is hy georden en bevestig. Dit moes ongeveer op die plaas, Welkom, net suid van die Klein-Vetrivier plaasgevind het. ³⁷

Op/...

36. Ibid., p. 156.

37. G.S. Preller, Op cit., p. 98.

Op die 8ste Junie het die trek van Piet Retief weer verder langs die Vetrivier beweeg en op 10 Junie is hulle waarskynlik by Coensdrif deur die Vetrivier. Deurdat die Trekkers op hierdie tydstip nog nie 'n definitiewe keuse tussen Natal en Transvaal as eindbestemming gemaak het nie, het die trekroete aanvanklik eers noordwaarts gegaan. Die waarskynlike roete wat vanaf Coensdrif gevolg is, het oor die plaas Kareefontein gegaan en vandaar oor die plaas Schoemanskop in die rigting van die Doringrivier.³⁸ Vermoedelik is hulle op die plaas, Richelieu, by die Klipplaatdrif deur hierdie rivier en vandaar na die Sandrivier. In die omgewing van Vermeulenskraal naby Virginia, het daar onenigheid oor die trekrigting ontstaan. Die trek van Piet Retief het toe besluit om Natal toe te trek en gevolglik is ooswaarts geswaai. Hierdie roete het van die Sandrivier gegaan, by die Halwemaansberge (Doringberg) verby, deur die Riet-spruit en oor die huidige Senekal. Vanaf die uitspanning by Senekal is die trek verder ooswaarts by die "Tafelkoppige Bergen" (Guarriekop, Biddulphsberg en Suringkrans) verby na die huidige Paul Roux en daarvan dan verder na Natal.³⁹

Teen Oktober 1837 was die grootste meerderheid Trekkers uit die omgewing van Winburg en slegs enkele Trekkers het besluit om hulle tussen die Vet- en Vaalrivier metterwoon te vestig. Dit was egter nog nie die wetlike eiendom/...

38. Ibid., p. 115.

39. Ibid., pp. 116, 119, 123, 124, 125, 129.

eiendom van hierdie Trekkers nie en baie sou nog moes gebeur voordat Winburg en omgewing die eiendom van n groot aantal Trekkers sou word.

Nadat die Trekkers die omgewing van Winburg verlaat het, het Andries Potgieter en Gert Maritz verder noordwaarts getrek en n verdere veldtog teen Mzilikazi onderneem. Na afloop van hierdie suksesvolle veldtog het ook Gert Maritz na Natal getrek, terwyl Andries Potgieter wes van die Drakensberg agtergebly het. Na die moord op Piet Retief het Andries Potgieter ook na Natal gegaan, maar na die die Slag van Italeni het hy na Winburg teruggekeer. Dit is toe dat hy die noordelike Vrystaat van Makwana gekoop het.

In n brief aan sir Harry Smith skryf hy op 15 Mei 1848 as volg: "... zo neem ik de vreyheijd mij gevoelens aanspraak op het grond welk eertyds behoorde aan de Op=perhoofd Makwana en door mij en eenig andere mijner medemenschen van gemelde Makwana op den 13 Juny 1838 wettig is gekogt voor negen en veertig koeyen en langs de bovenste wagenweg van Doornkop naar Porte Natal tot aan de Wilgerspruit, uitgezonderd zijne woonplaas het=welk dadelijk in het jaar 1838 bekend is gesteld aan den destijds Gouverneur Sir George Napier, en daarna, zoo ik vernoomen heeft, dat er door Zijne Excellentie de Gouverneur Perregrien Meijdland een Commissie ofte een perzoon namentlijk de heer Gideon Joubert om den zaak aangaande de wettigheijd dier koop te onderzoeken, en

200/...

zoo ik mij niet misgist is het wettig bevonden."⁴⁰

In Voortrekker-Argiefstukke verskyn ook die volgende:⁴¹

Den 13 Juny 1838.

Den leys van de beesten voor de velt aan de Kappeteyn
Mokwana:

| | |
|-------------------------|------------|
| Gert J. Kruger | 2 beesten. |
| Kasper Izak Kruger | 1 bees. |
| Tunsnis Kruger | 1 bees. |
| Stevanis Kruger de oude | 1 bees. |
| Stevanis S. Kruger | 1 bees. |
| Welm Venter | 1 bees. |
| De Wedewe Growwelaar | 1 bees. |
| Hans Growwelaar | 1 bees. |
| Andries de Plessies | 1 bees. |
| Hans Klopper | 1 bees. |
| Lcu Erasmis | 1 bees. |
| Daniel Erasmis | 1 bees. |
| De Wedewe Jacopsen | 1 bees. |
| Abraham Pelser | 1 bees. |
| Hendrik van Naswegen | 1 bees. |
| Hans van Naswegen | 1 bees. |
| Alwert Venter | 1 bees. |
| Maarten Koetse | 1 bees. |

Uit bogenoemde dokumente kan ons gevolglik aflei dat

Andries/...

40. H.S. Pretorius, D.W. Kruger, Voortrekker-Argief=
stukke 1829 - 1849, p. 317.

41. Ibid., p. 26.

Andries Potgieter 49 beeste aan Makwana betaal het en dat agtien Trekkers mede-eienaars van die gebied geword het deurdat hulle 19 beeste bygedra het. Waarskynlik het Andries Potgieter persoonlik dertig beeste tot die koop=som bygedra. Met hierdie koopkontrak het die Blankes nou mede-eienaars en bewoners van die pragtige landstreek met sy groot troppe wild geword.

Vir baie mense is dit miskien onverstaanbaar dat Makwana sy grond vir 'n appel en 'n ei verkwansel het. Maar uit die beskrywing van die Franse sendelinge wat hom besoek het, is dit egter heeltemal duidelik en verstaanbaar hoe=kom hy dit gedoen het. Makwana was 'n goeie en vrede=liewende man, maar ongelukkig was hy nie slim en sterk genoeg om sy onderdane, onderkapteins en vyande uit te oorlê en te beveg nie. Hy en sy stam het totaal verarm en hy was moeg vir die onderlinge twiste en oorloë met die Matebele en Korannas en toe Andries Hendrik Potgieter in 1838 vanaf Natal teruggekom het, het hy sy kans gesien om van hierdie haglike toestand verlos te word. In Andries Potgieter, die man wat met die gedugte Mzilikazi afge=reken het, het hy sy verlosser en beskermheer gesien.

Na die transaksie sou daar weldra tot die stigting van die eerste Voortrekkerdorp, Winburg, oorgegaan word. Uit die oogpunt van die Groot Trek gesien, is Winburg een van die gedenkwaardigste uitspanplekke op die pad van die Groot Trek, want in sy omgewing is die staatkundige en kerklike reëlins vir die Trek vasgelê. Nooit weer was soveel Trekkers naby mekaar nie en dit is dus heel logies en geregverdig dat Winburg met 'n Voortrekkermonu=ment vereer moes word.

H O O F S T U K I I I .

DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN WINBURG TOT 1848.

Terwyl die hoofgroep Voortrekkers oor die Drakensberg Natal binnegetrek het, het 'n aansienlike getal Voortrekkers en Trekkers wes van die Drakensberg op die hoëveld gebly. Hulle het die uitgestrekte gebiede tussen die Oranje- en die Vaalrivier en die Vaal- en die Limpopo-rivier ylweg beset. Hulle getalle is voortdurend aangevul deur Trekkers uit die Kaapkolonie en Voortrekkers wat uit Natal na die groot moorde aan die begin van 1838 teruggekeer het. Ook Andries Hendrik Potgieter het hom na die Slag van Italeni voorlopig rondom Winburg kom vestig en soos reeds gesê, die gebied tussen die Vet- en die Vaalrivier van Makwana gekoop. Die grond noord van die Vaalrivier het ook oopgelê nadat Mzilikazi tot oor die Limpopo gejaag is.

Omdat Andries Potgieter egter buite die Britse invloed-sfeer, soos deur die "Cape of Good Hope Punishment Act" bepaal, wou gaan woon, het hy teen die einde van 1838 na die Mooirivier versit, waar Potchefstroom aangelê is. Van hier het hy bevel gevoer oor wat genoem kan word die Winburg-Mooirivier-republiek, 'n gebied wat van die Vetrivier tot aan die Magaliesberg gestrek het. Nominiaal het hy hierdie sogenaamde republiek deur 'n "Volksraad" bestuur, maar in werklikheid het die grootste mag in sy hande berus.

Na die Slag van Bloedrivier en die totstandkoming van
die/...

die Republiek van Natalia, is n ernstige poging aangewend om al die Trekkers in die binneland in n verenigde "maatskappy" saam te snoer. Dit skyn dan ook asof die Volksraad van Natalia die Trekkers onmiddellik "over de Berg" in die Winburgstreek as onderdeel, as n distrik van die Republiek beskou het, want op 7 September 1839 besluit die Raad: "Om aan de andere zijde van den Draakenberg den heer Jacob de Klerk als Landdrost aante= stellen en zijn aanstelling en instructie toe te zenden en zes heemraden te kiezen met de Commandants en Veld= cornets." ¹

Jacob de Klerk het nie in die onmiddellike omgewing van die latere Winburg gewoon nie, maar wel enige dagreise van die Drakensberg en moes later na Potchefstroom ver= huis het waar hy sy werk as landdros voortgesit het. Op 16 November word Jan Vermeulen dus as waarnemende land= dros in die plek van Jacob de Klerk aangestel. Jan Vermeulen is ook tot "provisionele" kommandant benoem terwyl A.C. Greyling, J.A. du Plessis, L. Botha en J. vd. Westhuizen as sy heemrade sou optree. As veld= kornette is aangestel: "Voor de Bove gedeelte van Santrivier, de heeren L. Erasmus en Jan Schutte." ²

Met die aanstelling van Jan Vermeulen tot waarnemende landdros, was daar nog geen vaste setel van die landdros of n drosdy nie, want daar word slegs in die notule ge= sê dat die Hof van Landdros en Heemrade "bestaat aan
de/...

-
1. Gustav S. Preller, Voortrekker Wetgewing Notule van die Natalse Volksraad 1839 - 1845, p. 11.
 2. Ibid., p. 83.

de Santrivier." ³ Dit is eers op 24 September 1841 dat die inwoners van Vetrivier 'n versoekskrif aan die Volksraad van die Republiek van Natalia rig waarin hulle vra, "dat aan hun mag worden vergund op de plaats van Fk. de Beer genaamd Waagfontein een drosdy op te richten en de nodige ambtenaren daar toe aantestellen."⁴ Die Volksraad het dan ook hierdie versoek goedgunstiglik toegestaan en aan A.W.J. Pretorius opdrag gegee om op sy reis na hierdie streke met die ingesetenes oor een te kom t.o.v. die keuse van die plek, die grense van die distrik, die benoeming van amptenare en die billike vergoeding aan F. de Beer. Die Volksraad het egter ook die ingesetenes laat verstaan, "dat zij met betrekking tot geldelijke assistentie vooreerst van hier geen grote ondersteuning kunnen verwagten daar de staat van onze kast en de inkomsten van het land zulks als nog niet wild toe laten."⁵ Kort daarna is ook reëlings getref i.v.m. die inspeksie en toekenning van plase aan die Vet- en Sandrivier. Die beginsel waarvan daar uitgegaan is, is dat vir selfbeskerming, die land so dig as moontlik "bewoon moes word en daarom moes slegs één plaats aan elk huishoudende persoon zal worden toegekend."⁶ Oor die werklike ontstaan van Winburg is egter baie min bekend, maar dit moet aanvaar word dat in hierdie stadium die onderlinge stryd wat daar in die gemeenskap geheers/...

3. Ibid., p. 83.

4. Ibid., p. 83.

5. Ibid., p. 151.

6. Ibid., p. 155.

geheers het oor die beste lokaliteit vir 'n dorp nou uitgewoed was en dat op Waayfontein besluit is. Dat daar wel so 'n stryd was, blyk uit naversing deur die vroeëre Vrystaatse Argivaris, mnr. L.B. vd. Walt. Volgens hom was daar in der waarheid 'n driehoekstryd oor die beste standplaas.

Die eerste twis was dié tussen die Wesselse wat ten gunste van Waayfontein was en die Therons wat die drosdy graag op Theronskoppe wou hê. Waayfontein was geleë aan die Laaispruit en was die eertydse standplaas van Andries Potgieter en het later in besit van Jacobus Frederik de Beer gekom. Op hierdie plaas was daar twee sterk fonteine, terwyl die ligging tussen die rante 'n bepaalde skilderagtigheid aan die omgewing verleen het. Uit 'n militêre oogpunt was die ligging egter nie baie goed nie, want vyande kon maklik die inwoners verras. Theronskoppe daarenteen, is ongeveer 26 kilometer noordwes van Winburg geleë en was die eiendom van die Therons. Theronskop maak vandag deel uit van die distrik Theunissen en is geleë op die hoofspoorlyn tussen Theunissen en Virginia.

In die tweede plek was daar selfs tussen die voorstanders van die plaas Waayfontein verskil van mening oor die spesifieke plek waar die dorp aangelê moes word. Op Waayfontein was daar twee sterk fonteine. Die een is die fontein waarna die plaas vernoem is en wat volgens oorlewering by die brug op die pad na die stasie geleë is, en "Mompeling," net buite die huidige dorp op die teenswoordige Theunissen-pad. Laasgenoemde sou afgelei

wees/...

wees van òf die geluid wat die water by die uitborreling maak, òf die feit dat die voorstanders van hierdie plek baie gemompel het omdat die dorp nie daar aangelê is nie.

Die voorstanders van Waayfontein het uiteindelik die stryd gewen en die dorp "Wenburg" of "Winburg" genoem omdat hulle die stryd gewen het. Hierdie teorie of oorlewering word gestaaf deur 'n artikel in The Friend of the Free State van 13 Julie 1860. Daarvolgens, "Winburg derives its name from the circumstance that a dispute or rather a difference, arose between the sections of the early immigrants from the Cape Colony as to the most eligible site for a village. The party who advocated the present site won the day and baptised the town Winburg."⁷

Na die verskyning van hierdie artikel het 'n sekere mnr. I. Dyason verdere mededelings gemaak wat die ontstaan van die dorp en sy naam soos hierbo uiteen gesit, staaf. In 'n brief aan The Friend of the Free State skryf hy op 21 Sept. 1860 soos volg: "It is not necessary to dwell upon the origin of the name, the site, or the general features of Winburg, nor the doings of its inhabitants in its early days, as these have been so well described by you."⁸ Mnr. I. Dyason se getuienis het besondere betekenis, want hy het in 1848 saam met magistraat Biduldulph na Winburg gekom, waar hy op die Landkommissie gedien/...

7. The Friend of the Free State, 13 Julie 1860.

8. Ibid., 21 Sept. 1860.

gedien het wat die plase in die distrik moes inspekteer en die grense daarvan vasstel. L.B. vd. Walt skryf voorts: "Op hierdie Kommissie sowel as op ander tye het hy (I. Dyason) met J. Frederik de Beer, die oorspronklike eienaar en met ander stigters van die dorp in aanraking gekom. Selfs in 1860 toe die artikel in die koerant verskyn het, was baie van die stigters nog in lewe, maar niemand het in die koerant geskrywe dat die afleiding van die naam verkeerd was nie, hoewel sommige van hulle wel oor ander onderwerpe geskrywe het."⁹

Nogtans het die afleiding van die geskiedskrywer, Theal, dat die dorp sy naam gekry het na afloop van die suksesvolle veldtog teen die Matebele en dat ter ere aan daardie oorwinning die dorp toe Winburg genoem is,¹⁰ bly steek. Hierdie foutiewe bewering is deur talle historici net so aanvaar en in talle geskiedenisboeke, selfs moderne skoolboeke, herhaal.

Vir die verlies van sy plaas het J.F. de Beer 2000 riksdallders asook die plaas "Rietfontein" ontvang. Of A.W.J. Pretorius nou wel ooreenkomstig die besluit van die Natalse Volksraad n hand in al hierdie reëlings gehad het, is nie duidelik nie. Volgens L.B. vd. Walt was dit wel die geval, want skryf hy: "Later is die handeling van Pretorius in verband met hierdie saak goedgekeur."¹¹

Teen/...

9. L.B. vd. Walt, Die ontstaan en groei van Winburg, p. 55.

10. G.McC. Theal, The story of the Nations, p. 201.

11. L.B. vd. Walt, Op cit., p. 9.

Teen die einde van 1841 moes die naam Winburg in algemene gebruik gekom het en in die notule van die Volksraad van die Republiek Natalia van 29 April 1842 kom dit vir die eerste maal voor: "zo heeft de Raad besloten om aan den adjunckt Raad van Potscherfstroom als mede aan den Landdrosten van Potscherfstroom en Winburg afschriften van de gem. documenten te zenden..."¹²

Intussen is begin met die verkoop van erwe op Winburg en teen Augustus 1842 was daar reeds 24 teen 'n totale koopprijs van 5808 riksdalders van die hand gesit. Grondbriewe moes egter vanaf Pietermaritzburg uitgereik word en landdros Jan Vermeulen was verplig om 'n lys van erwe met "die naam van den koper de prijs waar voor verkogt de nommer van het erf de naam der straat" aan die Sekretaris van die Volksraad te stuur alvorens die grondbriewe uitgereik kon word. Intussen sou Jan Vermeulen voorlopig egter aan die koper "Certificaten" kon uitreik wat dan later vir grondbriewe ingeruil kon word.¹³ In Oktober is 'n voorbeeld van 'n "erf grondbrief voor een erf" aan Jan Vermeulen gestuur wat aldaar deur die landdros en 2 heemrade geteken moes word.¹⁴ Of hierdie grondbriewe ooit werklikheid geword het, is nie duidelik nie, want op 24 Oktober 1842 belet kapt. Smith wat intussen Natal beset het, die uitreiking van grondbriewe in/...

12. G.S. Preller, Op cit., p. 207

13. Ibid., p. 215.

14. Ibid., p. 225.

in Natal deur die Volksraad.¹⁵

Benewens die feit dat landdros Jan Vermeulen hoofsaaklik vir die stigting van Winburg verantwoordelik was, het hy tog ook ander pligte in die distrik verrig. So moes hy plase inspekteer en toesien "dat niemand meer geregtig is op meer grond dan een half uur, en wanneer de verzoeker geen half uur kunt krijgen, mag zijn buurman die een ouder verzoeker is niet benadeeld worden, maar zal tevreden moeten zijn met het grond dat gevonden wordt."¹⁶ Met die "halfuur" word natuurlik die afstand wat 'n perd op 'n stap in 'n halfuur kan aflê, bedoel. So is daar dan gesorg dat plase ongeveer ewe groot is.

Landdros Jan Vermeulen moes voorts ook sorg dat geen slawerny toegepas word nie, want na 'n veldtog teen 'n Bantoestam was daar sprake van Bantoekinders wat as "slawe" geneem is. In opdrag van die Natalse Volksraad, moet hy "kaffer kinderen allen opteëischen en te ontnemen van alle personen zonder onderscheid die enig= en in bezit mogten hebben; en wanneer ze door de ouders opgeëischt worden hun te rug te geven en als er kans toe zijn mogt, hun weder terug te zenden ten koste van die gene die hun hebben uitgebragt, en om de misdadig= ers naar de uiterste gestrengheid van de wet te vervolg= en te straffen omtrent het nemen van de kafferkinderen."¹⁷

Benewens hierdie opdragte, die handhawing van wet en
orde/...

15. J. Bird, The Annals of Natal 1495 - 1845, Vol. II, p. 123.

16. G.S. Preller, Op cit., p. 227.

17. Ibid., p. 207.

orde is daar ook verwag dat "de Landdt. van die afdeling de Commandants en Veldcornets alle andere outoriteiten en welgezinde burgers zullen saamen spannen en mede werk= en naar de uiterste hunner vermoogens tot handhawing van onze natieonale eer en character, en tot behoud van onze Maatschappij; dat die saak nauwkeuriglijk worde onder= zocht en de misdadigers gestraft."¹⁸

Na 'n dienstydperk van twee jaar het Jan Vermeulen op 28 September 1842 bedank as landdros en op sy eie aan= beveling is J.J. Wessels aangestel.¹⁹ Hierdie persoon was, indien 'n afleiding uit die notule van die Natalse Volksraad gemaak kan word, aan hierdie Raad goed bekend, want hy was sedert Februarie 1841 lid van die Raad, maar het teen die einde van 1841 na Winburg teruggekeer.

Die groei en ontwikkeling van Winburg, na sy stigting, was maar 'n stadige proses. Die rede hiervoor was na= tuurlik die feit dat die meeste persone selfonderhou= dende boere en landbouers was, terwyl die noodsaaklikste lewensmiddele maklik van smouse gekoop of verhandel kon word. Ook die gemis aan 'n kerk is nie so sterk ge= voel nie, want die diepe Godsdienssin het tot gevolg ge= had dat huisgodsdienis gereeld gehou is, terwyl besoek= ende predikante nagmaal- en doopdienste waargeneem het. Hoewel die Natalse Volksraad op 3 Januarie 1840 vir

Catigiseermeester/...

18. Ibid., p. 207.

19. Ibid., p. 225.

Catigiseermeester is aangesteld,"²⁰ was daar nog geen sprake van 'n eie gemeente nie.

Die gemeente is eers in 1841 gestig. In 1842 het ds. Daniel Lindley Winburg besoek en tydens daardie besoek is die oudste Doop- en Lidmaatregisters aangelê. Tydens daardie besoek van ds. Lindley, is 127 kinders gedoop. Sommige van hierdie kinders is reeds in 1838 gebore.²¹ In sy drie besoeke aan Winburg, tydens sy dienstermyn, het ds. Daniel Lindley 1303 kinders gedoop. Hierdie name is deur ouderling Gert Naude wat hom vergesel het, ingeskryf. Die eerste registrasie van 'n huwelik in die register het op 20 September 1843 voor die Landdros en Heemrade plaasgevind. Waar die oudste trouboek uit die laer van kommandant Andries Potgieter van 18 April 1838 dateer, mag ons veronderstel dat die Winburgse troues voór 1843 by die naaste landdros in Mooirivier of Natal plaasgevind het.²²

Hoewel daar na die stigting van die gemeente 'n gemis aan 'n eie leraar gevoel is, kon daar vireers niks aan die saak gedoen word nie, want interne beroeringe, onderlinge twis en die anneksasie van Natal, het nog in die pad van kerklike vooruitgang gestaan. Eers in 1848 toe di. Andrew Murray en P.K. Albertyn, in opdrag van
die/...

20. Ibid., p. 27.

21. G.B.A. Gerdener, Ons Kerk in die Transgariep, p. 149.

22. Ibid., p. 149.

die Kaapse sinode Winburg besoek het, sou daar weer 'n herlewing kom. In dieselfde jaar het ook di. P. Faure en W. Robertson Winburg besoek, terwyl sir Harry Smith daardie jaar, onder blyke van groot aandoening, die hoeksteen van die eerste hartbeeskerkie gelê het.²³ Voor hierdie kerk egter gebou is, is die dienste in die Raadhuis gehou.

Stadig, maar seker, is die een na die ander hartbees-huisie in die leegte, waarskynlik naby die fontein, opgerig. Die dorpie het sy water uit die fontein gekry. Later is leivore en uitkeervore gemaak, terwyl "water-erwe" uitgegee is. Waarskynlik is die sogenaamde Raadhuis, tans nog deel van die Ford Hotel, asook die tronk, grensende aan die Raadhuis, gedurende die jare 1841 tot 1848 gebou en was van die oudste geboue van Winburg. Hierdie twee geboue was nie in die leegte opgerig nie, maar op die hoogte waar later die kerkplein sou ontwikkel. In 1860 skryf Isaac Dyason van Winburg: "At this time (1848) the village was very unimportant in appearance. The inhabitants were few, and there were only some half-dozen inferior houses erected in the hollow, described by you with a cottage of Mr. Schnehage on the plateau, with another building near it, used in the time of the Maatschappy either for Divine Service, or as a Court-house."²⁴

Uit/...

23. B.J. Barnard, n Lewensbeskrywing van Majoor Henry Douglas Warden, (Argiefjaarboek vir S.A. Geskiedenis, 1948, Deel I,) p. 381.


24. The Friend of the Free State, 21 September 1860.

PLAN VAN WINBURG 1848.

VOLGENS L.B. vd. WALT:

DIE ONTSTAAN EN GROEI VAN WINBURG.

Plan van Winburg 1848 (deur Renk),
 met die name van die eienaars van die
 eerste tuisse 1849-1853.



Kaart III.

Uit bogenoemde brief kan dus afgelei word dat die dorp aanvanklik naby die fontein ontstaan het en dat die Raadhuis, die tronk en F.P. Schnehage se winkel op die plato, weg van die woonhuise opgerig is. Met die koms van die Engelse in 1848 is die kerkplein ontwikkel en verskeie winkels is rondom kerkplein opgerig. So byvoorbeeld het Nicholaas G. Wessels, George Vergottini, Jan Smook, en F.P. Schnehage goeie standplase aan die kerkplein gehad. Later is Jan Smook se winkel geadverteer as: "Een fraai winkel gebouwd van extra klippen en gebranden baksteen. Deze gebouw staat op twee erven, regt op de Kerk plein, en goed voor een handelsplaats. De Nommers van gemelden erven zijn 1 en 2 in Southey Straat, recht over den Heer Schnehage. Een ander dito ook op die Plein nevens de Heer Vergottini, No. 6 Biddulph straat. Deze erven zijn byzonder goed voor de handel, naby die Kerk staande."²⁵

Die anneksasie van Natal in 1843 sou ook sy uitwerking op Winburg hê. Baie Trekkers het Natal nou weer verlaat en n heenkome in Transvaal en ook in die omstreke van Winburg gevind. Gaandeweg is die band tussen Natal en Winburg verbreek en in 1843 is besluit dat die publiek "agter de berg" twaalf persone sou kies as "Provisionele bestuur van Veiligheid" en dat hierdie liggaam sy sittings op Winburg sou hê.²⁶ Kort daarna, in 1845, is G.H. Meyer as landdros van Winburg aangestel. A.g.v. die interne moeilikhede is Winburg verdeel/...

25. The Friend of the Free State, 17 November 1851.

26. L.B. vd. Walt., Op cit., p. 9.

verdeel in 'n Britsgesinde groep onder Gert H. Meyer en 'n republikeinse groep onder Willem Jacobs.²⁷

Met die koms van Jan Mocke en Jan Kock na die Trans=oranje, sou die twis tussen die Blankes en die Griekwas tot 'n klimaks gedryf word. Hierdie onderlinge stryd sou uiteindelik uitloop op die botsing te Swartkoppies op 30 April 1845. Hierna het die Koloniale regering ingegryp en luitenant Sutton aangestel as Britse ver=teenwoordiger in die Transoranje. In 1846 is hy egter deur majoor Henry Douglas Warden opgevolg.²⁸

Deurdadig landdros Gert Meyer Britsgesind was en die re=publikeine nie wou steun in hul republikeinse strewe en ideale nie, is hy deur die Winburgers verplig om te be=dank. Vcortaan sou daar 'n felle stryd onder die Win=burgers woed. Veral die Britsgesinde Winburgers moes dit ontgeld en oud-landdros G.H. Meyer, as leier van hulle, moes alles in die stryd werp om staande te bly.

Na die bedanking van Gert Meyer as landdros, het die re=publikeine vir oud-landdros Jan Vermeulen as landdros van Winburg gekies. Omdat die republikeine 'n gewaperde botsing met die Britsgesindes en majoor H. Warden verwag het, is Jan Kock as kommandant-generaal gekies. Landdros Jan Vermeulen en kommandant-generaal Jan Kock sou egter nie lank hul ampte beklee nie, want op

18 Junie 1846/...

27. G.B.A. Gerdener, Op cit., p. 149.

28. A.J.H. vd. Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer, Geskiede=
nis van Suid-Afrika, Deel I, p. 329.

18 Junie 1846 is die republikeine deur majoor Henry Warden verslaan en is landdros Jan vermeulen in die tronk gestop.²⁹

Winburg was nou sonder 'n landdros en om 'n einde aan die wanorde te maak, is Gert Meyer weer in 1847 deur die Britsgesinde inwoners tot landdros verkies. Gert Meyer wou egter nie die benoeming aanvaar sonder die goedkeuring en steun van die Engelse regering nie. Wetteloosheid en chaos was nou aan die orde van die dag. Omdat daar niemand was wat wet en orde kon handhaaf nie, het die republikeine besluit om 'n Republikeinse regering saam te stel en op 27 Oktober 1847 het hulle vir Willem Jacobs as nuwe landdros verkies.³⁰

Landdros Willem Jacobs het hom streng teen enige inmenging van die Britse regering verklaar en nie alleen was hy nie begerig om die Britsgesinde inwoners te beskerm nie, maar is hulle selfs geterroriseer. Hierdie inwoners het telkens by majoor. H.D. Warden om hulp aangeklop, maar op daardie tydstip was majoor Warden nie bereid om in te meng nie, want volgens skatting was daar te Winburg slegs 100 Britsgesindes teenoor bykans 1500 republikeine.³¹

Selfs die Britsgesindes se versoekskrif aan goewerneur Pottinger, "... for such Court or Tribunal for settling and/...

29. B.J. Barnard, Op eit., p. 361.

30. Ibid., p. 366 - 367.

31. B. R. 2/1, Brief van H.D. Warden aan die Hoë Kommissaris, 28 November 1847


and deciding upon Civil cases and criminal cases...." sou op dowe ore val.³²

Dit was eers nadat sir Harry Smith persoonlik die Transgariëp besoek het dat Engeland in die moeilikhede van die Transgariëp, en ook dié van Winburg, ingesleep is. Op 3 Februarie 1848 het sir Harry Smith die Transgariëp geannekseer en volgens die proklamasie sou die Oranje-rivier-Soewereiniteit, soos die gebied na die anneksasie genoem is, bestaan uit: "... the territories north of the Great Orange River, including the countries of Moshesh, Maroko, Molitsani, Sikonyala, Adam Kok, Gert Taaybosch and other minor chiefs, so far north as to the Vaal River, and east to the Drakensberg."³³

-
32. H. C., 1/5, Ongedateerde brief van Winburgers aan Sir Henry Pottinger .
33. High Commissioner Proclamations and Government Notices, 7 September 1848.

SKETCH OF THE SOVEREIGNTY BEYOND THE ORANGE RIVER. and a Supplementary Map of SOUTH AFRICA.

English Miles 0 10 20 30 40 50



Hierdie kaart is n bylae tot Imperiale Blouboek: "Correspondence with the Cape of Good Hope. Relative to Assumption of Sovereignty over the Territory between the Vaal and Orange Rivers. Presented by command of Her Majesty!"

H O O F S T U K IV.

WINBURG 1848 - 1854.

So het dit dan gebeur dat die Engelse op die toneel verskyn het en dat die Transgariëp in drie distrikte, nl., Bloemfontein, Caledon en Winburg verdeel is. In elke distrik sou 'n Britse magistraat gestasioneer word.

Die proklamasie waardeur die Transoranje tot Britse gebied verklaar is, is met gemengde gevoelens in Winburg ontvang. Die Britsgesinde inwoners was baie in hulle skik, terwyl die republikeine al hoe meer opstandig begin raak het. Spanning het dus opgelaaie, veral na vernem is dat Thomas Jervis Biddulph as magistraat, bygestaan deur I. Dyason, na Winburg gestuur sou word om die republikeinse landdros Jacobs, te vervang.

Dit was dus 'n teleurgestelde Thomas Biddulph en Douglas Warden wat in Mei 1848 Winburg binnegery het. Slegs 25 halfverkluide boere het hulle verwelkom. Majoor Warden het gerieflikheidshalwe die slegte weer die skuld vir die powere en kille ontvangs gegee. Dit sou egter nie net die gure weer wees nie, want op majoor Warden se terugtog na Bloemfontein is hy aan die Vetrivier deur 'n klomp ontevrede boere ingewag. Hierdie ontevredenes het hul misnoë met Thomas Biddulph duidelik uitgespreek en voorts ook melding gemaak dat Andries Pretorius genader is om Thomas Biddulph te kom verdryf.¹

Dit/...

1. B.R., 2/1, Brief van majoor Warden aan sir Harry Smith, 27 Mei 1848.

Dit sou dan ook met magistraat Biddulph in Winburg glad nie goed gaan nie en skaars 'n week na sy aankoms, is die wêreld vir hom baie warm gemaak. 'n Groot aantal Republikeine het by oud-landdros Jan Vermeulen vergader. Vandaar is 'n dreigbrief aan hom gerig waarin hy gevra word om Winburg onmiddellik te verlaat. Die vernaamste ondertekenaars van hierdie brief was oud-landdros Willem Jacobs, A.J. Smit, A. Cronje, J.P. Brits, P.M. Bester, F.J. Bezuidenhout en andere.²

Toe magistraat Biddulph hierdie dreigbrief ignoreer, het die Republikeine besluit om tot wapengeweld oor te gaan. 'n Republikeinse kommando onder oud-landdros Willem Jacobs het by J. van Koller se plaas aan die Sandrivier byeengekom en na Winburg opgeruk, maar voordat hulle nog die dorp bereik het, het magistraat Biddulph na Bloemfontein spore gemaak. Hierdie stap van magistraat Biddulph het glad nie majoor Warden se goedkeuring weggedra nie. As verskoning het hy egter aangevoer dat na hy deur Michael Quigley, 'n Engelse dokter, van Andries Pretorius se planne vertel is, hy tot die gevolgtrekking gekom het, "... the whole District under the control of Pretorius and consequently in a state of open rebellion...." is.³

Desnieteenstaande het majoor Warden vir Biddulph met agt berede soldate na Winburg teruggestuur met die

spesifieke/...

-
2. H.C., 1/5., Brief van T.J. Biddulph aan sir R. Southey, koloniale sekretaris, 31 Mei 1848.
 3. H.C., 1/5., brief van T.J. Biddulph aan majoor Warden, 11 Julie 1848.

spesifieke opdrag om nie weer die dorp te verlaat nie. Magistraat Biddulph se versoek om veertig soldate om hom te **Winburg** te beskerm, is van die hand gewys, want majoor Warden wou nie 'n militêre pos van Winburg maak nie.⁴

Teen wil en dank moes magistraat Biddulph na Winburg terugkeer en daar moes hy vind dat hy feitlik geen gesag meer het nie, want oud-landdros Willem Jacobs se mag het so toegeneem dat hy selfs huwelikspare, ten aanskoue van Biddulph, getrou het. Dit was duidelik dat die broeiende opstand in Winburg besig was om tot 'n volwaardige opstand voort te stu. In die dorp self het F.P. Schnehage, 'n Duitsgebore republikein, alles in sy vermoë gedoen om die inwoners teen die Engelse op te stook, terwyl Jan Kock 'n burgermag van 500 bymekaar gebring het om die rus en vrede te verstoer. Andries Pretorius, oorkant die Vaalrivier, het ook nie stilgesit nie en net op 'n geleë tydstip gewag om sy stoot te maak. Die geleentheid het gekom met die uitbreek van die Xhosa-oorlog in die kolonie en op 12 Julie 1848 het hy Winburg beset.⁵

Hy het die bevel oorgeneem en 'n proklamasie uitgevaardig dat hy almal wat nie vir hom is nie, tot die 20ste Julie 1848 tyd gee om hulle oor die Oranjerivier terug te trek. Noodgedwonge moes magistraat Biddulph
Winburg/...

4. B.R., 2/1., Brief van majoor Warden aan sir Harry Smith, 23 Junie 1848.

5. A.J.H. vd. Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer, Op cit., p. 335.

175378



Winburg vir die tweede keer verlaat. Oppad na Bloemfontein het hy majoor Warden wat besig was met die uitmeet van plase, ontmoet. Hy het dadelik vir majoor Warden oor die toestand ingelig en hom terselfdertyd gewaarsku dat kommandant Adriaan Stander met 25 man gestuur is om majoor Warden, dood of lewendig, aan Andries Pretorius uit te lewer.⁶

Majoor Warden het dadelik na Bloemfontein om versterkings gestuur. Hier het n rukkie tevore n afdeling Dragonders as versterking vir hom opgedaag. Majoor Warden en magistraat Biddulph het dit egter gerade geag om hulle self na Bloemfontein terug te trek. Hulle is egter deur kommandant Adriaan Stander voorgelê, maar majoor Warden het geweier om hem aan laasgenoemde oor te gee en Rex, die sekretaris van majoor Warden, het toe aangebied om as gyselaar na Andries Pretorius te gaan.⁷

Met sy aankoms in Bloemfontein het majoor Warden dadelik vir sir Harry Smith asook vir kolonel Somerset te Grahamstad, van die verwikkelinge in kennis gestel. Ook Mosjwesjwe, Moroka, Molitzane, Gert Taaibosch en Carolus Baadjie is van die opstand verwittig. Hy het gehoop dat die inboorlinghoofde hom te hulp sou snel en gevolglik het hy besluit om Bloemfontein te verdedig. Geen hulp of versterkings het egter opgedaag nie en

op/...

-
6. J.F. Midgley, The Orange River Sovereignty (1848 - 1854), Argief-jaarboek vir S.A. Gesk. II, 1949, p.119.
7. C. Warden, Reminiscences of the Early Days of the O.F.S., p. 9.

op 17 Julie was hy verplig om Bloemfontein aan Andries Pretorius oor te laat.⁸

Onmiddellik nadat sir Harry Smith majoor Warden se brief ontvang het, het hy Andries Pretorius voëlvry verklaar en 'n beloning aangebied aan dié persoon wat hom, dood of lewendig, uitlewer. Met die gevaar van die Khosa-oorlog tydelik afgeweer, het sir Harry Smith hom met 1200 man na die Oranjerivier gehaas. Die Britse soldate is toegelaat om die Oranjerivier ongehinderd op vlotte oor te steek en daarna het hulle na Bloemfontein opgeruk. By Boomplaas is hulle egter deur A.W.J. Pretorius voorgelê, maar op 29 Augustus, na 'n kort en hewige geveg, het die Republikeine op die vlug geslaan. A. Pretorius het haastig deur Winburg noordwaarts getireer. Hierdie vlug van hom het in Winburg groot opspraak verwek en Jan Pierik, die onderwyser, het selfs vertel dat hy sonder sy hoed deur Winburg getrek het.⁹

Toe sir Harry Smith na die Slag van Boomplaas by Bloemfontein aangekom het, het hy besluit om teenoor die republikeinse rebelle hardhandig op te tree om hulle op die wyse af te skrik. Twee gevangenes, T. Dreyer en Michael Quigley, is onskuldig gefusileer. Die Oranjerivier-Soewereiniteit is weer opnuut geproklameer, terwyl groot boetes op die vernaamste belhamels gelê/...

8. A.J.H. vd. Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer, Op cit., p. 335.

9. B.J. Barnard, Op cit., p. 403.

gelê is.

Aangesien die meeste belhamels uit Winburg afkomstig was, het sir H. Smith daarheen gegaan en om die oorlog=
onkoste te dek, het hy 'n kommissie bestaande uit Fred
Rex, I. Dyason, H. Wessels en G. Meyer aangestel om die
boetes in te samel.¹⁰ F.P. Schnehage is goed die skrik
op die lyf gejaag, want sir Harry Smith wou hom tereg=
stel. Hy is egter begenadig. Alle openbare byeen=
komste is verbied, terwyl belonings vir die uitlewering
van verskeie rebelle uitgeloof is. Omdat hulle "man=
moedig en dapper naby Winburg eene kamp hebben geformeerd,
en teen eenige poging der Rebellen teen hen gedaan heb=
ben verweerd en dezelve verdreven," het die Goewerneur
die gedrag van G.H. Meyer en M. Wessels geloof.¹¹ Win=
burg was nou tot 'n groot mate gesuiwer, want baie rebel=
le is saam met A.W.J. Pretorius oor die Vaalrivier.

Na die besliste optrede van sir H. Smith, het sake in
Winburg weer begin vlot. Magistraat T. Biddulph was
terug en sy administratiewe pligte is grootliks verlig
deurdat Winburg in twee distrikte verdeel is. Die noord=
oostelike gedeelte is tot 'n nuwe distrik met die naam van
Vaalrivier uitgeroep. Bowendien het hy die hulp van
Richard Southey gekry wat benoem is as spesiale kommis=
saris, belas met die insameling van die boetes. Hy
was baie bekwaam en dis interessant om te weet dat die
huidige "Southey Terrace" op Winburgplein later na hom
vernoem/...

10. H.J. Hofstede, Geskiedenis van die O.V.S., p. 102.

11. M.C.E. van Schoor, Politieke Groeperinge in Trans=
gariëp, Argief-jaarboek vir S.A. Geskiedenis, II,
1950, p. 87.

vernoem is.

Om die vrede in die Oranjerivier-Soewereiniteit te ver= seker, is n soort van Wetgewende Raad in die lewe ge= roep. Aan die hoof van die Raad was die Britse Resi= dent, bygestaan deur die vier magistrats van die dis= trikte en agt burgers. Elke distrik was geregtig om twee burgers te kies. Winburg se verteenwoordigers was magistraat Biddulph, Gert Meyer en A. Smit. Die instelling van hierdie Wetgewende Raad het waarskynlik ook die weg gebaan tot in die totstandkoming van n Dorpsraad in elke distrik.¹²

Hierdie dorpsrade was werklik nuttige liggame, want nie slegs het hulle as n soort van munisipaliteit opgetree nie, maar in tyd van nood, kon hulle ook die verdedig= ing van die dorp waarneem. Die Raad van Winburg het bestaan uit die magistraat wat as Voorsitter opgetree het, Jan Harm Schutte, vrederegter vir Wittebergen, Abraham Carel Greyling, vrederegter vir Vetrivier, Jan Gabriel Vermeulen en Gert Meyer, die poskontraakteur. John Burnet, magistraat Biddulph se klerk, is bowendien tot assistent-magistraat bevorder, want in die afwesig= heid van die magistraat, moes daar n waarnemende magistraat wees om oor die veiligheid van die dorp te waak. As Biddulph dus weg was, was John Burnet die voorsitter van die Dorpsraad.¹³ Die vergaderings is
in/...

12. L.B. vd. Walt, Op cit., p. 16.

13. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan majoor H.D. Warden, 12 Oktober 1850.

in die reeds genoemde Raadhuis gehou wat ook as kerk gebruik is.

Hoewel hierdie reorganisasie van die administrasie van Winburg n baie groot verbetering was, het dit egter ook groter uitgawes meegebring. So byvoorbeeld moes magistraat Biddulph vir die boekjaar 1850, onder meer, vir die volgende uitgawes begroot:¹⁴

| | | |
|-----------------------|-------------------|-----------------------------------|
| Magistraat se salaris | £400 | per jaar. |
| Magistraatsklerk | " | £150 " " |
| Veldkommandant | " | £30 " " |
| Konstabel | " | £50 " " |
| Onderwyser | " | £75 " " |
| Predikant | " | £200 p.j. plus £50 reiskoste. |
| 4 Veldkornette | " | £37/10/0 per jaar. |
| Huur van kantoor | £36 | |
| Posgeld | £50 | |
| Onvoorsiene uitgawes | £10 | |
| | <hr/> | |
| Totaal | <u>£1038/10/0</u> | plus £50 reiskoste. ¹⁵ |

Hierdie kostes kon Biddulph egter maklik verhaal uit die grondbelasting wat die boere jaarliks moes betaal. Een van die magistraat se grootste take was dus nou om die boere se plase op te meet en transport te gee sodat

hulle/...

14. W.R., 1/1., Besluite van Wetgewende Raad, 3 Junie 1850 .

15. Hierdie bedrae is nog volgens die ou muntstelsel, naamlik die pond, sjieling en pennie (£. s. d.) bereken. Die waarde van n £1 is R2, n sjieling is ongeveer 10 sent en n pennie is ongeveer 1 sent.

hulle gebind was om belasting te betaal. Baie oorspronklike bewoners het hulle plase tydens die onrus verlaat en hierdie plase is nou op aanvraag aan ander boere uitgegee. Ook dit het Biddulph se bronne van inkomste verder aangevul.

Ongelukkig het die voorspoed en die vrede nie onbeperk voortgeduur nie. Die onderlinge twiste van die bure van Winburg het sake dikwels vertroebel. Hierdie ver naamste bure was die Barolongs van Molitzane, die Korannas van Gert Taaibosch, die Mantatese van Sekonyela en die Basoeto's van Mosjwesjwe. Die Britse regering het dit sy plig beskou om in hierdie onderlinge twiste in te gryp. Aan die anderkant wou die meeste Blankes hierteenoor egter afsydig staan. Ongelukkig, as gevolg van die veediefstalle asook die beleid van die Engelse regering, is hulle teen wil en dank in die twiste betrek en moes hulle in die meeste gevalle die spit afbyt.

Wat die saak nog moeiliker gemaak het, was die onwettige handel in gewere. Gewetenlose Blankes het n florerende smokkelhandel in gewere met die Bantoe gedryf. Dit was veral n sekere Bond en n Charles Green wat hul waens in Pietermaritzburg vol gewere en kruit gelaai het en dan in Bantoegebied afset daarvoor gevind het. Waar moontlik, het magistraat Biddulph hierdie waens gekonfiskeer, maar nieteenstaande alle moontlike voorsorgmaatreëls, het baie gewere tog hul onwettige

bestemming/...

bestemming bereik.¹⁶

Vanaf Maart 1851 het Biddulph se moeilikhede dus weer begin. Die bron van die ergernis was die Basoeto wat met hul roof- en plundertogte op die naburige stamme begin het. Veral Sekonyella het die swaarste onder hierdie plundertogte gely. Verdere moeilikhede het opgeduik toe Gert Taaibosch valse gerugte versprei het dat Frans Viljoen, Molitzane en Paulus Moperi hom gaan aanval. In hierdie geskil het Sekonyella besluit, moes hy aan die kant van Taaibosch inmeng omdat hy gedink het dat met Taaibosch se hulp, hy weer van sy gesteelde vee kon terugkry. Sake het ook werklik tot 'n uitbarsting gekom toe Paulus, Mosjwesjwe se broer, Sekonyella aangeval en 2000 perde en beeste geroof het¹⁷

In hierdie stryd wou magistraat Biddulph inmeng, maar die Blankes, veral die republikeine, was nie begerig om in die twiste van die Bantoe betrek te raak nie. Op sy oproep om kommandodiens het slegs 50 burgers gereageer. Oor hierdie onwilligheid van die Blankes was hy baie teleurgesteld. 'n Klomp van die inwoners, onder invloed van ds. Dirk van Velden¹⁸ wat teen die einde van 1850 bediening in Winburg aanvaar het, wou glad/...

16. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan majoor H.D. Warden, 30 Maart 1851.

17. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan Sekonyella, 17 Maart 1851.

18. Vergelyk Hoofstuk VIII oor die kerklike ontwikkeling in Winburg, vir die koms van ds. D. van Velden gedurende November 1850.

glad nie eers toelaat dat hierdie klein kommando'tjie onder Biddulph Winburg verlaat nie.¹⁹ Ds. Dirk van Velden het natuurlik die ramspoedige gevolge vir Winburg van 'n moontlike neerlaag voorsien.

- Al Biddulph se mooipraatjies met Sekonyella om die vrede te bewaar, het niks gehelp nie, want terwyl hy na Bloemfontein op besoek was, het Sekonyella sy kans waargeneem en uit weerwraak 2000 beeste van Molitzane geroof en etlike van sy onderdane vermoor.²⁰

Toe hierdie nuus Biddulph in Bloemfontein bereik, het hy onmiddellik besef dat die Basoeto's nou vir Sekonyella gaan aanval. Gevolglik is hy inderhaas na Winburg terug om 'n kommando op die been te probeer kry om Sekonyella te hulp te snel. Biddulph was in 'n groot mate magteloos omdat die Blankes glad nie begerig was om enige kommandodienste te doen nie. Selfs majoor Warden se kommandeerbriefies het weinig uitwerking op die Winburgers gehad. Nadat kommandant M.H. Wessels van Winburg die kommandeerbriefies van magistraat Biddulph ontvang het, het hy onmiddellik aan sy veldkornette, A.C. Greling, R.J.J. van Rooyen, J.J. Fick, J.D. Cilliers en W. Venter opdrag gegee om hulle met 20 en 25 man op 7 Julie by Winburg aan te meld. Nieteenstaande dreigemente van £20 boete, indien burgers weier om kommando=

diens/...

19. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan majoor H.D. Warden, 29 Maart 1851.

20. B.R., 1/4., Brief van J. Burnet aan H.D. Warden, 10 Mei 1851.

diens te doen, kon kommandant Wessels slegs 40 burgers monster. Veldkornet J.D. Cilliers van Wittebergen kon slegs een burger werf en dit was sy eie seun. Met veldkornette J. Fick en W. Venter het dit nog slegter gegaan, want hulle kon niemand werf nie en in die Slag van Viervoet het hulle as offisiere sonder manskappe geveg.²¹

In die distrikte Caledon en Bloemfontein het dit ook nie veel beter gegaan nie. In Bloemfontein het slegs 40 burgers opgedaag. Die Blankes het geweier om in die anderlinge twiste van die Bantoe in te meng en eerder as om te gaan veg, het hulle weggetrek of die £20 boete betaal om rustig op hul plase te bly woon. Die enigste bondgenote van majoor Warden was Sekonyella, Moroka en die Fingo's. Selfs Adam Kok kon nie n kommando op die been kry nie. Majoor Donovan, aanvoerder van die Engelse troepe, was ook nie begerig om teen die vyand op te trek indien hy nie deur genoegsame burgers bygestaan word nie.²²

Hoewel die skrif vir majoor Warden op die muur was, het hy tog besluit om die stoute skoene aan te trek en Mosjwesjwe vir die rooftogte op Sekonyella te gaan straf. Dit was werklik n domastrante besluit, want hoewel hy ongeveer 2500 soldate tot sy beskikking gehad het, was daaronder slegs n paar Blankes. Verder kon hy ook nie
op/...

21. J.F. Midgley, Op cit., p. 325.

22. B.R., 2/2., Brief van H.D. Warden aan sir Harry Smith, 3 Augustus 1851.

op onmiddellike hulp uit die Kaapkolonie staat maak nie want daar het Kreli en Sandile die wêreld vir sir Harry Smith warm gemaak.

Onder majoor Donovan het Warden se mag op 20 Junie 1851 Platberg, naby die huidige Ladybrand, bereik. Na mislukte samesprekings tussen majoor Warden en Mosjwesjwe oor die uitlewering van 6000 beeste en 300 perde, het die geveg op 30 Junie plaasgevind. Dit was duidelik dat majoor Warden se mag nie opgewasse was teen die Basoeto's nie en gevolglik is hy te Viervoet verslaan.

Nou het gebeur wat ds. Dirk van Velden voorsien het. 'n Nuwe golf van roof- en plundertogte het oor die distrik Winburg gespoel en hieraan kon magistraat Biddulph niks doen nie. Dit was ook gou duidelik dat dit net dié persone was wat gaan veg het wat van hul vee beroof is. Nieteenstaande alle dreigemente en mooipraat, wou die Blankes nie vir Biddulph help om die gevaarlike toestand te verlig nie. Openlike rebellie was nou weer in die lug, maar gelukkig was daar op hierdie tydstip nie 'n goeie leier onder die republikeine nie, want A.W.J. Pretorius was in Transvaal self besig met 'n Bantoe-oorlog. Indien hy en Mosjwesjwe op hierdie tydstip saamgespan het, sou hulle heelwaarskynlik daarin geslaag het om die Engelse 'n nekslag toe te dien.

In die dorp Winburg het sake ook vinnig begin versleg. Die dreigemente van die boere agter die Wittebergen dat hulle Winburg sou aanval indien Biddulph hulle sou

beboet/...

beboet omdat hulle geweier het om teen Mosjwesjwe te gaan veg, is daar in alleryl n skans by die Raadhuis opgerig terwyl voldoende kruit en lood aangekoop is.²³

Om die kastaiings uit die vuur te probeer krap, het majoor Warden n verdere offensief vir 4 Augustus bepaal. Hy kon egter weer nie daarin slaag om n kommando op die been te bring nie. Bondgenote was maar skaars, want Andries Pretorius se naam is deur die gewetenlose rower en perdedief, Adriaan vd. Kolf,²⁴ wat Mosjwesjwe en Molitzane van raad bedien het, as paai-boelie gebruik om sowel Sekonyella as Adam Kok die skrik op die lyf te ja.²⁵ Die boere in die distrik Bloemfontein wou ook nie veg nie. Hulle het eenvoudig net weggetrek en voorgegee dat hulle weens die heersende droogte geen perde besit nie.

Met Biddulph het dit ook nie veel beter gegaan nie.

Met n handjievul Blankes het hy, ondersteun deur Jan Fick en Sekonyella na Leeuspruit vertrek waar hy tevergeefs op majoor Warden gewag het. Die feit dat Warden nie opgedaag het nie, was vir Biddulph n bitter pil/...

23. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan H.D. Warden , 5 Jule 1851.

24. Genoemde A. vd. Kolf is later deur n sekere Horne tussen Rhenosterkop en die Vaalrivier doodgeskiet en as vergoeding vir hierdie weldaad, is Koppie-Alleen aan hom geskenk. (vergelyk The Friend of the Free State, 17 Augustus 1866.)

25. B.R., 1/4., Brief van A. vd. Kolf aan Biddulph , Asook B.R., 1/1., Brief van Adam Kok aan die Hoë Kommissaris , 27 Julie 1851.

pil. In 'n brief aan hom het hy sy bittere teleurstelling gevolglik uitgespreek en Warden daarop gewys dat die Britsgesinde inwoners van Winburg al driekeer opgeroep is, al twee maande onder wapen is en dit terwyl al hul vee in hul afwesigheid geroof is. Hy wys ook daarop dat, "... that rebellion has always begun at Winburg." Hy sê voorts dat indien genoegsame troepe nie onmiddellik na Winburg gestuur word nie, hy nie langer die bestuur kan behartig nie. Voorts versoek hy ook vir Warden om sy brief Kaap toe te stuur, want die toestand in Winburg is so gespanne dat die dorp elke nag bewaak moet word.²⁶

Geneemde Winburgers het werklik rede gehad om ontstoke te voel, want het sir Harry Smith hulle dan nie belowe dat hulle binne 3 dae hulp sou ontvang in tye van nood nie! Hier het hulle nou te doen met 'n oorlog wat reeds 'n paar maande geduur het, dis net hulle vee wat gesteel word, hulle wat kommandodiens moes doen terwyl die republikeine rustig op hul plase gesit het en nog doen sir Harry Smith niks om hulle of hul eiendomme, te beskerm nie. Daagliks is hulle deur die republikeine verguis en verneder, sodat baie van hulle, uit raedeloosheid, na die republikeine begin oorloop het.

Selfs Biddulph kon nie kwalik geneem word dat hy teenwoordig was op 'n vergadering wat deur die Winburgers beleë is om 'n plan te beraam om met Molitzane vrede=

samesprekinge/...

26. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan H.D. Warden, 7 Augustus 1851.

samesprekinge aan te knoop nie. Hy het nie die regering in die steek gelaat, soos majoor Warden beweer het nie.²⁷ Hy was eerder van siening dat die regering die Winburgers in die steek gelaat het, want dié troepe wat nog beskikbaar was, is gebruik om Moroka, in plaas van die Blankes, te beskerm.

Uit hierdie verwarrende toestand in Winburg het die geslepe perdedief, Adriaan vd. Kolf terdeë munt geslaan. Groot troppe perde en beeste is onder sy leiding van Britsgesinde inwoners gesteel. Een persoon wat veral kwaai deurgelcop het, was kommandant M.H. Wessels van Vetrivier. So het daar op een dag 311 van sy beeste verdwyn. Een republikein het die saak duidelik aan Biddulph gestel toe hy gesê het, "... that they who went on Commando were marked for destruction and would be picked out from among the rest, like Hamels from a Flock of Sheep." ²⁸

Bogenoemde bekentenis was nie sommer praatjies nie, want indien daar per abuis van die republikeine se vee gesteel was, kon dié betrokke eienaar na Mosjwesjwe of Molitzane gaan en weer sy vee gaan uitkeer onder die troppe gesteelde beeste, perde en skape. Indien n persoon net gesê het dat hy n "Pretorius-man" is, is sy vee onmiddellik aan hom teruggegee.²⁹

Hierdie/...

-
27. B.R., 2/2., Brief van H.D. Warden aan Sekretaris van die Hoë Kommissaris, 10 Augustus 1851.
28. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan majoor H.D. Warden, 16 Augustus 1851.
29. B.R., 1/4., Beëdigde verklaring van Africa, n onderdaan van Molitzane aan P.J. Naude.

Hierdie toedrag van sake het aan die Basoeto's 'n mate van onverdiende prestige en selfs bravade besorg en so aanmatigend en astrant het hulle geword dat hulle selfs deur middel van hul adviseur, Adriaan vd. Kolf, 'n brief aan Thomas Biddulph gestuur het waarin gekla word oor die, "...unlawful war made within their Territories on Monday the 30th June 1851..." Voorts sê hulle dat indien Biddulph aan hulle £2000 afpersingsgeld betaal, "... they should prevent and fend off all plunder and insecurity from the District of Winburg."³⁰

Die enigste ligpunt vir magistraat Thomas Biddulph in hierdie donker tyd was die feit dat hoewel 'n afvaardiging onder leiding van Izaak Cronje Andries Pretorius besoek het en hom om hulp gevra het, hy glad nie begeerig was om in die moeilikhede van Winburg in te gryp nie. So ferm was hy in sy besluit dat hy selfs aan Mosjwesjwe 'n brief geskryf het waarin hy hom versoek het om die onsinnige moord- en plundertogte te staak.³¹ Nietemin het A.W.J. Pretorius 'n gesogte persoonlikheid gebly, want dit was nie net die republikeine wat hom as, "... hul Generale Hoofbestierder" gekies het nie, maar selfs die inwoners van Winburg, het hom gesoebat om, "... ons willen te gemoet komen om ons veiligheid rust en vreed te verleen, en as gij het will doen eischt wij uwe om zoo spoedig als moogentlijk is ons te koomen verlossen/...

30. B.R., 1/4., Brief van A. vd. Kolf aan T.J. Biddulph, 11 Augustus 1851.

31. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan H.D. Warden, 30 Augustus 1851.

verlossen...."32

Pretorius was egter met belangrike sake in Transvaal besig. Op hierdie tydstip was daar vir hom en vir n moontlike Transvaalse onafhanklikheid te veel op die spel. Hy het ook verder van die standpunt uitgegaan, dat indien daar slegs vyftien Blankes is wat Britse gesag aanvaar, hy nie sou inmeng nie. Gevolglik het alle versoeke van Mosjwesjwe, die republikeine en die Winburgers op dowe ore geval.

Toe magistraat T.J. Biddulph, majoor H.D. Warden en A.W.J. Pretorius hulle nie kon of wou help nie, het die Winburgers talle memories of versoekskrifte aan die adres van sir Harry Smith gerig. Eers was daar n memorie wat deur 64 inwoners onderteken en toe was daar weer een wat deur J. van Rensburg opgestel is. In hierdie memories word sir H. Smith herhaaldelik om hulp gesoeb en hy word aan sy belofte van 9 September 1848 herinner. Volgens hierdie belofte sou hy binne drie dae troepe na Winburg stuur. Die Winburgers wag nog steeds op hierdie hulp en intussen verval hulle tot die bedelstaf, want feitlik al hul vee word geroof.³³

Sir Harry Smith kon egter ook nie die Winburgers op hierdie tydstip help nie, want hy was self opgesaal

met/...

32. B.R., 1/4., Memorie van 34 inwoners van Winburg aan A.W.J. Pretorius .

33. H.C., 1/5., Memorie aan sir Harry Smith deur 64 Winburgers onderteken , 31 Julie 1851.

met moeilikhede in Brits-Kaffrarië en gevolglik het hy nie genoegsame troepe gehad om die Winburgers te help nie. Boonop moes hy nog aan die Britse Parlement rekenskap gee vir die groot finansiële las wat hy deur die anneksasie van die Transgariep op die Britse skatkis gelê het. Al wat sir Harry Smith kon doen was om aan majoor Warden opdrag te gee dat Bloemfontein nie ontruim moes word nie, want, "... the safety of the Queens Fort is the paramount consideration."³⁴ Met ander woorde, die Winburgers moes maar self sien en kom klaar.

Hierna het die inwoners van Winburg maar self probeer optree. Onder leiding van ds. Dirk van Velden is 'n brief aan eerwaarde Francois Daumas, sendeling te Mequatling, gestuur waarin laasgenoemde versoek word om sy invloed by Molitzane te gebruik sodat vrede herstel kon word. Byna pateties pleit ds. Dirk van Velden: "... Now I pray you my Beloved speak with your chief, and if he incline for Peace, as I hope with all my heart he does - let me know it and let Molitsani only give an assurance of safety to two or three persons to come and speak with him; our Magistrate mr. Biddulph and a couple more (perhaps I should come with them) would willingly lend themselves to a conference at some fixed place. Finally, if you would take part in such conference tell me, and I will come myself also.

That/...

34. B.R., 1/1., Brief van sir Harry Smith aan majoor H.D. Warden, 12 Augustus 1851.

That would furnish us with a Brotherly interview, and might be under Gods blessing a subject of rejoicing in Christ for us all - Gospel of Peace and that your people and mine ought by no means to persecute and beat one another, but love each other in Christ, and to have respect to each other, both as regards life and worldly goods."³⁵

Toe die nood in Winburg op sy hoogste was, was redding gelukkig ook in sig. 'n Zoeloe-impie van 500 man onder aanvoering van kaptein Ringler Thomson is naamlik uit Natal na Winburg gestuur.³⁶ Vir 'n paar weke het dit dan ook weer beter in Winburg gegaan. Hierdie verligting was egter net tydelik, want tot die onsteltenis van die Winburgers is hierdie impie uit Winburg onttrek en na Thaba Nchu gestuur. Weer eens is die Winburgers aan hul eie lot en die genade van die Basoeto oorge= laat. So astrant het die Basoeto geword dat hulle selfs Winburg binnegetrek het en die winkeliers gedwing het om kosteloos aan hulle goedere te verskaf.³⁷

Na hierdie episode het The Friend of the Sovereignty vir die Winburgers in die bresse getree. In die In= leidingsartikel word die haglike toestand in die Oranje= rivier-Soewereiniteit geskets en kortliks word op die
uitwerking/...

35. H.C., 1/5., Brief van ds. D. van Velden aan F. Daumas, 6 Augustus 1851.

36. B.R., 1/4., Brief van T.J. Biddulph aan majoor H.D. Warden, 22 Augustus 1851.

37. The Friend of the Sovereignty, 10 November 1851.

uitwerking van die oorlog op Winburg gewys: "...The post contractor, Mr. Meyer, lost all his horses, even those in the stable have been stolen. All the Magistrate's horses were stolen, his horse herd seized, and his throat cut. The number of horses stolen to this date is about 470, and 1250 head of cattle. The horses were first stolen, then the cattle, and lastly the servants were ordered to leave their employers and join their Chief, those who refused did it at the peril of their lives. Four servants have been murdered within the immediate precincts of the town. The bitterest part of all to the feelings of the sufferers, is the knowledge that the natives have been incited to these acts of plunder and murder, by those Boers who are disaffected to the British Government..."³⁸ Na verdere mededelings sluit die artikel af: " It would appear that the loyal farmers of Winburg have not received from Government that support and protection which their unprecedented situation seemed to demand. While the Chief Moroko has never been without the protection of troops or auxiliaries, the people of Winburg have only had the detachment of troops from Natal for one month, and then they were removed at 24 hours notice, and it must be remembered that the whole of the sufferings of the farmers of Winburg have been brought about through their going, at the call of the Government, to the assistance of the Chief Moroko, against Molitsane,

with/...

38. The Friend of the Sovereignty, 10 November 1851.

with whom they had always lived on the best footing."³⁹

Die Oranjerivier-Soewereiniteit het nou voorwaar n onhanteerbare turksvy vir Brittanje geword. Die Imperiale regering was nog steeds afkerig aan enige nuwe gebiedsuitbreiding en sedert die Xhosa-oorlog van 1846 - 1847, het die Britse belastingbetalers ernstig begin protesteer teen nuttelose anneksasies. Die keerpunt in hierdie Britse beleid van inmenging in die onderlinge twiste van inboorlinge het na die Britse neerlaag te Viervoet, gestalte begin aanneem. Die minister van Kolonies, graaf Grey, het nie slegs vertrouwe in sir Harry Smith, as goewerneur, begin verloor nie, maar hy was ook begerig, ten einde geld te bespaar, om n spoedige oplossing vir die moeilikhede in die Transgariëp te vind. Selfs The Times het sy lesers in Engeland oor die geldverkwisting in Suid-Afrika opgesweep, terwyl sir. William Molesworth met sy toesprake in die Britse Parlement ook die beleid van sir Harry Smith begin veroordeel het.⁴⁰

Hoewel n mosie van die Britse opposisie, waarin versoek word dat een of meer spesiale kommissarisse na Suid-Afrika gestuur word om die geskille met die Bantoe te probeer besleg, verwerp is, het die Eerste Minister, lord John Russel, tog besluit dat dit n wenslike stap is. Gevolglik is aan graaf Grey opdrag gegee om

majoor/...

39. The Friend of the Sovereignty, 10 November 1851.

40. J.F. Midgley, Op cit., p. 350 - 352.

majoor W. Hogge en mnr. C.M. Owen, as spesiale kommissarisse na Suid-Afrika te stuur.⁴¹

In Desember 1851, toe die nood in Winburg dus op sy hoogste was, het hierdie spesiale kommissarisse in Bloemfontein aangekom. Kort na hul aankoms het majoor William Hogge na Mosjwesjwe vertrek, terwyl Charles M. Owen na Winburg gegaan het. Die republikeinse rebelle van Winburg het nou besef dat hul uur van afrekening aangebreek het, terwyl daar redding vir die Britsge-sinde inwoners in sig was.

Een van die eerste stappe wat die kommissarisse gedoen het, was om sowel as sir Harry Smith as majoor Warden te versoek om Winburg onmiddellik te beskerm.⁴² Mnr. C. Owen het van die standpunt uitgegaan dat die Winburgers Britse onderdane is en gevolglik moet die troepe wat Moroka beskerm, na Winburg oorgeplaas word. Voorts is n begin gemaak om al die republikeine vir hul gedrag en optrede tydens die oorlog te beboet. Nie slegs boetes is opgelê nie, maar party se plase is gekonfiskeer. Winburgers wie se plase gekonfiskeer is, is die volgende: J.D. van Coller Snr., se plaas Vaalkrans, J.H. dela Rey se plase Welgevonden en Delareysfontein, Andries Cronje se plase Goedgemeen en Junctions Drift, Andries P. Cronje se plase Allemanskraal en Welgelegen, S.J. de Beer/...

41. Ibid., p. 352.

42. A.C., 2/1., Brief van W.J. Hogge en C.M. Owen aan sir Harry Smith, 15 Desember 1851.

S.J. de Beer se Kafferfontein en I.A. Cronje se Welge=
lege.⁴³ Behalwe vir bogenoemde plase wat gekonfiskeer
is, is die volgende Winburgers ook beboet:⁴⁴

| | | | |
|-------------------|------|----------------|-----|
| P.L. Moolman | £75 | N. Prinsloo | £25 |
| J. van Schalkwijk | £25 | C. Froneman | £50 |
| D.H. Crouse | £75 | J. vd. Merwe | £25 |
| W.L. Sevenster | £75 | G. vd. Merwe | £25 |
| J.D. Cilliers | £150 | J. vd. Merwe | £25 |
| J.P. Botha | £50 | P.L. Moolman | £25 |
| A. Pieterse | £15 | C. vd. Hever | £25 |
| J.A. du Plessis | £25 | P. Venter | £50 |
| S.F. du Plessis | £15 | W. Venter | £50 |
| P. v. Vrede | £25 | A. Luis | £15 |
| S.J. Burger | £15 | G. Olivier | £15 |
| J. du Plessis | £15 | J. Luis | £15 |
| A. Nel | £25 | F.W. Sevenster | £25 |
| A.H.J. Rall | £15 | D. Erasmus | £20 |
| A. Nieman | £50 | J. Reijneke | £25 |
| G Coetzee | £25 | H.J. Fouche | £15 |
| J.D. Cronje | £15 | J.H. Nel | £50 |
| J.B.P. Botha | £10 | J. Olivier | £25 |
| J. Pretorius | £15 | A. Smit | £15 |
| D. Fourie | £15 | J. Smit | £15 |
| Z. Koekemoer | £15 | G. Smit | £25 |
| P. Kock | £10 | J.F. Scheepers | £15 |
| M. Prinsloo | £50 | M. v. Rooyen | £25 |

A. van Niekerk/...

43. S.C., 3/6., Lys van gekonfiskeerde plase in
distrik Winburg .

44. S.C., 3/6., Lys van Winburgers wat beboet is en
die boetes wat opgelê en betaal is .

A. van Niekerk £30
P. van Biljon £15
G. Britts £15
H.N.J. Meijer £10
C. Crouse £15
J.W.J. van Vuuren £10
L.M. van Rensburg £15
D. Pieterse £30
F. Pieterse £15
J.C. Venter £15
T. du Buson £10
P.S.W. Coetser £10
J.J. Coetzer £10
J.H. Steenkamp £10
A.S. Cilliers £10
J. Pieterse £50
B. van Niekerk £10
O. Mienie £10
J. Goosen £15
T.J. Botha £15

J.J. Botes £25
F. Pieterse £30
J. Olivier £10
J.D. Cilliers £100
C. Erasmus £20
J.L. vd. Venter £50
J. Nel £7/10/0
P.H. Pretorius £7/10/0
D.H. Botha £7/10/0
J.L. Pretorius £6
W.P. v. Oudshoorn £7/10/0
H. vd. Merwe £7/10/0
H. Reijneke £7/10/0
J. de Clerq £25
H. Stoop £10
R.P. Botha £7/10/0
W.C. Coetzer £7/10/0
W.C. Coetzer Snr. £5
M.W. Pretorius (boete nie
vermeld)

n Sestienjarige seun, Jan D. Cronje, is in Winburg gevang
en in die tronk gestop vir sy aandeel in die oproer.
Omdat sy perd egter weggeraak het terwyl hy in die tronk
was, is die verlies van die perd as boete gevat terwyl
nog £5 aan hom terugbetaal is. Interessant is die
verhaal

verhaal van Dirk de Vos wat begenadig is, want tydens sy verhoor het aan die lig gekom, "... a poor schoolmaster among the Sand River Boers was forced to write the Memorial at Cronje's Sand River, calling in Pretorius, but would not sign it - He rode away as he would have nothing to do with it." 45

Altesaam £2347 is aan boetes in Winburg ingesamel en hierdie geld is in die militêre kas gestort. Hierdie boetes het nie slegs die inwoners met wrewel vervul nie, maar dit sou nog n nasleep hê. Andries Pretorius het na die ondertekening van die Sandrivier-Konvensie die kommissarisse probeer oorreed om die burgers van die boetes vry te skeld en D.C. Grant, die prokureur van Bloemfontein, het ook die oplegging van die boetes skerp veroordeel. In n brief aan Henry Green, die Britse Resident wat in Majoor Warden se plek aangestel is, sê hy: "A war is got up with the Native Tribes in regard to matters about which not a single farmer or settler in the Sovereignty, whose vocation it was to earn his bread by the sweat of his brow care one single farthing." Hy sê ook verder: "... (a war) was put in motion during an unprecedentedly inclement and unfavourable season for man and beast. Burghers were summoned out who could scarcely lay hold on a horse fit to be ridden on their legitimate errands. Shall we then stand with hands in pockets - to be plundered and murdered?" 46
The/...

45. S.C., 3/6., Lys van boetes .

46. B. R., 1/2., Brief van D.C. Grant aan H. Green ,
13 Augustus 1852.

The Friend of the Sovereignty het sy afkeur nog sterker uitgespreek. In 'n artikel skryf hy, "... that there is to be no trial - but on the contrary a Commission has set itself up, and that it proceeds in a very summary unceremonious manner to fine the persons presumed to be guilty. Surely this cannot be. The Commissioners cannot fine any British subjects, unless the tribunal be first of all constituted under due authority, and its formation and powers be published for general information in the Government Gazette. The Members of the Commission cannot legally perform the functions of Public Prosecutor, Judge and Jury. There are many Boers on the Sand River, and on the Wittebergen that have acted very badly - but the most culpable citizen is entitled to a fair and formal trial, and we protest against a farmer being fined one shilling in an informal and illegal manner."⁴⁷

Indien hierdie boetes aangewend is om dié Winburgers wat gedurende die oorlog skade gely het, te vergoed, sou dit miskien nog geregverdig gewees het, maar al hierdie geld is gebruik om die militêre onkoste te dek. Die Winburgers was dus billik ontstoke, want hulle moes betaal vir 'n oorlog waarmee hulle niks te doen gehad het nie. Die Winburgers het wel £2347 aan boetes betaal, maar hulle het skade ten bedrae van £7411 (R 14822) gely. Sommige Winburgers het dan ook groot skade

gely/...

47. The Friend of the Sovereignty, 1 Maart 1852.

gely, want slegs £832 is aan die Winburgers as skadevergoeding uitbetaal. Winburgers wat skade gely het, was o.a. Matthys J. Wessels wat £486 geëis het, maar wat slegs £54 gekry het, Hermanus Wessels het £379 geëis en slegs £41 gekry, George Vergottini het £282 geëis en slegs £31 gekry, M.H. Wessels het £456 geëis en slegs £51 gekry, terwyl J.W. Wessels maar £31 van die £280 wat hy geëis het, gekry het.⁴⁸

Die kommissarisse het hulle egter nie net met die op=legging van boetes besig gehou nie en so ver as wat hulle gegaan het, het hulle die gevoelens van die inwoners m.b.t. die voortsetting van Britse gesag getoets. Hoewel die meeste inwoners teen die Britse bewind gekant was, was daar tog 'n klomp wat die Britse gesag goedge=sind was. Die kommissarisse het dus eers probeer om die Britse administrasie in die Oranjerivier-Soewereiniteit te behou. Hulle het ook gedink dat indien Andries Pretorius toegelaat sou word om sy eie onafhanklike republiek ten noorde van die Vaalrivier te stig, sake in die Oranjerivier-Soewereiniteit sou regkom. Hierdie sienswyse van hulle het dan tot die ondertekening van die Sandrivier-Konvensie gelei en volgens hierdie Konvensie het die Trekkers noord van die Vaalrivier hul onafhanklikheid van Engeland gekry.

Vir die Boere in die Soewereiniteit was dit 'n groot teleurstelling, want hulle het nie hul onafhanklikheid gekry/...

48. A.C., 1/2. Lys van skadevergoeding aan Winburg uitbetaal .

gekry nie. Sake sou egter anders verloop as wat die kommissarisse gehoop het, want Mosjwesje het in gebreke gebly om die skadevergoeding te betaal wat die kommissarisse hom opgelê het. Nadat sir George Cathcart wat sir Harry Smith as goewerneur opgevolg het die Xhosa in die Kaapkolonie onderwerp het, het hy besluit om teen Mosjwesjwe op te trek. Deur lis en krygsvernuf het Mosjwesjwe egter daarin geslaag om sir George Cathcart se mag by Bereaberg, naby die teenswoordige Maseru, te verdeel en te verslaan. Mosjwesjwe het egter voorgesê dat dit hy is wat verslaan is, en om vrede gesmeek.

Sir George Cathcart was maar al te bly om aan hierdie versoek van Mosjwesjwe te voldoen en het so gou moontlik uit die Oranjerivier-Soewereiniteit padgegee. Die Britse regering in Engeland het egter dwarsdeur hierdie bedrogspel gesien en het besef dat sake nog nie opgelos is nie en dat 'n grootskaalse oorlog nodig sou wees om sake te besleg. Dit sou baie geld kos en die gevolg was dat besluit is om die Oranjerivier-Soewereiniteit te ontruim.⁴⁹

Met dié doel is sir George Russel Clerk as kommissaris benoem om sake in die Oranjerivier-Soewereiniteit uit te stryk en om die Blankes voor te berei vir die terugtrekking van die Britse gesag. Na sy aankoms in Augustus 1853 in Bloemfontein, is 'n vergadering bestaande

uit/...

49. A.J.H. vd. Walt, J.A. Wiid, A.L. Geyer, Op cit., p, 343.

uit afgevaardigdes van die verskeie distrikte gehou.
Die Winburgse afgevaardigdes by hierdie vergadering was
die volgende persone:⁵⁰

Winburg dorp: George Vergottini.
Winburg distrik: H.W. Wessels, J. Janse v. Rensburg,
kommandant M. Wessels, H. Geldenhuys.
Taaibeschspruitwyk: R. van Rooyen, L. de Jager,
J. Human, T. de Villiers.
Sandrivierwyk: J. Vermeulen en W. Venter.
Vetrivierwyk: A.C. Greyling, T. Theron,
A. Pretorius.
Wittebergen: J. Fick, P.A. Venter, P.L. Moelman.
Doornkopwyk: F. Senekal, M. van Rooyen,
J.D. Cilliers.

Nieteenstaande die sterk teenkanting van die Britsgesinde
inwoners, is tog besluit om die Oranjerivier-Soewer-
einiteit te ontruim en op 23 Februarie 1854 is die
Bloemfontein-Konvensie onderteken en so het die Repu-
bliek van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom. Win-
burg se verteenwoordigers by die ondertekening van hier-
die Konvensie was F.P. Schnahage, M.J. Wessels,
C.J.F. du Plooy, F.P. Senekal, P.L. Moelman en
J.I.J. Fick.⁵¹

Tydens die samesprekinge is besluit om skadevergoeding
vir verliese tydens die oorlog gely, uit te betaal.

Vir/...

50. The Friend of the Sovereignty, 8 September 1853.

51. S.C., 3/9., Copies of the Bloemfontein Conven-
tion, 23 Februarie 1854.

Vir die Winburgers was daar n ekstra meevallertjie, want tydens die samesprekinge is ook besluit om die boetes wat kommissarisse W. Hogge en C.M. Owen opgelê het, aan die Winburgers terug te betaal. In n brief aan die Hertog van Newcastle, skryf sir George Russel Clerk dat dit nie meer as reg is nie dat daardie Winburgers vergoed moes word nie, want sê hy, "The Boers referred to were by means of our own, placed in a position of hostility towards the British Government." 52

Somegige Winburgers soos o.a. H. Wessels, was teen die ontruiming van die Oranjerivier-Soewereiniteit deur die Britte en het sterk beswaar gemaak, maar sir George Russel Clerk sou hom nie laat beïnvloed nie.

So het dan die Republiek van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom. Van hierdie nuwe republiek sou Winburg, die oudste Voortrekkerdorp met sy stormagtige geskiedenis, deel uitmaak.

52. S.C., 2/2., Brief van sir G.R. Clerk aan die Hertog van Newcastle, 18 Mei 1854.

H O O F S T U K V.

WINBURG EN SY MENSE 1854 - 1868.


Na die sluiting van die Bloemfontein-konvensie in 1854, is Josias Philip Hoffman as eerste president van die nuwe republiek verkies. Voorts is 'n Volksraad wat uit 29 verkose lede bestaan het, in die lewe geroep. Die nuwe republiek het verder uit die volgende distrikte bestaan, nl., Bloemfontein, Winburg, Harrismith, Smithfield en Fauresmith. Met die tot standkoming van die republiek van die Oranje-Vrystaat is die lang gekoesterde ideaal van die Vrystaatse Voortrekkers uiteindelik verwesenlik. In die verkryging van hul onafhanklikheid was die Winburgers seker die blyste, maar dit sou glad nie die einde van al hul moeilikhede en probleme wees nie.

Aanvanklik was Winburg die grootste van die vyf distrikte en in The Friend of the Free State van 8 Maart 1856 word Winburg se grense soos volg uiteengesit: "Van de Basuto grenslyn tot naar Kaffer Kop, blyft de oude lyn, door het Britsche Gouvernement bepaald, bestaan; van daar tusschen de plaatsen van Roos en Stoops, met eene regte lyn tot naar Platte Kop; van daar met eene regte lyn tot aan de Wilge Rivier, tegen over de Westzijde van Zeekoe Vallei, aan eene draai van de Wilgerrivier; van waar dezelve in de Vaalrivier loopt. Van de grenslyn van Maroko, alwaar een baken geplaatst is, zynde te gelyk het hoekbaken van de plaatsen Verkeerde Vallei en Dwaalspruit die onder Winburg, en van de plaats Nooitgedacht, die onder Bloemfontein, behooren; van daar tot aan het hoekbaken van Verkeerde Vallei/...

KAART NR. V.

GRENSE VAN WINBURG 1854.

(By benadering).



Kaart volgens: George Philip & Son, Kaart van die Oranje-Vrystaat, 1951.

Verkeerde Vallei en Wildebeesten Fontein; van daar naar het hoekbaken van Wildbeesten Fontein, Paapkuil Fontein, en een stuk Gouvernements grond; van daar naar een hoekbaken van het gemelde stuk Gouvernements grond en de plaats Top Fontein; van daar met een regte lyn, tot aan het Zuid Weste hoekbaken van Pietersberg; voorts tot aan het Westelyke hoekbaken van Pietersberg en Biesjesbult; van daar, naar eene hooge klip op de zoogenaamde Houtrand, zynde het Noordelyke hoekbaken van de plaatsen Houtrand en Biesjesbult; van daar met eene regte lyn, naar den top van Basberg; van daar naar de middelste kop van de zoogenaamde Drie koppen; van daar naar de plaats Bormansfontein; van daar naar en over de plaatsen Beyersfontein, Gannapan, Leeuwfontein en Kalkfontein, tot aan de Vaalrivier, zullende al de gemelde plaatsen waarover de lyn loopt van Basberg af tot aan de Vaalrivier, aan den kant van het District van Bloemfontein vallen.¹

Uit bogenoemde grensbepaling blyk dit dan daaruit dat Winburg in 1854 ongeveer die volgende huidige distrikte omsluit het: Brandfort, Marquard, Ficksburg, Fouriesburg, Senekal, Ventersburg, Theunissen, Bultfontein, Hoopstad, Wesselsbron, Welkom, Bothaville, Virginia, Henneman, Krconstad, Viljoenskroon, Vredefort, Lindley, Reitz, Heilbron, Frankfort, Parys, Koppies, Petrus Steyn, Edenville, Odendaalsrus.

Hierdie geweldige distrik wat meer as n kwart van die O.V.S. beslaan het, was tesame met die dorp in twaalf

wyke/...

1. The Friend of the Free State, 8 Maart 1856.

wyke verdeel, elk met sy eie veldkornet. In die dorp self sou die landdros natuurlik die belangrikste staatsamptenaar wees. Die verskillende wyke met hul veldkornette was soos volg:

1. Winburg dorp.
2. Winburg wyk - vk. P. Geldenhuis.
3. Onder Wittebergen - vk. F. Senekal.
4. Boven Wittebergen - vk. J.I.J. Fick.
5. Taaiboschspruit - vk. G.H. van Vrede.
6. Vette Rivier - vk. A. Pretorius.
7. Zand Rivier - vk. W. Venter.
8. Boven Valsch Rivier - vk. E. Engelbrecht.
9. Onder Valsch Rivier - vk. J.G. Dreyer.
10. Boven Rhenoster Rivier - vk. C.A. Smith.
11. Onder Rhenoster Rivier - vk. H.J. van Staden.
12. Wilge Rivier - vk. J.N. Roets.

Sommige van bogenoemde veldkornette het 'n baie belangrike rol in die geskiedenis van Winburg gespeel. Veral veldkornette F.P. Senekal en J.I.J. Fick, het diep spore getrap en hul nagedagtenis leef vandag nog voort in die twee dorpe wat na hulle vernoem is.

Frederik Petrus Senekal het hom op die plaas Doornkop in die wyk Onder-Wittebergen gevestig en in 1853 het hy veldkornet van daardie wyk geword. In 1854 word hy een van die eerste vrederegters van die O.V.S. en in 1856 vergesel hy die Winburgse kommando tydens die strafveldtog teen Witsi. Hy word waarnemende kommandant van

hierdie/...

hierdie kommando en vir sy dienste betuig die Volksraad sy dank aan, "den commandant Senekal en sijne officieren en manschappen wegens den ijver en volharding."²

In 1857 word hy Kommandant-generaal van die O.V.S. en dit was sy taak om die Transvaalse mag teen te staan toe pres. M.W. Pretorius van die Z.A.R. van plan was om die O.V.S. by die Z.A.R. in te lyf. Deur sy takt en kalnte is bloedvergieting en 'n burgeroorlog afgeweer. Tydens die oorlog met die Basoeto tree hy as gewone kommandant tot die stryd toe en as aanvoerder van die Winburgers behaal hy 'n groot oorwinning by Cathcartsdrif. Op 28 April 1858 het hy Kommandant-generaal geword en nog 'n verdere oorwinning oor die Basoeto by Morija behaal. Tydens die tweede oorlog met die Basoeto was F.P. Senekal 'n gewone burger en op 21 Febr. 1866 sneuwel hy tussen die Caledon- en Putsisanirivier. Sy stoflike oorskot is waarskynlik deur die Winburgse kommando in die omgewing van Leribe op die grens naby Ficksburg begrawe, maar die ligging van die graf is onbekend. Die dorp Senekal, aan die hoofpad tussen Harrismith en Winburg, is in 1875 na hom vernoem.³

Johan Izak Jacobus Fick het reeds tydens die Oranjeri- vier-Soewereiniteit diep spore in die geskiedenis van Winburg getrap. Onder meer het hy as veldkornet in die Slag van Viervoet geveg. Tydens die oorlog met die Basoeto in 1858 weier hy om te veg a.g.v. siekte onder sy vee/...

2. A.P.J. van Rensburg, S.A. Biografiese Woordeboek, Deel II, p. 669.

3. Ibid., p. 670.

vee en veral omdat hy besef het dat die O.V.S. nie vir die stryd opgewasse was nie. Tydens die tweede oorlog met die Basoeto in 1865 is hy tot Kommandant-generaal gekies. Hoewel die kommando onder sy aanvoering etlike oorwinnings behaal het, kon Thaba Bosigo nie ingeneem word nie. Tydens een van die aanvalle het Louw Wepener sy lewe verloor en kommandant-generaal J.I.J. Fick is beskuldig dat hy onbekwaam is. Onsuksesvolle memories waarin op sy ontslag aangedring is, is by die Volksraad ingedien. Hoewel hy nie Thaba Bosigo kon inneem nie, het hy egter die Verowerde Gebied as Vrystaatse besit geannekseer.

Tydens die derde oorlog met die Basoeto het hy nie aktief aan die krygsverrigtinge deelgeneem nie en na die oorlog het hy hom op die plaas Paul Ficksburg gevestig. In 1869 vereer die burgers van die distrik hom met die vernoeming van die dorp Ficksburg. Op 29 September 1892 is hy oorlede en sy stoflike oorskot rus aan die voet van die Fickmonument op Ficksburg.⁴

Wat die bevolking betref, blyk dit uit 'n sensus wat in 1856 in die distrik Winburg gehou is dat daar altesame 6617 siele was. Van hierdie getal was 4136 Blankes, 1005 beskaafde nie-blanke diensbodes en 1476 onbeskaafde Nie-Blankes. Van die 4136 Blankes was 859 mans, 738 getroude vroue en weduwees, 112 invalide, 1226 seuns en 1201 dogters. Dit blyk ook verder dat die dorp die kleinste blanke bevolking van die 12 wyke gehad het, nl.,
28 mans/...

4. Ibid., p. 241.

28 mans, 15 vroue, 22 seuns en 26 dogters. Dit is interessant om op die feit te let dat daar vir elke vrou amper twee mans was, terwyl die gemiddelde kindertal 3,2 per gesin was. Boven Valsch Rivier-wyk het die grootste blanke bevolking gehad, nl., 143 mans, 115 vroue, 8 invalide, 254 seuns en 204 dogters. Ongelukkig maak die sensus nie melding van die grootte van die gesinne nie, maar uit die gegewens kan afgelei word dat 'n ouerpaar gemiddeld 3,2 kinders gehad het.⁵

Volgens die sensus blyk dit ook dat die distrik Winburg in 1856 'n blanke getalsvoorsprong in die verhouding van 1,6: 1 op die Nie-Blankes gehad het. Van die 2581 Nie-Blankes het die dorp slegs 149 gehad en van hierdie getal was 57 kinders. Die Wilge Rivier-Wyk het die minste Nie-Blankes gehad. Daar was slegs 4 mans, 3 vroue en 16 kinders. Die rede is waarskynlik dat hierdie wyk die mees noordelike wyk was en dus die verste van Basoeto-land geleë was.⁶

Die distrik was voorts ook ryk aan rytuie en perde. Daar was nie minder as 700 ossewaens, 79 perdewaens, 60 perdekarre en 8146 perde nie. Die dorp self kon spog met 13 ossewaens, 2 perdewaens, 3 perdekarre en 118 perde. Reeds in 1856 was Winburg 'n belangrike boerdery-distrik, want volgens die sensus was daar 71365

beeste, /...

5. S.A. Argiefstukke Deel II, Notule van die Volksraad van die O.V.S., Deel II, 1856-1857, Bylaag 59, 1856.

6. Ibid., 1856.

beeste, 208095 wolskape, 22546 bokke en 6628 Afrikaner=
skape.⁷

Gedurende hierdie veertien jaar was daar nie minder dan nege landdroste aan bewind in Winburg nie. Die uitgestrektheid van die distrik, moeilikhede met die Nie-Blankes, tweedrag onder die blanke inwoners en ander persoonlike probleme het veroorsaak dat die amp van landdros 'n veeleisende taak was. Landdroste het dan ook gekom en gegaan en die gevolg was dat daar geen stabiliteit gekom het nie.

Die eerste landdros onder die nuwe bedeling was Friedrich Peter Schnehage. Hy is in 1811 in Hamburg, Duitsland gebore en is die stamvader van die Schnehage-familie in Suid-Afrika. Sy vrou was Henriette Müller van Kopenhagen en sy dogter, Martha, gebore op 10 Desember 1843, is die eerste Blanke wat in Winburg gebore is.⁸

As handelaar was hy 'n bekende persoon, maar deurdat hy nie vir sy taak opgelei was nie, was hy nie opgewasse om die moeilike amp van landdros in 'n distrik soos Winburg, te volvoer nie. Baie Winburgers was openlik teen hom gekant en 'n briefskrywer in The Friend of the Free State het hom soos volg oor die landdros uitgelaat: "... menschen die niet eens ordinaire opvoeding gehad hebben - menschen die beter met de kleermakers naald of hoedemakers blok kunnen werken - dan met de pen of lessenaar, zoo als Schnehage."⁹

Benewens/...

7. Ibid.

8. D.F. du T. Malherbe, Stamregister van die S.A. Volk, p. 901.

9. The Friend of the Free State, 25 Maart 1854.

Benewens sy amp as landdros, was hy ook nog posmeester, provisionele klerk, konstabel en magasynmeester. Hy het ook alle kruitverkope beheer. Behalwe hierdie ampte, was hy nog die eienaar van 'n groot winkel.

As gevolg van al die kritiek het hy as landdros bedank. Al hierdie kritiek was egter nie geregverdig nie. Dit moet nie uit die oog verloor word nie dat Winburg 'n groot en uitgestrekte distrik was en dat 'n groot persentasie van die inwoners nie aan enige vorm van gesag gewoond was nie. Later sou hy tot die politiek toetree en vanaf 1858 tot 1888 was hy Volksraadlid vir Winburg. Sy stoflike oorskot rus in die familiekelder in die begraafplaas van Winburg.

Die vakante betrekking is hierna aan Jurie Wessels aangebied, maar hy was nie bereid om dit te aanvaar nie. President Josias Hoffman het toe die betrekking van landdros aan Joseph Millerd Orpen aangebied omdat, "... there appeared to be some danger looming from the Transvaal side and an alert and careful officer was needed to meet that danger,"¹⁰

Joseph M. Orpen is in Dublin, Ierland gebore. Aanvanklik wou hy hom as geneesheer bekwaam, maar in 1846 het hy besluit om 'n skaapboer in Suid-Afrika te word. Sy broers, Francis en Charles, het alreeds op die plaas Taaiboschfontein, in Colesberg, geboer. Deurdat die skaapboerdery nie wou vlot nie, bekwaam hy hom as landmeter/...

10. J.M. Orpen, Reminiscences of Life in South Africa, p. 223.

landmeter en in 1852 het hy hom in die Oranjerivier-Soewereiniteit gevestig. Met die totstandkoming van die Oranje-Vrystaat, word hy deur die inwoners van Harrismith tot lid van die volksraad van die nuwe republiek gekies.¹¹

In Augustus 1854 het hy op 25 jarige ouderdom sy pligte as landdros van Winburg aanvaar. Behalwe landdros, was hy ook ex officio lid van die Volksraad. Net soos sy voorganger, het hy ook geen opleiding vir sy amp gehad nie, maar het hom nogtans goed van sy taak gekwyt. Hy het veral besondere takt t.o.v. die Basoeto aan die dag gelê en is verskeie kere deur die Volksraad na Mosjwesjwe gestuur om geskille te besleg en om grensreëlings te tref.¹²

Onder sy aanvoering is 'n klomp Boesmans uit die distrik verdryf. Op 'n plaas van Jan Pieterse, ongeveer 20 kilometer van die dorp, was daar 'n klomp Boesmans wat voortdurend moeilikheid gemaak het. Landdros Orpen, kommandant Adriaan Stander en 30 burgers het teen die Boesmans opgetrek. In die skermutseling wat gevolg het, is 'n sekere Barnard, Thys Wessels en konstabel James Mitchell gedood, terwyl kommandant Adriaan Stander en landdros Orpen gewond is.¹³ Landdros Orpen het kommandant Stander se lewe gered deurdat hy 'n stuk vleis uit laasse noemde se wond gesny en die vergiftigde bloed uitgesuig het.¹⁴

Van/...

11. Suid-Afrikaanse Biografiese Woordeboek, Deel I, p. 629.

12. Ibid., p. 629.

13. J.M. Orpen, Op cit., p. 281.

14. The Friend of the Free State, 20 Januarie 1855.

Van die landdros se grootste take was die registrasie van plase en die insameling van rekognisiegeld. Deurdat die Volksraad in 1854 besluit het om die landdroskantoor van Harrismith op te hef en by die distrik Winburg in te lyf, was landdros Orpen soms weke lank in dié distrik werk=saam. In sy afwesigheid het James Melville, die landdrosklerk, as landdros ageer. In Oktober 1856, terwyl landdros Orpen met 'n kommando teen Witsi, die rowerkaptein, opgetrek het, het James Mellville ernstig siek geword en gesterf. George Vergottini, die een winkelier, het toe tydelik as landdros waargeneem.¹⁵

Na James Melville se dood, is 'n tekort in die distrikskas ontdek. Blykbaar is nie goed boekgehou van die verkoop van buskruit nie. Mnr. A Roberts, staatsprokureur, is na Winburg gestuur en sy bevinding was, "... dat de toestand waarin ik het publieke kantoor gebouw alsmede het gevangenhuis vond aller schandelijkst was."¹⁶ Die tekort in die distrikskas, maar veral die hofsaak van C.L. Cox wat beskuldig was van die moord op sy vrou en twee kinders, het landdros Orpen laat besluit om sy amp neer te lê. Landdros Orpen was 'n Engelssprekende en aangesien genoemde Cox ook 'n Engelssprekende was, is politieke munt uit die saak geslaan.¹⁷

Op/...

-
15. G.S. 964. Brief van George Vergottini aan die Goewermentsekretaris, 9 Oktober 1856.
 16. G.S. 964. Brief van A. Roberts aan die Goewermentsekretaris, 13 Desember 1856.
 17. L.B. vd. Walt, Die ontstaan en groei van Winburg, p. 23.

Op 2 Februarie 1857 is James Michiel Gristock Howell in Joseph Orpen se plek as landdros aangestel. Hy was die seun van James Howell wat vroeg in die 19de eeu uit Engeland na die Kaap geëmigreer het. Die jong James Howell was 'n gebore avonturier en op jeugdige ouderdom het hy aan die Grensoorlog van 1835 - 1836 deelgeneem. Laater was hy bode van die Hof in Colesberg.¹⁸ In Colesberg sou hy egter nie rus vir sy "wanderlust" kry nie en gevolglik vertrek hy na Natal waar hy mede-stigter van die Natal Standard and Farmer's Courant geword het.¹⁹ In Natal het James Howell vir Andries Pretorius leer ken en laasgenoemde het dan ook net die grootste agting en lof vir hierdie onverskrokke Engelsman gehad. Aanvanklik was James Howell ook bevriend met J.N. Boshof en nadat hierdie vriend van hom president van die O.V.S. geword het, is James Howell as landdros van Winburg aangestel.

James Howell se ampstermyn sou gekenmerk word deur onstuimigheid en soms wetteloosheid, terwyl die Basoetovraagstuk altyd soos 'n swaard oor die koppe van die Winburgers gehang het. Tydens sy ampstermyn is met die onderverdeling van die distrik begin. Omdat die distrik so uitgestrek was, is die leemte aan nog sentra gevoel. So is Kroonstad en Senekal gestig. Hierdie sentra sou egter nog vir 'n lang ruk onder die drosdy van Winburg resorteer.

James/...

18. The Friend of the Free State, 25 Julie 1872.

19. R.N. Currey, Standard Encyclopaedia of Southern Africa, Vol. 5, p. 641.

James Howell het hom, as landdros van Winburg, knap van sy taak gekwyt. In die uitvoering van sy pligte is hy getrou deur A.A. Stuart, die landdrosklerk, bygestaan. Genoemde Stuart was vroeër n landdrosklerk in Transvaal en in 1857 het hy landdrosklerk op Winburg geword.²⁰ Tydens die oorlog met die Basoeto het landdros Howell n aktiewe rol gespeel en in die Slag by Cathcartsdrif waar die Basoeto n groot nederlaag toegedien is, het hy saam met die Winburgse kommando dapper geveg.²¹ In Julie 1858 het hy en n aantal Winburgers ook die suksesvolle veldtog teen Scheel Kobus, die roofsugtige Boesmankaptein wat die O.V.S. van oor die Vaalrivier binnegeval het, meegemaak.²²

n Baie netelige vraagstuk waarmee landdros Howell te kampe gehad het, was die kwessie van die federasie van die O.V.S. met die Z.A.R. M.W. Pretorius, president van die Z.A.R., het n vereniging tussen die Z.A.R. en die O.V.S. begeer en omdat die O.V.S. in n worstelstryd met die Basoeto gewikkel was, het baie Vrystaters òf n vereniging met die Z.A.R. òf die Kaapkolonie voorgestaan. In Winburg is selfs op 8 September 1858 n vergadering onder voorsitterskap van F.P. Schnehage gehou met die oog op n moontlike federasie met die Kaapkolonie. Hulle het naamlik gevoel dat hulle deur vyande omring is en dat baie burgers van die O.V.S. na die Z.A.R. oorloop.²³

Hierdie/...

20. J.H. Malan, Die opkoms van n Republiek, p. 404.

21. The Friend of the Free State, 16 Julie 1858.

22. Ibid., 16 Julie 1858.

23. G.S. 971. Notule van n publieke vergadering gehou op 8 September 1858 te Winburg.

Hierdie Winburgers wou liever met die Kaapkolonie federereer as om met die Z.A.R. te verenig. Gelukkig was nie een van hierdie federasieskemas suksesvol nie.

Landdros Howell het midde in hierdie federasiestryd gestaan en toe die stryd op sy felste was, is hy, vergesels van 'n kommando, na die Vaalrivier om die invallende Transvalers te keer. Gelukkig was daar geen bloedvergieting nie en uiteindelik is die Transvalers ooreed om oor die Vaalrivier terug te trek.²⁴

In 1859 het landdros James Howell in onguns by die Volksraad begin raak. Die vernaamste rede hiervoor was sy optrede tydens die saak teen Edwin Hart en die aanstelling van J. de Kock as landdrosklerk van Winburg. J. de Kock was pres. J.N. Boshof se skoonseun. Teen hierdie aanstelling het Landdros Howell in die sterkste taal protes aangeteken en versoek dat De Kock van Winburg verwyder moes word en so het hy die gramskap van die president op hom gehaal. In die Edwin Hart-saak het Hart se advokaat, Baart dela Faille van Winburg, aangevoer dat die hof onbevoeg was om die saak te verhoor. Edwin Hart en advokaat Dela Faille was landdros Howell se vriende en gevolglik het hy advokaat Dela Faille gesteun, die hof verdaag, uitgeloop en kwetsende aanmerkings oor president Boshof gemaak.²⁵

Hierdie daad van landdros Howell was 'n openlike daad van insubordinasie teenoor die staat en gevolglik het die Volksraad/...

24. J.H. Malan, Op cit., p. 329.

25. G.S. 974. Brief van staatsprokureur A. Roberts aan die Goewermentsekretaris, 21 April 1859.

Volksraad hom as landdros gesuspendeer en verder is opdrag gegee om hom in hegtenis te neem.²⁶

Nadat James Howell gesuspendeer is, het die Volksraad vir D.J. Cloete, die landdros van Harrismith, as landdros van Winburg aangestel. Hy het egter vir die amp bedank en toe is I.H.M. Valckenaer, van Smithfield, as landdros van Winburg aangestel.²⁷

Landdros Valckenaer wat van nature maar versigtig en papbroekig was, het 'n moeilike tydjie in Winburg belewe. Niemand wou hom help om James Howell te arresteer nie en gevolglik het hy maar na Bloemfontein spore gemaak onder die dekmantel dat hy "te skande-siek" is.²⁸ Hierdie moeilike taak het toe op L.T. Lenting, 'n Hollander wat klerk in die landdroshof was, geval. Lenting, bygestaan deur J. Heijermans, het na James Howell se huis gegaan waar hulle hom verras, gewond en toe in hegtenis geneem het. Die gewonde Howell is toe op F.P. Schnehage se perdewa gelaai en na Bloemfontein geneem waar hy in die tronk opgesluit is.²⁹

Gedurende die nag het Howell se vriende, B. dela Faille, G.H. Loch, R. Peach en A. Elliot hom egter ontset en is F.P. Schnehage se wa beskadig en in die spruit gegooi.³⁰

Hierna/...

26. Aanspraak Volksraadsnotule, 6 Februarie 1860.

27. The Friend of the Free State, 6 Mei 1859.

28. J.H. Malan, Op cit., p. 409.

29. Ibid., p. 411.

30. G.S. 975. Beëdigde verklaring van W. Wohltitz voor A.A. Stuart, waarnemende landdros, 26 Desember 1857.

Hierna het Winburg 'n tydperk van wetteloosheid belewe. Gewapen met 2 gewere, 'n pistool en 'n sabel het James Howell in Winburg se strate rondgery op soek na Lenting. Verder is daar ruite gebreek, die kerkklok is beskadig, die kanon is onbruikbaar gemaak terwyl F.P. Schnehage se wa weer beskadig is toe sy disselboom afgesaag is.³¹

Die einde van die saak was dat James Howell en Lenting op 'n pistool-tweegeveg besluit het.³² Howell het homself met twee gewere en 'n pistool bewapen, terwyl Lenting slegs 'n geweer gehad het. Die twee was albei reeds op die gevegsterrein, maar was onbewus van mekaar, want hulle was aan verskillende kante van die skansmuur van die dorp. Lenting het vir Howell verras, maar toe hy skiet, het hy geval en die skoot was mis. Hierna het Lenting vir Howell bestorm en hom met die kolf van die geweer geslaan totdat omstanders die twee uitmekaar gemaak het.³³

Na hierdie episode het James Howell na Potchefstroom vertrek en in Mei 1860 het hy die Volksraad in Bloemfontein per brief om verskoning gevra. Nadat hy beloof het om hom voortaan goed te gedra, het die Volksraad hom sy daade vergewe. Hy het hom hierna op Winburg gevestig en 'n agent- en afslaersbesigheid begin en voorts ook aktief in die samelewing deelgeneem.³⁴ Hy is op 14 Julie 1872 op 62 jarige ouderdom oorlede, nadat hy inflammasie opgedoen/...

31. G.S. 975. Brief van A. Stuart aan Goewermentsekretaris, 2 Januarie 1860.

32. The Friend of the Free State, 3 Februarie 1860.

33. L.B. vd. Walt, Op cit., p. 33.

34. J.H. Malan, Op cit., p. 414.

opgedoen het toe hy ganse gaan skiet het. Sy stoflike oorskot rus te Harrismith,³⁵ en dié van sy vrou, Carolina M. Johanna de Waal, rus op Grootvallei, die eertydse plaas van Jan Wessels in die distrik Bloemfontein.³⁶

Landdros I. Valckenaer se grootste probleem sou egter die onopgeloste Basoeto-vraagstuk wees. Hoewel die Winburgers in Desember 1860 n brief aan die Volksraad geskryf het waarin versoek is om die lafhartige landdros te verwyder, want hulle voel onveilig a.g.v. die Basoeto, het hy tog nog as landdros aangebly.³⁷ Selfs die regering van die O.V.S. was nie by magte om hierdie Basoeto-vraagstuk op daardie tydstip op te los nie. Na nog verdere kritiek, het landdros Valckenaer by die Volksraad aansoek gedoen om hom van sy pligte as landdros te onthef.³⁸ Vir n paar weke het F.P. Schnehage weer as landdros waargeneem en op 1 Maart 1861 is J.N. Uijs as landdros van Winburg aangestel.³⁹

Landdros J.N. Uijs was n ou bekende in Winburg, want hy was Volksraadlid van die wyk Onder-Vetrivier.⁴⁰ Gedurende sy ampstermyn het Winburg nie eintlik enige groei en vooruitgang getoon nie. Die politieke verwarring

wat/...

35. The Friend of the Free State, 25 Julie 1872.

36. J.H. Malan, Op cit., p. 305.

37. G.S. 976. Brief van J. Johnason aan die Goewermentsekretaris, 10 Desember 1860.

38. G.S. 976. Brief van I. Valckenaer aan Staatspresident, 22 Februarie 1861.

39. G.S. 976. Brief van J. Uijs aan Goewermentsekretaris, 12 Maart 1861.

40. The Friend of the Free State, 26 April 1861.

wat daar tussen die O.V.S. en die Z.A.R. geheers het en die dreigende Basoeto-gevaar, het soos 'n onweerswolk oor die inwoners van die O.V.S. gehang en dit het ook 'n nadelige invloed op die ontwikkeling van Winburg gehad. Soveel so dat die goewermentsonderwyser, A. Kok, aansoek gedoen het om na 'n ander plek verplaas te word, want die kinders is so min dat hulle eintlik nie 'n onderwyser regverdig nie.⁴¹

In Winburg het sake glad nie na wense verloop nie. Die grootste bron van ontevredenheid was die feit dat landdros J.N. Uijs nie streng genoeg teenoor die Nie-Blankes opgetree het nie. Dronkenskap en rondlopery deur Nie-Blankes was aan die orde van die dag en daar is selfs by die magasyn ingebreek en 30 kilogram kruit, 50 kilogram lood en 1 pistool gesteel.⁴² Die Winburgers was bitter ontevrede met landdros Uijs en onder leiding van F.P. Schnehage is 'n petisie opgestel, waarin die landdros versiek is om te bedank. Landdros Uijs wou egter nie bedank nie en het vir F.P. Schnehage tot 'n pistoolgeveg uitgedaag. Hierna is verskeie briewe aan die Goewermentsekretaris geskryf waarin versoek is dat landdros Uijs vervang moes word. Uiteindelik is 'n memorie aan die Volksraad voorgelê. Hierdie keer was die Winburgers suksesvol, want die Volksraad het landdros Uijs terugge-roep en kaptein C. von Brandis is in sy plek as landdros aangestel.⁴³ Die Winburgers was so bly om van landdros

J.N. Uijs/...

-
41. GS. 977. Brief van A. Kok aan J. Uijs, 1 Mei 1861.
42. G.S. 978. Brief van J.D. Cilliers aan Goewermentsekretaris, 24 Januarie 1862.
43. Notulen der verrigtingen van den Hoogedelen Volksraad, 17 Februarie 1862.

J.N. Uijs verlos te wees dat 'n jolige dinee met verskeie heildronke gehou is.

Carl Friedrich Peter Jacob von Brandis is in 1827 te Burgdorf in Duitsland gebore. Hy was afkomstig uit 'n adellike familie met 'n lang en trotse militêre geskiedenis en tradisie. So het sy vader aan die Slag van Waterloo deelgeneem, terwyl hyself in 1848 in maarskalk Radetzky se regiment wat Italië binnegeval het, diens gedoen het. Gedurende hierdie oorlog het hy 'n bajonetwond opgedoen as gevolg waarvan hy sy lewe lank kreupel was. Gedurende die Krimoorlog het hy kaptein van 'n Duitse legioen geword, maar voordat hy kon gaan veg, is vrede gesluit. In 1857 word hy een van die Duitse setlaars wat as koloniste na die Oosgrens gestuur is. Na die ontbinding van die leërafdeling onder sy bevel, vertrek hy in 1861 na die O.V.S. Aanvanklik dien hy as hoofkonstabel en later word hy private sekretaris van president M.W. Pretorius.⁴⁴

Vanaf sy aanstelling op 17 Februarie 1862 tot en met sy afdanking in 1866, sou kapt. Carl von Brandis sy pligte as landdros van Winburg nougeset volvoer. As militaris sou hy 'n ferme en strenge houding, nie net teenoor die Winburgers nie, maar ook teenoor die Nie-Blankes inneem. Die Winburgers het net die hoogste agting vir landdros Von Brandis gehad. Nie slegs is dronkenskap en rondlopery aan bande gelê nie, maar deur sy toedoen is Winburg op 'n oorlog met die Basoeto voorberei. So is die kanon weer herstel, die gewere in die magasyn is nagesien en/...

44. S.A. Biografiese Woordeboek, Deel I, p. 888.

en die geroeste sabels wat F.P. Schnehage nog gedurende sy ampstermyn as landdros ingevoer het, is skoongemaak, terwyl nog 'n aantal nuwe sabels aangekoop is.⁴⁵ Kapt. Von Brandis sou egter nie net na die veiligheid van die dorp omsien nie. Hy het ook probeer om die dorp te verbeter deur strate uit te meet en af te baken, terwyl 'n aanvang gemaak is om die dorpsmeent af te baken.⁴⁶

'n Groot vlieg in landdros Carl von Brandis se self was A.A. Stuart, sy landdrosklerk. Hulle twee kon glad nie oor die weg kom nie. Gelukkig het die Volksraad vir A. Stuart verplaas en Carl Bredell in sy plek aangestel. Die landdros was baie tevrede met sy nuwe klerk en tydens die landdros se siekte aan die einde van 1862 en begin 1863, het Carl Bredell as landdros waargeneem en hom baie goed van sy taak gekwyt.⁴⁷

Vanaf 1865 het kapt. Von Brandis egter in onguns by die Volksraad begin raak. Die onenigheid tussen die Volksraad en kapt. Von Brandis het ontstaan deurdat laasgenoemde nie altyd goedkeuring gevra het om sekere onkoste aan te gaan nie. So byvoorbeeld is 'n sonwyser van R35 opgerig, terwyl 'n bedrag van R7-40 vir verversings uitbetaal is aan die persone wat gehelp het om ontsnapte gevangenes aan te keer.⁴⁸ Die uiteinde was dat die

Volksraad/...

45. G.S. 978. Lijst van Zabels en Zabelkoppels,
7 Julie 1862.

46. G.S. 978. Brief van C. von Brandis aan Goewermentsekretaris, 12 Mei 1862.

47. G.S. 979. Brief van A. Roberts aan Goewermentsekretaris, 27 Januarie 1863.

48. Notule van die Volksraad, 3 Maart 1865.

Volksraad hom as landdros afgedank het en die landdros=
klerk, Carl Bredell, in Oktober 1866 as fungerende land=
dros aangestel het.

Voorts is 'n kommissie onder leiding van staatsprokureur
A. Roberts na Winburg gestuur om die landdros se boeke te
ouditeur. Hierdie kommissie, het na 'n deeglike onder=
soek, kapt. Von Brandis se naam in ere herstel, want in
hul verslag sê hulle, "... oortuigd zijnde dat er geene
oneerlijkheid heeft plaats gehad en dat Von Brandis im=
mer een ijwerig man en met de beste bedoelingen voor het
welzijn van die Gouvernment bezielde is."⁴⁹

Kapt. Von Brandis is egter nie in sy amp as landdros her=
stel nie en in 1868 het hy na die Transvaal verhuis. Na=
dat hy verskeie poste in die administrasie van die Z.A.R.
beklee het, het hy landdros van Johannesburg geword.
Hierdie amp het hy tot die inname van Johannesburg deur
lord Roberts op 31 Mei 1900, beklee. Hy is op 22 Junie
1903 oorlede en is in die ou Braamfonteinse begraafplaas
begrawe.⁵⁰ Sy nagedagtenis leef vandag nog voort in 'n
straat in Johannesburg wat na hom vernoem is.

Carl Bredell het onder moeilike omstandighede in Oktober
1866 landdros van Winburg geword. Baie Winburgers het
hom nie as 'n waardige opvolger van kapt. Von Brandis be=
skou nie en verskeie memories is aan die Volksraad voor=
gelê, waarin versoek is dat kapt. Von Brandis weer in sy

amp/...

49. G.S. 987. Uittreksel uit rapport van kommissie
onder leiding van A. Roberts, 26 November 1866.

50. S.A. Biografiese Woordeboek, Deel I, p. 888.

amp herstel moes word en dat Bredell verwyder moes word.⁵¹ Tydens die oorlog met die Basoeto sou die onenigheid tussen die inwoners en die landdros tot n hoogtepunt gedryf word. Omdat die Winburgers n Basoeto-aanval gevrees en ook verwag het, is besluit om wag te staan. F.P.Schnehage wat op daardie tydstep veldkornet was, het sekere regulasies m.b.t. die wagstanery afgekondig en ook wagbeurte ingestel. Hierdie regulasies is deur landdros Bredell onderskryf.

Dit het egter dikwels gebeur dat persone nie waggestaan het nie en soms het hulle die wagposte verlaat. Op een geleentheid het G. Loch, die kantienneienaar en vriend van James Howell, nie met sy geweer nie, maar met n pistool by die wagpos opgedaag en dit was strydig met artikel 3 van die regulasies van F.P. Schnehage wat o.m. bepaal het, "Ieder op wacht gecommanderen persoon zal verpligt zijn te verschenen met geladen geweer in goeden toestand en voorzien van een half pond kruid, dertig kogels en 50 dopjes."⁵² Vir hierdie versuim het landdros Bredell vir Loch met R1 beboet. Al die oortreders is voor die hof gedaag, maar omdat landdros Bredell nie sy vriende beboet het nie, is hy van partydigheid beskuldig. Die uiteinde van die saak was dat F.P. Schnehage voor Loch se kantien aangerand is. Vir hierdie aanranding is Loch later met R65 beboet.⁵³

Na/...

-
51. G.S. 986. Memorie van Winburgers aan die Staatspresident, 24 September 1866.
52. G.S. 988. Regulaties voor Wachtdiens, 12 Maart 1867.
53. G.S. 990. Brief van J. Sieberts aan die Goewermentse sekretaris, 3 Augustus 1867.

Na die aanranding op F.P. Schnehage het James Howell begin om die landdros uit te tart. Nadat Howell ook sy wagpos verlaat het, is hy met R2 of 2 dae tronkstraf beboet. James Howell wou egter nie die boete betaal nie en is tronk toe gestuur. Hy was skaars in die tronk of 'n sekere C. Willemse, een van James Howell se vriende betaal die boete. Hierna is hy huis toe. Hy het sy sweep gaan haal en is terug landdroskantoor toe. Naby George Vergottini se huis het Howell vir landdros Bredell raakgeloop. Hy het die landdros egter nie met die sweep bygedam nie, maar hom onder sy sitvlak geskop.⁵⁴ Die Volksraad het hierna 'n kommissie van ondersoek gelas, want Howell het die landdros openlik van partydigheid beskuldig. Na 'n deeglike ondersoek is Howell met R50 beboet. Landdros Bredell het gevra om uit sy pos ontslaan te word, want as landdros van Winburg was hy sy lewe nie meer seker nie.⁵⁵

Die Volksraad het Carl Bredell se bedanking aanvaar en op 1 Augustus 1867 is J.G. Sieberts, die landdros van Fauresmith, as landdros van Winburg aangestel. Landdros Sieberts sou egter net vir 'n maand in Winburg waarneem, want op 1 September 1867 is hy deur P.J. de Villiers, die landdrosklerk van Winburg, as fungerende landdros vervang. Hoewel De Villiers hom onder moeilike omstandighede baie knap van sy taak gekwyt het, en hoewel baie Winburgers hom graag as landdros wou behou het, was sy aanstelling/...

54. G.S. 989. Brief van C. Bredell aan die Staatspresident, 20 Mei 1867.

55. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 26 Julie 1867.

aanstelling net tydelik.⁵⁶ In sy plek sou die Volks=
raad vir J.W. Lotz aanstel.

Gedurende hierdie tydperk van 1854 - 1868, n bestek van
14 jaar, het Winburg dus nie minder dan nege landdroste
gehad nie. Dit was voorwaar die storm-en-drangtydperk
in die geskiedenis van Winburg en n landdros het sekerlik
nie altyd n aangename tydjie gehad nie. Die landdroste
het dan ook gekom en gegaan en dit is interssant om op
die feit te let dat n hele aantal van hierdie landdroste
buitelanders was wat in Winburg diep spore getrap het.
Die nie-blanke-vraagstuk was seker een van die grootste
probleme waarmee die landdroste van Winburg te kampe ge=
had het en dit was een van die oorsake dat daar so baie
landdroste in so n kort tydsbestek diens gedoen het.

Hierdie 14 jaar het Winburg onder die skaduwee van die
Basoeto-bedreiging verkeer en gevolglik was toestande
nooit heeltemal normaal nie. Daar was nooit die rustig=
heid nie en gevolglik is die vooruitgang, groei en ekon=
mie geweldig gestrem. Hierdie Basoeto-moeilikhede word
egter in n afsonderlike hoofstuk behandel.

Nieteenstaande die Basoeto-gevaar, het die handel en be=
roepswese tog in Winburg gegroei en toegeneem.

F.P. Schnehage het waarskynlik die eerste winkel in Win=
burg gehad. Later het George Vergottini ook n winkel
ooggemaak. In 1857, tydens landdros James Howell se
ampstermyn, is die volgende handelsslisensies uitgereik:

Gert Delport - rondgaande handelaar. (Smous).

Gert Engelbrecht/...

56. G.S. 990. Memorie van Winburgers aan die Staats=
president, Augustus 1867.

Gert Engelbrecht - rondgaande handelaar.
S. Harris - " "
James Ablett - " "
E. Hart - winkel.
F.P. Schnehage - winkel.
T. Bowes - "
George Vergottini - "
A. Elliot - vendusie-afslaer.
Thomas Bowes - dranklisensie.
John Johnason - dranklisensie.⁵⁷

In 1857 het Winburg 'n advokaat gekry in die persoon van advokaat Baart dela Faille. Hy was 'n Hollander en sou later 'n aktiewe rol in die politieke en sosiale bedrywighede van die dorp speel. Die eerste geneeshere wat hulle in Winburg gevestig het, was dr. B. Poortman en dr. J. Gibson. Aanvanklik was daar nie 'n hospitaal nie, maar met die pokkie-epidemie wat Winburg in 1860 geteister het, is dr. Poortman se woonhuis as hospitaal ingerig.⁵⁸ Tydens die tweede oorlog met die Basoeto het dr. William Mawby na Winburg gekom. Hy was eintlik die militêre dokter wat gewonde burgers moes versorg. In Febr. 1866 is hy egter deur die Krygsraad ontslaan. Volgens hom het sommige burgers onjuiste inligting aan die Krygsraad verskaf omdat hy nie aan hulle ongeschikheidsertifikate wou uitreik nie.⁵⁹

Nieteenstaande/...

57. G.S. 965. Brief van J. Howell aan Goewerment= sekretaris, 4 April 1857.

58. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 3 Augustus 1860.

59. G.S. 984. Brief van W. Mawby aan pres. J. Brand, 2 Februarie 1866.

Nieteenstaande die politieke onrus, het grondpryse tog geweldig in Winburg gestyg. In 1859 is die plaas Zee=koegat van Daniël Grobbelaar aan n mnr. Steijn vir R3000 verkoop. Vaalbank, van mnr. J.H. Ford, is ook vir R3000 aan Daniël van Tonder verkoop.⁶⁰ Die pryse wat vir hierdie plase betaal is, was baie hoog, veral as in aanmerking geneem is dat 1859 n baie droë jaar was. Hierdie groot droogte is eers in November 1860 gebreek toe n geweldige hael- en donderstorm losgebars het. Tydens hierdie haelstorm is 720 vensterruite op die dorp gebreek, terwyl talle vee in die distrik gedood is. So o.a. het Johannes van Rensburg 500 wolskape verloor, Cornelius du Plooy het 700 verloor, Johannes Borman het 1200 verloor, P. Meijer het 300 verloor, D.R. du Plooy het 280 verloor, Willem Venter het 800 verloor en F. Pieterse het 500 skape verloor. Daar is geskat dat die Winburgers ongeveer 40,000 skape tydens hierdie haelstorm verloor het.⁶¹

In 1862 was daar maar weer n geweldige droogte en produktepryse het die hoogte ingeskiet. Wyn is vir R1-10 per bottel verkoop, suiker is vir 15c vir 450 gram verkoop, terwyl 450 gram koffie 20 sent gekos het.⁶² Nieteenstaande die swak boerderytoestande is tussen Mei 18 1861 en Mei 1862 ongeveer 1440 bale wol geskeer, terwyl ongeveer R55,000-00 se goedere deur die winkeliers vir
verkoop/...

-
60. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 8 Julie 1859.
61. Ibid., 30 November 1860.
62. L. B. vd. Walt, Op cit., p. 35.

verkoop ingevoer is.⁶³ Na die beëindiging van die oorlog met die Basoeto sou nie net die handel nie, maar ook die boerderybedryf met rasseskrede vooruitgaan en hierdie oplewing sou met die ontdekking van diamante by Hopetown en Kimberley n verdere inspuiting kry.

Te midde van al die gevare en woelinge het die dorp tog gegroei. In 1856 was daar ongeveer 40 huise. Die meeste van hierdie huise was van ongebrande bakstene gebou en die strate was in n haglike toestand. Drinkwater is uit die fontein gekry en daar was geen doeltreffende sanitasie nie. Om na die belangrikste dorpsaangeleenthede om te sien, is daar op 22 Augustus 1857 op n Dorpsbestuur besluit.⁶⁴ Dit sou die voorloper van die latere Munisipaliteit in 1872 wees. Hierdie Dorpsbestuur moes veral toesien na die leibeurte uit die fontein. Om die landdros te help om wet en orde te handhaaf en ook om die dorp te help verdedig, is in 1857 n "Winburgsche Jaager Ruitery" in die lewe geroep.⁶⁵ Hierdie korps het uit ongeveer 40 persone bestaan en het elke drie maande n parade gehou.

Hoewel daar n spesiale hoofstuk oor die kerklike ontwikkeling is, kan hier net kortliks genoem word dat hoewel daar in Winburg nie weer n eie predikant was na ds. Dirk van Velden se vertrek in 1854 nie, n sierlike nuwe kerk in 1858 ingewy is. Eers in 1861 het Winburg weer n eie predikant/...

63. G.S. 978. Brief van F.P. Schnehage aan die Goewermentsekretaris, 26 Mei 1862.

64. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 5 September 1857.

65. Ibid., 19 September 1857.

predikant in die persoon van ds. H. van Broekhuizen gekry. In 1866 het hy egter weer na Holland teruggekeer en in 1867 is die vakature deur ds. P.A.C. van Heyningen gevul.⁶⁶

n Groot gebeurtenis was die instelling van n mark met H.L.W. Cremer as markmeester.⁶⁷ Die mark is goed ondersteun en het dikwels die bymekaarkomplek van die dorpenaars en boere geword. A.g.v. n gebrek aan geld was nie net die private wonings in Winburg in n swak toestand nie, maar die goewermentsgebou, veral die tronk, was in n gehawende toestand. Menige prisoner het dan ook uit die tronk ontsnap. In 1860 het twee gewapende bandiete uit die tronk ontsnap en toe hulle vasgekeer is, het hulle die konstabel doodgeskiet.⁶⁸ Die tronk was in so n swak toestand, dat al was die prisoners met kettings geboei, hulle tog nog kon ontsnap.

Tussen 1860 - 1861 was daar groot probleme m.b.t. die watervoorsiening van die dorp. Diere het by die fontein gewei, terwyl ganse en eende die water bevuil het. Sommige mense het selfs hul wasgoed by die fontein gewas. In Augustus 1861 is n Dorpsbestuur in die lewe geroep en hierdie komitee het bestaan uit F.P. Schnehage en J.D. Cilliers.⁶⁹ Hulle moes na die algemene welsyn van die dorp omsien en gevolglik is n bepaling opgestel wat
alle/...

66. G.B.A. Gerdener, Ons Kerk in die Transgariep, p. 154.

67. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 11 November 1859.

68. Ibid., 2 Maart 1860.

69. G.S. 977., Notule van Publieke byeenkoms gehou in die Landdroskantoor, 30 Augustus 1861.

alle persone verbied om by die fontein te was. Diere kon geskut word, terwyl eende, ganse en makoue gedood kon word as hulle by die fontein gevind word. Eienaars van rondloper vee moes ook 3 sent boete vir elke dier betaal wat een uur na sonder in die dorp of enige bewoonde of heboude erf gevind word.⁷⁰

In 1862 is n "Social Club" gestig met James Howell as die voorsitter en Baart dela Faille as die sekretaris.⁷¹ Hierdie organisasie sou die voorloper wees van die latere "Literêre Vereniging" wat in 1864 gestig is. Ons kan dus reeds aflei dat die Winburgers reeds van die vroegste tye n hoë ontwikkelingspeil wou handhaaf en n oog vir die skone gehad het. Op die eerste vergadering het ds. H. van Broekhuizen n lesing oor die lewe van Calvyn gehou, Baart dela Faille het n lesing oor die Romeins-Hollandse reg gehou, terwyl James Howell n oorsig oor die geskiedenis van die O.V.S. vanaf 1824 gegee het.⁷²

In Januarie 1865 het die val van n meteor die Winburgers die skrik op die lyf gejaag. Die hele omgewing van die dorp was deur n verblindende lig verlig en toe was daar n geweldige harde slag. Hierdie meteor wat die Winburgers egter nie kon vind nie, moes baie naby aan die dorp/...

-
70. G.S. 978. Voorlopige Artikelen tot instandhouding der Waterfontein en Waterleiding Oktober 1861.
Bylae tot n brief van J.D. Cilliers aan die Goewermentsekretaris, 24 Januarie 1862.
71. L.B. vd. Walt, Op cit., p. 40.
72. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 10 Julie 1864.

dorp geval het. Die meeste Winburgers het nog gelê en slaap en toe hulle deur die geweldige ontploffing wakker=skrik, het hulle aanvanklik gemeen dat dit die Basoeto was wat die kruitmagasyn verwoes het.⁷³

In 1866 het Winburg sy eerste "swembad" gekry. Omdat dit so ontsettend warm was, het die dorpenaars besluit om vir hulle 'n baaiplek in die spruit te maak. Hierdie baaiplek was 'n gronddam, waarin die water van die spruit ingekeer was. Landdros Carl von Brandis wou egter hierdie swemmerij belet, maar 'n petisie is aan hom voorgelê, terwyl dr. William Mawby ook gesertifiseer het, "... from the arid nature of this climate that it is in my opinion absolutely necessary to the health of the inhabitants of this town that they frequently bathe."⁷⁴ Hoewel die swemplek maar primitief was, was dit tog 'n bron van groot vermaak en ontspanning vir die Winburgers en gedurende die warm somerdae is die swemplek druk besoek.

1867 was 'n maer jaar vir Winburg. Baie Winburgers het in die oorlog met die Basoeto geveg. Daar was dus geen ooste nie en geld was skaars. Salarisse was klein en dit het die vooruitgang van die dorp gestrem. Verder was die Volksraad verplig om papiergeld, die sogenaamde "Bluebacks" uit te reik. In 1868, nadat die Basoeto verslaan is, sou die groeitempo van Winburg weer versnel, want baie burgers het nou van die oorlog teruggekeer, plase kon weer bewerk word en geld het weer in omloop begin/...

73. Ibid., 27 Januarie 1865.

74. G.S. 984. Bylae by brief van C. von Brandis aan die Goewermentsekretaris, 25 Januarie 1866.

begin kom.

In Maart 1868 het die inwoners van Winburg weer 'n vergadering m.b.t. 'n Dorpsbestuur gehou en ongeveer 40 dorpsregulasies is by hierdie byeenkoms aangeneem. Die vernaamste regulasies was die volgende:

1. Niemand mag vuilgoed op enige openbare plek weggooi nie.
2. Niemand mag vuilgoed opgaar nie.
3. Niemand mag gate of kleigate grawe nie.
4. Vir roekelose en wilde perdry of perdekarry in openbare plekke kan die oortreder R1 tot R4 beboet word.
5. Bome mag nie afgekap of verniel word nie.
6. Dooie diere moet begrawe word.
7. Bourommel moet opgeruim word.
8. Vee mag nie in die dorp rondloop nie.
9. Varke, bokke of pluimvee wat rondloop en onwettig in 'n tuin gevind word, kon gedood word.
10. Niemand mag in die dorpsgebied vuurwapens afvuur nie.
11. Steenoonde mag nie op enige plek opgerig word nie.

Hierdie regulasies was tot 'n mate 'n oorvleueling van dié wat in 1861 aangeneem is, want benewens bogenoemde regulasies, was daar nog regulasies m.b.t. die watervoorsiening en die dorpsmeent. Daar is bepaal dat elke huisbewoner 30 beeste, perde, muile of donkies en 50 skape en bokke gratis op die meent kon laat wei.⁷⁵ Om te sorg dat die regulasies uitgevoer en nagekom word, is mnr. H.L.W. Cremer teen 'n salaris van R120 per jaar aangestel.

Hy/...

75. G.S. 992. Uittreksel uit Regulasiën voor het bestuur van Orde en geregchtheid voor het dorp Winburg, 20 April 1868.

Hy moes ook die strate versorg en hy was ook die dorp se waterfiskaal. Die helfte van Cremer se salaris is deur die staat betaal, terwyl die ander helfde deur belastingheffings verhaal sou word.⁷⁶

Gedurende hierdie 14 jaar was daar 'n aantal spesiale geleenthede wat in Winburg plaasgevind het. Op 15 April 1857 is die eerste Landboutentoonstelling gehou. Hierdie tentoonstelling het saamgeval met die ingebruikneming van die vlag van die O.V.S. 'n Negeponder kanon is spesiaal vir die geleentheid van Bloemfontein na Winburg geneem. Mev. Carolina Howell, eggenote van die landdros, het die vlag aan die burgers oorhandig en toe is die nuwe vlag slegs halfmas gehys terwyl die negeponder gebulder het. Daarna is 'n saluut deur kleingewere afgevuur. Na die saluut het F.P. Schnehage gebid en die Here se seën op die nuwe republiek en nuwe vlag gevra en toe het Hermanus Wessels, een van die oudste inwoners, 'n adres afgelees. Na die adres gelees is, het landdros James Howell die vlag heeltemal gehys en toe het die negeponder weer eens gebulder. Die tentoonstelling het hierna 'n aanvang geneem en dit was 'n reuse-sukses. Die vernaamste pryswenner was die volgende persone:

Beste wol - Dirk C. Uijs.

Beste ram - Hermanus Wessels.

Beste ooi - Piet Wessels.

Beste bul - Hermanus Wessels.

Beste vark - Dawid de Villiers.

Beste botter - Hermanus Wessels⁷⁷

n Ander/...

76. G.S. 992. Brief van J. Lotz aan Goewermentsekretaris, 22 April 1868.

77. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 25 April 1857.

n Ander groot geleentheid in 1857 was die besoek van n mnr. Hallet, n rondreisende fotograaf aan Winburg. Mnr. Hallet het baie goeie besigheid gedoen, want so iets was nog vreemd aan die Winburgers en gevolglik is na "de menschen maaker" gestroom.⁷⁸

n Baie groot gebeurtenis in 1860 was die besoek van prins Alfred en sir George Grey aan Winburg. Mevv. Howell, Valckenaer en Schnehage het n puik dinee vir hierdie hoë besoekers gereël. Die dinee is in F.P. Schnehage se huis gereël en hy het ook die eetgoed voorsien. Mevv. Schnehage en Valckenaer het die voedsel voorberei, terwyl mev. Carolina Howell die tafel gedek het. n Aantal berede gewapende burgers het die Prins en sy geselskap naby die dorp ingewag en hom toe na Winburg geleide gedoen. Dit moes n wonderlike ontvangs en dinee gewees het, want prins Alfred was besonder beïndruk met die gasvryheid van die Winburgers.⁷⁹

In April 1864 het pres. J.H. Brand Winburg besoek. Landdros Carl von Brandis, die Winburgse "Rifle Corps" en ongeveer 200 burgers het die President by Laaispruit ingewag. n Menigte vrouens in rytuie het ook opgedaag om die President welkom te heet. Nadat n saluut afgevuur is, het die optog met pres. Brand op die voorpunt, Winburg binnegery. Nadat hy onder die ereboog by George Vergottini se winkel deurgery het, het Winburg se sesponder-kanon n saluut afgevuur. Daardie aand was al
die/...

78. Ibid., 24 Október 1857.

79. Ibid., 31 Augustus 1860.

die wonings met vlae en liggies versier. Die Luister-
ryke verrigtinge is egter ietwat gedemp omdat Jan
Theunissen gedurende die optog sy perdekar omgegooi het
en a.g.v. die beserings beswyk het.⁸⁰

Hoewel 1868 'n moeilike jaar in Winburg was, is die jaar
tog op 'n besonder hoë noot afgesluit met die besoek van
Santanna se sirkus.⁸¹ Van heinde en verre het boere ge-
kom om hierdie nuwigheid te besigtig en baie van die ou
pioniere het seker gewonder wat van die nuwe geslag gaan
word en het seker ook besef dat die goeie ou dae besig
was om te verdwyn.

Gedurende hierdie 14 jaar het daar voorts ook 'n aantal
tragiese gebeurtenisse in Winburg afgespeel wat die same-
lewing diep geskok het. In Augustus 1858 het Jacobus
dela Rey 'n grusame dood gesterf toe hy op pad van Win-
burg na sy plaas per ongeluk 20 kilo buskruit aan die
brand gestee het. Nie slegs is hy aan flenters ge-
skiet nie, maar sy 16 jarige seun is ook in die ontplof-
ping vermink.⁸²

In 1864 is 'n jong Beukesseuntjie met 'n geweer gewond.
Sy ouers het haastig met kar en perde na Winburg gejaag.
Die moeder het die seun in haar arms vasgehou om sodoen-
de die bloed te stop. Hy het egter uit haar arms geval
en is deur die wiele van die perdekar gedood. Van die
mees tragiese gevalle was egter die dood van klein
George Vergottini, die enigste seun van George Vergottini,
die/...

80. Ibid., 22 April 1864.

81. Ibid., 30 November 1868.

82. Ibid., 6 Augustus 1858.

die winkelier. Die inwoners van Winburg het van klein George gepraat, "... the apple of his father's eye, the joy of his mother's heart, the delight of his sisters and other relatives, the favourite of the Winburgers, the pride of the village." Op 1 Desember 1864 het hy saam met ander seuntjies op die plein gespeel. Die weer het begin opsteek en toe is die knape deur hul moeders geroep. Klein George Vergottini het egter nog n rukkie getalm en is deur n weerligstraal op die plein getref. Die middag voor sy tragiese dood, het hy nog vir sy maatjies die gewyde liedjie, "There is a happy land," gesing. Klein George Vergottini was maar slegs 9 jaar oud toe hy deur die dood weggeruk is.⁸³

Die tydperk tussen 1854 - 1868 is derhalwe gekenmerk deur politieke woelinge en onsekerheid. Na die beëindiging van die oorlog met die Basoeto het n nuwe tydperk ingetree. Die ou wilde en woeste dae van rewolwergevegte op die dorpsgrond was verby. Winburg het die toets van die tyd deurstaan en sy kinderskoene ontgroeï. Baie van die ou Voortrekkergeslag was nie meer daar nie en n nuwe geslag Winburgers sou nou na vore kom om die uitdaging van die jare wat sou kom, te aanvaar.

83. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 9 Desember 1864.


H O O F S T U K VI.

WINBURG TYDENS DIE BASOETO-OORLOË.

Die grootste probleem waarmee die republiek van die O.V.S. te kampe gehad het, was ongetwyfeld die Basoeto-vraagstuk. Uit die smeulende asse van die Engelse nederlae te Viervoet en Berea sou daar 'n vonkie gloei wat uiteindelik op drie volwaardige Basoeto-oorloë sou uitloop. In hierdie oorloë sou die Winburgers 'n belangrike rol speel, want as grensdistrik sou Winburg dikwels deur invallende en jagtende Basoeto geteister word.

Die kern van die hele vraagstuk was die ondoeltreffende grensreëlings tussen die O.V.S. en Basoetoland. Die grens tussen Winburg en Basoetoland is aanvanklik in 1848 deur majoor H.D. Warden vasgestel en het as die soogenaamde "Warden-lyn" bekend gestaan. In 1849 is hierdie grens deur magistraat T.J. Biddulph ietwat verander sodat dit soos volg geloop het: Vanaf Witzieshoek tot by Wodehousekop en vandaar tot by Seykonella se hoed, 'n kop wat van voor gesien, soos 'n hoed vertoon. Hiervandaan het die grens oor Lotspilaar na Goewerneurskop gegaan. Van Goewerneurskop gaan dit onderkant Leeuwkop verby, na 'n punt op 'n hoogte ongeveer halfpad tussen die teenswoordige dorp Marquard en Winburg. Hierdie punt of baken, is die "Kaffer-Boerebaken" genoem en is op die plaas, "Farewell" in die distrik Winburg. Van die "Kaffer-Boerebaken" het dit na die K.P. Baken (Kruispadbaken) gegaan d.w.s. waar die ou paaie van Thaba Nchu na Leeuwkop en van Mequatling na Winburg kruis, en vandaar na Klipplaatdrif op die Groot-Vetrivier en dan
langs/...

GRENSLYN TUSSEN WINBURG EN BASOETOLAND 1858.



KAART NO. 6

KAART VOLGENS J. J. G. GROBBELAAR, DIE VRYSTAATSE REPUBLIEK EN DIE BASOETOEVRAAGSTUK, ARGIEFJAARBOEK VIR S.A. GESKIEDENIS, 1939, DEEL II.

langs die Leeuwrivier af tot by die oorsprong van die Modderrivier.¹ Dit was ook die grens wat met die on= dertekening van die Bloemfontein-konvensie in 1854 aan= vaar is.

Dit was reeds tydens die Oranjerivier-Soewereiniteit duidelik dat Mosjwesjwe nie hierdie grensreëling sou eer= biedig nie en toe die O.V.S. in 1854 tot stand gekom het, het dit op bloedige oorloë uitgeloop. Die feit dat Win= burg 'n grensdistrik was, was dikwels die oorsaak dat Win= burg midde in hierdie stryd gestaan het. Dit was veral die Boven- en Onder-Wittebergen-wyke wat dit die meeste moes ontgeld. Reeds in Maart 1854 moes pres. Josias Hoffman 'n brief aan Mosjwesjwe skryf, waarin hy kla oor Korannas wat van oorkant die Vaalrivier die distrik Winburg geplunder het. Hierdie Korannas sou glo gesê het dat hulle deur Mosjwesjwe opgestook was om die dis= trik Winburg te verontrus.²

Later, om onnodige rondlopery en plakkery aan bande te lê, is daar besluit dat Basoeto's voortaan passe moes dra. Basoeto's moes ook vooraf toestemming verkry om op O.V.S.-grondgebied te jag. Bogenoemde maatreëls sou egter nie die Basoeto-vraagstuk oplos nie en in Februarie 1858 moes veldkornet F.P. Senekal van die Onder-Witte= bergen-wyk aan landdros James Howell rapporteer dat on= geveer 500 Basoeto weer sonder toestemming in sy wyk jag.³

So/...

-
1. J.J.G. Grobbelaar, Die Vrystaatse Republiek en die Basoetoe-vraagstuk, Argiefjaarboek vir S.A. Geskiede= nis, 1939, Deel II, p. 118.
 2. S.A. Argiefstukke, Deel I, p. 227, Brief van J.P. Hoffman aan Mosjwesjwe, 3 Maart 1854.
 3. G.S. 969, Brief van F. Senekal aan J. Howell, 1 Februarie 1858.

So ernstig het die toestand in Februarie 1858 geword dat pres. J.N. Boshof in sy Aanspraak in die Volksraad melding gemaak het dat die O.V.S. op n oorlog met die Basoeto afstuur. Inderhaas is burgers vir die stryd opgeroep. In n brief waarsku die goewermentsekretaris vir landdros Howell oor n moontlike inval en vra hom om n kommando byeen te bring en voorts vra hy ook, "Laat de mannen goed voorzien zijn van Wagens, Tenten, bijlen, graven, pikken en uitgerust zijn aan kost en slagtee voor minstens zes weken."⁴

Die goewermentsekretaris se brief is met gemengde gevoelens in Winburg ontvang, te meer deurdat landdros Howell op besoek aan die geteisterde Wittebergen was en A. Stuart, die landdrosklerk, as landdros waargeneem het. Na ontvangs van bogenoemde brief het Stuart en veldkornet Alfred Elliot n buitengewone vergadering in die Landdroskantoor belê. Dr. B. Poortman is versoek om as "een verstandig burger" die vergadering by te woon. Die vergadering het besluit om onverwyld die gevraagde instruksies uit te voer. Opdragte is aan die verskillende veldkornette gestuur, waarin magtiging verleen is vir die opkommandering van burgers. Daar is gehoop dat minstens 400 man opgekommandeer sou kon word. Voorts is ook besluit om n wag vir die verdediging van die dorp te organiseer.⁵

Intussen het die inwoners in die Wittebergen-wyke hulle ook begin gereedmaak vir die dreigende Basoeto-oorlog.

Onder/...

-
4. S.A. Argiefstukke, Deel III, p.200. Brief van die Goewermentsekretaris aan die landdros van Winburg, 23 Februarie, 1858.
 5. Ibid., p. 207. Notule van buitengewone vergadering in die Landdroskantoor gehou op 24 Februarie 1858.

Onder leiding van veldkornet F. Senekal is 'n kommando op die been gebring om die grensbewoners teen moontlike Basoeto-aanvalle te beskerm.⁶

Dit sou egter nie net die Winburgers wees wat hulle lendene vir die stryd sou omgord het nie, maar ook die Basoeto het hom gereedgemaak. Baie gewere is d.m.v. onwettige geweerhandel en rowery bekom en vanaf 1857 was daar buitengewone groot aankope van swawel en salpeter. Met hierdie swawel en salpeter kon die Basoeto die broodnodige buskruit vervaardig.⁷

In Maart 1858 het die toestand op die Winburg-grens, maar veral op die Caledonrivier-grens so onuithoudbaar en gespanne geraak dat pres. Boshof 'n ultimatum aan Mosjwesjwe gestuur het, waarin op skadevergoeding en verwydering van Basoeto's op O.V.S.-grondgebied aangedring is. Deurdat Mosjwesjwe nie bevredigend op hierdie eise gereageer het nie, het die eerste Basoeto-oorlog op 22 Maart 1858 uitgebreek.⁸

Die Eerste Basoeto-oorlog.

Die Vrystaat se krygsplan het op die volgende neergekom: twee kommando's moes uit verskeie rigtings Basoetoland binneval, een uit die Suide en een uit die Noorde. Die noordelike kommando was onder leiding van kommandante F. Senekal en W.J. Pretorius en die suidelike kommando was onder aanvoering van kommandant-generaal H.J. Weber.

Reeds/...

-
6. Ibid., p. 186. Notule van vergadering gehou op die plaas van F. Senekal, 6 Februarie 1858.
 7. G.S. 968, Circulaire aan Winkeliers en anderen te Winburg, 18 Februarie 1858.
 8. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 53.

Reeds op 25 Maart 1858 het die Winburgse kommando onder kommandant Senekal mooi oorwinnings oor die Basoeto by Korannaberg en Viervoet behaal en die Basoeto oor die Caledonrivier gedryf.⁹ By Cathcartsdrif aan die Caledonrivier het die Basoeto in groot getalle versamel en daar gehoop om die invallende Winburgse kommando te verpletter.

By Cathcartsdrif is die Winburgse kommando dan ook volkome deur tussen 6000 en 8000 Basoeto omsingel en op 13 April het die geweldige stryd losgebars. 'n Hewige geveg het tot sonder gewoed en selfs gedurende die nag het die Basoeto sporadies op die laer gevuur. Die volgende môre vroeg het die Basoeto alles in die stryd gewerp, maar die Winburgers het dapper teruggeveg. Op een stadium het kommandant Senekal selfs daarin geslaag om 'n strategies geleë koppie in die nabyheid te beset. Omdat die oormag van die Basoeto te groot was, was hy egter weer verplig om die koppie te ontruim en na die laer terug te val.

Kommandant Senekal was skaars in die laer of die laer word deur duisende Basoeto bestorm. Onverskrokke en baie dapper het die Winburgse burgers tot op ongeveer 100 meter buite die laer die aanstormende vyand tegevoet moetgegaan. Vier uur lank het die Basoeto tevergeefs probeer om die kommando te oorrompel, maar deurdat die Winburgers geen tree agteruit gewyk het nie, het die Basoeto uiteindelik op die vlug geslaan.¹⁰

So/...

9. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 16 April 1858.

10. Ibid., 23 April 1858.

So dapper het die Winburgse kommando hom in hierdie geveg gedra dat president Boshof hom soos volg daaroor uitgelaat het: "De dank die ik, die de gansche Staat naast God aan de dappere Winburgers gevoelt, zal daar, ben ik verzekerd van niet by ons alleen blyven huisvesten, maar overgaan op onze nakomelingen."¹¹

Na hierdie mooi oorwinning het die Winburgse kommando na Morija, die stat van Letsie, opgeruk. Op 25 April het die twee kommando's verenig en drie dae later, op 28 April 1858, is kommandant F. Senekal eenparig tot Kommandant-generaal verkies in die plek van kommandant-generaal H. Weber wat a.g.v. swak gesondheid nie meer die leërleiding kon behartig nie.¹²

Op 30 April 1858 het die gesamentlike kommando Morija ingeneem. 'n Grusame gesig het die burgers egter met weersin vervul, want op verskillende plekke is stukke en oorblyfsels van blanke burgers gesien. Hierop is die stat geplunder en aan die brand gestee. Slegs die woonhuis van eerwaarde F. Maeder en die kerk is gespaar.¹³

Terwyl die Winburgse burgers in Basoetoland doenig was, het die inwoners van Winburg self nie stilgesit nie. As 'n belangrike grensdorp was 'n moontlike Basoeto-aanval glad nie uitgesluit nie. Winburg was nie slegs 'n belangrike militêre- en voorrade sentrum nie, maar gewonde burgers van die Noordelike kommando is ook daarheen gestuur vir mediese behandeling. Om voorbereid te wees op enige moontlike verrassingsaanval is

gewapende/...

11. Ibid., 23 April 1858.

12. Ibid., 7 Mei 1858.

13. Ibid., 7 Mei 1858.

gewapende wagte om die dorp opgestel. Verder is n wagdiens ingestel en deurdat landdros Howell self op kommando was, is alle verdedigingsmaatreëls aan veldkornet A. Elliot opgedra. Mnr. T. Bowes se huis is as n vesting vir die vrouens en kinders ingerig en alle beskikbare mans moes op kort kennisgewing gereed wees om die dorp te help verdedig. Die lui van die kerkklok en die afvuur van twee geweerskote sou die teken vir n Basoeto-aanval wees.¹⁴

Kommandant-generaal Senekal het besef dat sy kommando te swak was om Thaba Bosigo te verower en hoewel die berg bestorm is, kon dit nie verower word nie. Baie burgers het nou begin dros. President Boshof het besef dat sy kommando's nie teen die Basoeto opgewasse was nie en daarom het hy sir George Grey, goewerneur van die Kaapkolonie gevra om as bemiddelaar op te tree sodat vrede herstel kon word. Deur sir George Grey se bemiddeling is op 1 Junie 1858 n wapenstilstand onderteken wat verder, op 29 September 1858, opgevolg is deur die ondertekening van die vredestraktaat van Aliwal-Noord.

Die uitslag van die oorlog was vir die Winburgers teleurstellend. Nie slegs is menselewens opgeoffer nie, maar as gevolg van Basoeto-strooptogte is veral die grensplase in die Wittebergen verwoes en het die stempel van verlatenheid gedra. Die verliese aan eiendom en vee was onrusbarend. Gedurende die oorlog is 302 perde, 1361 beeste en 753 skape van die Winburgers geroof, terwyl/...

14. G.S. 969, Notule van vergadering wat op Winburg in die drosdy gehou is, 22 Maart 1858.

terwyl 58 huise verwoes is. Na die wapenstilstand op 1 Junie is nog n verdere 98 perde en 105 beeste deur die Basoeto geroof, terwyl 18 huise verniel is.¹⁵

Die grootste bron van bekommernis vir die Winburgers was egter die besef dat die gebrek aan n doeltreffende oplossing van die grensgeskil, Winburg as grensdistrik, weer eens aan roof- en plundertogte sou blootstel.

Voorts het hulle ook geweet dat min, of selfs geen hulp, van n wankelende regering verwag kon word nie. Die oorlog was dan ook skaars verby toe die Basoeto maar weer met hul roof- en plundertogte begin het.

Duisende Basoeto het eenvoudig net die distrik binnegeestroom, op groot skaal gejag en verwoesting op plase gesaai. Weer eens was dit die boere in die Wittebergen wat dit die meeste moes ontgeld. Baie van hierdie boere is eenvoudig gedwing om hul plase te verlaat en het ondergang in die gesig gestaar. Soveel so dat sommige selfs by die Volksraad om ammunisie en kruit moes aanklop sodat hulle kon wild skiet om aan die lewe te bly.¹⁶

In 1859 het president Boshof as president van die O.V.S. bedank. Hy het besef dat hy eenvoudig nie by magte is om die Basoeto-vraagstuk op te los nie. Alhoewel die Volksraad sy dienste vir die O.V.S. onmisbaar beskou het, het hulle hom tog eervol ontslaan en E.R. Snyman het as president waargeneem tot en met die inswering van president M.W. Pretorius op 8 Februarie 1860.

Een/...

15. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 67.

16. Notulen der verrigtingen van den Hoogedelen Volksraad, 27 November 1858, p. 150.

Een van president Pretorius se eerste take was om die plofbare toestand in die distrik Winburg uit die weg te ruim en om verligting vir die geteisterde boere van die Wittebergen te bring. Gevolglik het hy 'n persoonlike samespreking met Mosjwesjwe te Wonderkop in die distrik Winburg op 2 en 3 Mei 1860 gehou. Tydens hierdie samesprekinge is 'n vredesooreenkoms tussen president Pretorius en Mosjwesjwe gesluit, waarvolgens laasgenoemde belowe het om 'n einde te maak aan die rooftogte in die distrik Winburg. Om 'n einde te maak aan die moeilikhede, sou 'n resident-magistraat op die grens by "Ga Bokhotso" (moeder van die vrede) gestasioneer word, terwyl Mosjwesjwe 'n polisiemag sou verskaf om genoemde resident by te staan.¹⁷

President Pretorius het werklik gedink dat hy met hierdie ooreenkoms die Basoeto-vraagstuk opgelos het. Dit was egter nie die geval nie, want die Basoeto het nog steeds voortgegaan met rowery, terwyl pres. Pretorius op 3 Februarie 1862 moes beken dat Mosjwesjwe nie sy belofte van die grenspolisie nagekom het nie.¹⁸ Gevolglik het die O.V.S. self 'n polisiepos te Brakfontein aan die Warden-lyn opgerig en William Every as kommandant aangestel.¹⁹ Landdros Carl von Brandis wat later hierdie polisiepos besoek het, het egter nie veel vertrouwe in die polisie gehad nie, want hy skryf aan die goewermentsekretaris o.m.: "... dat de Polizie zoo als dezelve nu bestaat, volstrekt tot geen nut is en dat de wenigen

Policieманne/...

17. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 93.

18. G.M. Theal, Basutoland Records, Vol. IIIa, p. 134.

19. Ibid., p. 169.

Policiemanne te Brakfontein voor niets betaald worden daar zij te zwak zijn om iets te doen."²⁰

Landdros Von Brandis het seer sekerlik die volste reg gehad om dit van die grenspolisie te sê, want opnames het bewys dat die Wittebergen-wyke besig was om Basoetogebied te word. Reeds in Mei 1863 was die Basoeto in besit van die volgende grensplase:

Boven Wittebergen-wyk:

| | | |
|---------------|---------|-------------------|
| Dekselfontein | eienaar | P.P. Fourie. |
| Uithoek | " | L. Fourie. |
| Weltevreden | " | L.I. Fourie. |
| Nelspoort | " | H. Hamelberg. |
| Tygerhoek | " | P.C. Fourie. |
| Lynplaats | " | L.I. Fourie. |
| Petersdaal | " | G.H. vd. Merwe. |
| Rietvley | " | P.R. Botha. |
| Grasfontein | " | J. Jacobse. |
| Welgegund | " | C. de Jager. |
| Kranszfontein | " | P. van Rensburg. |
| Roodekrans | " | D. Krause. |
| Moolmanshoek | " | P. Moolman. |
| Welgevonden | " | P. Maree. |
| Groenfontein | " | C. van Schalkwyk. |
| Driekuיל | " | P. Fourie. |
| Kafferskraal | " | G. Smit. |

Onder Wittebergen-wyk:

| | | |
|--------------|---------|----------------|
| Doornfontein | eienaar | F. Pieterse. |
| Bothaskraal | " | A. van Rooyen. |

Doornhoek/...

20. G.S. 980, Brief van C. von Brandis aan die Goe=wermentsekretaris, 1 Junie 1863.

| | | |
|---------------------|---------|------------------------|
| Doornhoek | eienaar | A. van Rooyen. |
| Kafferskraal | " | J. Pieterse. |
| Leeuwkop | " | G. Vergottini. |
| Faarschfontein | " | J. Mouton. |
| Kalwerhokkop | " | J. Pretorius. |
| Bankfontein | " | H. vd. Merwe. |
| Hakplaats | " | T. Schutte. |
| Donkerpoort | " | H. du Preez. |
| Bovenlagerspruit | " | M. Pretorius. |
| Vierfontein | " | P. Martens. |
| Van Rooyens Request | " | A. van Rooyen. |
| Koedoefontein | " | J. Grobbelaar. |
| Bezuidenhoutfontein | " | I. Fick. |
| Smalfontein | " | P. Fourie. |
| Spitzkop | " | T. Deventer. |
| Molenspruit | " | W. Deventer. |
| Wonderkop | " | H. Moolman. |
| Groenvley | " | T. Wessels. |
| Ruegterfontein | " | G. Smit. ²¹ |

President M.W. Pretorius het intussen op 15 April bedank en in sy plek sou advokaat J.H. Brand as president gekies word. President Brand het besef dat die hele voortbestaan en ekonomiese groei van die O.V.S. op die spel was en daarom was hy vasbeslote om die Basoetovraagstuk op te los. So begerig was hy om die Basoetovraagstuk op te los dat hy drie dae na sy inhuldiging aan sir Philip Wodehouse, Hoë Kommissaris, 'n brief geskryf het, waarin laasgenoemde vriendelik versoek is om die/...

21. G.S. 981, Brief van C. von Brandis aan die Goewermentsekretaris, 15 September 1863.

die grens tussen die O.V.S. en Basoetoland te kom uitwys.²² Ook Mosjwesjwe was begerig dat die kwessie oor die Winburg-Harrismith-Basoetoland-grensllyn finaal besleg word en het die datum vir die vasstelling van dié grens op 14 Maart 1864 bepaal.²³

Sir Philip Wodehouse, vergesel van lady Wodehouse, hooggeplaaste Britse amptenare en die kommissies van die O.V.S. en Basoetoland het by Witzieshoek begin en stap vir stap die grens tussen Winburg en Basoetoland afgepen en na 'n grondige ondersoek het Wodehouse uitspraak ten gunste van die O.V.S. gegee.²⁴ Die Winburgers, veral dié van die Wittebergen, was baie in hul skik met die uitslag. Deur sir Philip Wodehouse se tussenkoms is die Winburg- en Harrismith-grens van Basoeto gesuiwer, want die Basoeto moes oor die grens na Basoetoland terugtrek. President Brand was vasberade dat hierdie reëling gehandhaaf sou word, want 'n gewapende mag is op die grens geplaas om alle Basoeto-oortreders te vervolg.²⁵

Die uitspraak ten gunste van die O.V.S. het die Basoeto totaal ontnugter. Aanvanklik het Mosjwesjwe by die uitspraak berus, maar dit sou net tydelik wees. Die rowery sou nog maar voortgaan en op 9 Junie 1865 was pres. Brand verplig om die wapens weer eens teen Mosjwesjwe op te neem.

Die Tweede Basoeto-oorlog/...

-
22. G.M. Theal, Op cit., p. 251, Brief van pres. Brand aan sir Philip Wodehouse, 5 Februarie 1864.
23. Ibid., Brief van Mosjwesjwe aan sir Philip Wodehouse, 24 Februarie 1864, p. 256.
24. Ibid., Proclamation of Boundary Line, 28 Oktober 1864, p. 306.
25. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 123.

KAART NR. VII.

VERNAAMSTE VELDSLAE TYDENS


EERSTE BASOETO-OORLOG.

KAART NO 4.

SKETSKAART VIR GEBRUIK IN VERBAND MET
BASOETOE-OORLOG, 1858.

RIGTING VAN SUIDELIKE KOMMANDO: xxxxxx

RIGTING VAN NOORDELIKE KOMMANDO:-----



KAART VOLGENS J.J.G. GROBBELAAR, DIE VRYSTAATSE
REPUBLIC EN DIE BASOETOE-VRAAGSTUK, ARGIEFJAARBOEK
VIR S.A. GESKIEDENIS, 1939, DEEL II.

Die Tweede Basoeto-oorlog.

Die Vrystaatse kommando's het by Winburg saamgekom en besluit om Paulus Moperi eerste aan te val. Volgens The Friend of the Free State was daar ongeveer 500 Winburgers in die geledere van die Vrystaatse kommando's.²⁶ Op 13 Junie 1865 het die Vrystaatse kommando onder aanvoering van kommandant-generaal J.J. Fick tot die aanval oorgegaan. Die kommando kon egter nie Moperi se stat inneem nie en moes terugtrek. Hierna is die kommando in drie afdelings verdeel. Generaal Fick sou met die kommando's van Bloemfontein, Fauresmith, Philipopolis en Winburg na die sentrale deel van die grens vertrek om die distrikte Bloemfontein en Winburg te beskerm. 'n Tweede afdeling is noordwaarts om Bethlehem en Harrismith te verdedig, terwyl kommandant Louw Weperner en sy kommando suidwaarts getrek het om Smithfield en Bethulie te beskerm.²⁷

Aangesien die meeste weerbare mans van Winburg op kommando was, het landdros Carl von Brandis alles in sy vermoë gedoen om die dorp te verdedig. Naby die kruisemagasin is 'n stewige fort gebou. Skertsend is van die fort as "Fort Von Brandis" gepraat. Om die dorp verder te verdedig, is twee vestinglinies van ongeveer 150 meter deur die noordelike deel van die dorp gebou. Hierdie linies was van klip gebou, ongeveer 1 meter dik en 2 meter hoog en daar is voorsiening vir 123 skietopeninge gemaak. Die huise wat deur hierdie skansmure omsluit was, het as huisvesting vir die vrouens en kinders/...

26. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 5 Mei 1865.

27. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 134.

kinders gedien. Wagbeurte is ingestel en dag en nag is waggehou, terwyl daar elke dag 'n aantal gewapende ruiters uitgestuur is om die onmiddellike omgewing te verken.²⁸

In Julie 1865 is ongeveer 3000 Basoeto op G. Lyon se plaas, 'n paar kilometer van Winburg, opgemerk. Ongeveer 200 man het met die Basoeto slaags geraak, hulle verdryf en baie geroofde vee weer teruggeneem.²⁹

Intussen het die Vrystaatse kommando's op verskeie punte mooi oorwinnings behaal. So byvoorbeeld het genl. Fick 'n groot oorwinning by Verkeerdevlei behaal en ongeveer 2500 Basoeto verdryf. Hierdie kommando waaronder baie Winburgse burgers was, het hierna ook Mabilela en Masupha se statte aangeval en verower en toe in die rigting van Thaba Bosigo opgeruk. Op 25 Julie 1865 het die kommando ongeveer 1 kilometer van Thaba Bosigo kamp opgeslaan.³⁰

Ook kommandant Louw Wepener se kommando het groot oorwinnings oor die Basoeto behaal. Nadat Vechtkop, Poshuli se vesting, verower is, het Letsie se stat, Matsieng, aan die beurt gekom. Hierdie gebiede wat kommandant Wepener verower het, het hy as Vrystaatse gebied geannekseer.³¹ Op 3 Augustus 1865 het kommandant Wepener se kommando hom by generaal Fick se kommando aangesluit.

Hoewel/...

28. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 9 Junie 1865.

29. Ibid., 7 Julie 1865.

30. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 136.

31. G.M. Theal, Op cit., Proclamation by Commandant Wepener, 31 Julie 1865, p. 423.

Hoewel Thaba Bosigo met kanonne bestook is, was dit duidelik dat die bergvesting slegs deur bestorming verower kon word. Op hierdie tydstip het daar ongelukkig onenigheid onder die Vrystaatse geledere geheers. Te midde van hierdie toestand is nogtans besluit om Thaba Bosigo te bestorm en in die bestorming het kommandant Louw Wepener sy lewe verloor.³²

Nieteenstaande die feit dat die Vrystaatse kommando's op hierdie stadium nie 'n oortuigende oorwinning kon afdwing nie, was dit tog duidelik dat die Basoeto 'n ernstige knou toegedien was, want op 23 Augustus het Mosjwesjwe aan pres. Brand 'n brief geskryf, waarin hy om vrede vra.³³ President Brand was bereid om vrede te sluit, maar op sy voorwaardes: Mosjwesjwe moes Thaba Bosigo ontruim, 10,000 beeste en 5000 perde as oorlogkoste, asook 60,000 skape en 30,000 beeste as skadevergoeding betaal.³⁴ Hy het geweier om dit te aanvaar en die stryd is voortgesit.

Na die heldhaftige dood van kommandant Louw Wepener het die kommando van genl. Fick in verskeie snelbewegende kolonne verdeel en die Basoeto op verskeie plekke veraras. Onder andere is Molapo se stat verower en sy gebied is as Vrystaatse grondgebied geannekseer, 'n oorwinning is by Cathcartsdrif behaal, terwyl die

Malutiberge/...

32. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 138.

33. G.M. Theal, Op cit., p. 444, Brief van Mosjwesjwe aan president Brand, 23 Augustus 1865.

34. Ibid., p. 449, Brief van president Brand aan Mosjwesjwe, 25 Augustus 1865.

Malutiberge deur die kommando's van Winburg, Harrismith en Kroonstad van Basoeto skoongemaak is.³⁵

Terwyl die krygsoperasies in Basoetoland aan die gang was, het duisende Basoeto egter die Winburg-grens oorgesteek en begin roof en plunder. Op 8 Januarie 1866 is selfs Winburg aangeval. Vroeg die oggend het die inwoners van Winburg ongeveer 3000 Basoeto op die heuwels rondom die dorp gewaar en die alarm gegee. Die kanon by die fort het dadelik op die Basoeto begin vuur. Gelukkig het genl. Fick wat met sy kommando ongeveer 1½ uur van Winburg was, die kanonskote gehoor en dadelik na Winburg opgeruk. Hoewel die Basoeto tot naby die huise gekom het, het hulle nie die dorp self bestorm nie, maar slegs die dorpsvee geroof. George Vergottini het met 32 man die vyand agterna gesit en baie vee weer terugge neem. Ongeveer tienuur die môre het genl. Fick se kommando die dorp bereik, die vyand agterna gejaag en daar in geslaag om 5000 skape weer terug te kry.³⁶

Die Basoeto het nie slegs duisende stuks vee geroof nie, maar in die dorpsveld het hulle ook vir Pelser en sy seun en tussen vyf en ses veewagters vermoor. n Sekere mnr. Smit wat ook in die dorpsveld was, het op wonderbaarlike wyse aan die dood ontkom, want net toe n Basoeto hom wou doodmaak, het die kanon van die fort geskiet en die Basoeto het op vlug geslaan.³⁷

Op 9 en ook op 13 Maart 1866 het die Basoeto verdere
aanvalle/...

35. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 147.

36. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 12 Januarie 1866.

37. Ibid., 12 Januarie 1866.

aanvalle op die dorp gemaak. In beide gevalle was daar nie sprake van 'n groot geveg nie, maar al die vee in die dorpsveld is deur die Basoeto geroof. Tydens die aanval van 13 Maart het landdros Von Brandis die rowers agterna gesit en baie vee weer teruggeneem.³⁸

So baie Basoeto-rowerbendes was in die distrik Winburg doenig dat dit vir die vrouens op die plase lewensgevaarlik geword het om alleen te bly. Die enigste oplossing was om die vrouens in laers te bring. Veral die Wyk Taaiboscspruit het 'n groot laer onder bevel van kommandant J.C. Taute gehad. Op 2 Maart 1866 het die Basoeto ook hierdie laer aangeval. Gelukkig, a.g.v. die heldhaftige verdediging van kommandant Taute en 10 burgers is die aanval afgeweer en selfs al die vee is behou.³⁹

Teen die einde van Maart 1866 en veral nadat Molapo om vrede gevra het, het Mosjwesjwe ingesien dat hy die oorlog verloor het. Die Vrystaters was self moeg vir die oorlog en toe Mosjwesjwe sy begeerte om vrede te maak uitspreek, het president Brand dit aanvaar. Op 3 April 1866 is die Tweede Basoeto-oorlog met die Verdrag van Thaba Bosigo beëindig. Volgens hierdie Verdrag doen Mosjwesjwe afstand van die verowerde gebied, terwyl hy ook 'n geringe skadevergoeding van 3000 beeste moes betaal.⁴⁰

Met die Bybel in die hand en met ontblote hoof het
president/...

38. Ibid., 23 Maart 1866.

39. Ibid., 23 Maart 1866.

40. G.M. Theal, Op cit., p. 650, Treaty of Peace between the President of the Free State and Chief Moshesh, 3 April 1866.

president Brand God geloof vir die oorwinning en daarna is Psalm 100 gesing. Die kommando's het opgebreek en die burgers is terug na hul huise. Dat die Winburgers ook in hierdie oorlog meer as hul deel bygedra het, blyk uit die woorde van genl. Fick: "Hoezeer ik als Uw opperhoofd by herhaling gedurende dezen oorlog heb blootgestaan aan hatelijke aanvallen, laster, onverdiende miskenning en wat dies meer zij, is het mij eene aangename taak te kunnen betuigen dat ik steeds het beste heb bedoeld, en dat de burgers van Kroonstad en Winburg daarop eene gunstige uitzondering maken. Neen! nimmer zal ik vergeten de aangename dagen onder Uw midden doorgebracht, zoowel in gevaar als in tyd van mindere bezigheden. Ik betuig U daarvoor mijn hartelijken dank. En nu, gaat naar Uwe woningen en geniet daar ruimschoots na vele moeiten en opofferingen, in de armen der Uwen, rusten van Uwen arbeid in het zalige bewustzijn van Uw pligt te hebben gedaan voor Land en Volk."⁴¹

Vir die meeste inwoners van die distrik Winburg sou daar egter nie tyd vir rus wees nie. Die meeste boerse huise was verwoes en die meeste se vee is deur die Basoeto weggevoer. Baie boere het gevolglik ondergang in die gesig gestaar. Hulle was egter bereid om weer van voor af te begin.


Die Verdrag van Thaba Bosigo sou geen duursame vrede meebring nie. Dit was duidelik dat Mosjwesjwe nie maklik van die Verowerde Gebied afstand sou doen nie. Die Basoeto het gevolglik die blanke nedersetters belet om/...

41. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 27 April 1866.

KAART NR. VIII.

VERNAAMSTE VELDSLAE TYDENS

TWEEDE BASOETO-OORLOG.



KAART No 8

AANTONENDE DIE VERNAAMSTE
VELDSLAE GEURENDE DIE
TWEDE BASOETO-OORLOG

KAART VOLGENS J.J.G. GROBBELAAR, DIE VRYSTAATSE
REPUBLIEK EN DIE BASOETOE-VRAAGSTUK. ARGIEF-
JAARBOEK VIR S.A. GESKIEDENIS, 1939, DEEL II.

om hulle daar te vestig. Gerugte dat die Basoeto hulle vir 'n oorlog voorberei, het spoedig waar geword. In Junie 1867 is sake weer eens tot breekpunt gedryf toe Molitzane se volk 'n handelaar, Bush, op die Verowerde Gebied vermoor het.⁴²

President Brand het geëis dat die moordenaars van Bush uitgelewer word. Op hierdie eis het Mosjwesjwe feitlik ontken dat hy ooit die Verowerde Gebied waarop Bush vermoor is, aan die Vrystaat afgestaan het. Hierdie brief was so uitdagend dat dit eintlik as 'n ultimatum beskou is. O.a. het Mosjwesjwe gesê: "In case you are a chief liking his people, and knowing what is his duty as a leader who calls himself a Christian, I must beg of you to let the Boers know that they must remain where they are, in the Free State; there is no other way to keep up peace."⁴³.

Na ontvangs van hierdie brief en nadat Jacobus Krynaauw verraderlik deur Molitzane se onderdane vermoor is, het president Brand krygswet afgekondig en 'n gewapende mag is op die been gebring en so breek die Derde Basoeto-oorlog uit.⁴⁴

Die Derde Basoeto-oorlog.

Die Vrystaatse burgers het so spontaan aan die President se oproep gehoor gegee dat daar op 5 Augustus 1867 alreeds twee afdelings in die veld was. Soos in die vorige/...

42. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 163.

43. G.M. Theal, Op cit., p. 788, Letter from the chief Moshesh to the President of the O.F.S., 9th July, 1867.

44. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 163.

vorige oorloë is die Vrystaatse mag weer in twee verdeel. Die Winburgers was weer by die noordelike afdeling onder hoofkommandant G.F. Joubert ingeskakel. Die taak van die noordelike afdeling was om Korannaberg en die omstreke van Basoeto skoon te maak, terwyl die suidelike afdeling onder hoofkommandant J. Pansegrouw tussen die Caledon- en Oranjerivier moes optrek.⁴⁵

In hierdie oorlog het dit nie goed met die Basoeto gegaan nie en die een na die ander vesting is verower. Nadat die noordelike kommando die omstreke van Korannaberg skoongevee het, is Platberg aangedurf. Met die bestorming van Platberg het die Winburgers hulle baie dapper gedra. Op waaghalsige wyse het Gert van Zyl 'n klomp Winburgers teen die gevaarlike hange uitgelei en na 'n heftige geveg, is die berg verower. In hierdie geveg het Van Zyl egter sy arm verloor, terwyl 'n ander Winburger, Jan Kok, gesneuwel het.⁴⁶

Op Winburg self is weer 'n wagdiens ingestel. F.P. Schne-hage is tot veldkornet verkies en deur sy toedoen is 'n waglys opgestel. Hierdie waglys het bittere ontevre-denheid onder die inwoners veroorsaak, want baie van die inwoners was traag om wagdiens te verrig, terwyl 'n groot aantal inwoners geen vertroue in Schne-hage, as veldkor-net, gehad het nie.⁴⁷ Gelukkig was die Basoeto in hierdie oorlog te swak en gevolglik is die dorp nooit
aangeval/...

45. J.J.G. Grobbelaar, Op cit., p. 165.

46. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 5 April 1867.

47. G.S. 988, Memorie van inwoners aan die Staats-president, 21 Maart 1867.

aangeval nie. Net soos in die vorige oorloë was Winburg weer in hierdie oorlog 'n belangrike ontvang- en versendingsentrum. Militêre voorrade is ontvang en na die kommando's gestuur, terwyl buitgemaakte vee en koring weer na Winburg gestuur is. Gewonde burgers van die noordelike kommando is ook na Winburg gestuur vir behandeling deur dr. Wiliam Mawby. Dr. Mawby het egter in onguns by die Krygsraad geraak en is as militêre geneesheer geskors. Die rede was blykbaar dat gewonde burgers geen vertrouwe in hom gehad het nie. Dikwels het gewondes dan liever van die dienste van F.P. Schnehage gebruik gemaak soos dit byvoorbeeld die geval met burger Jacob van der Merwe was, wat maande lank deur F.P. Schnehage versorg is.⁴⁸

Nadat Tandjiesberg, die vesting van Poshuli, op 31 Januarie 1868 ingeneem is, het die Vrystaatse kommando's ook Letsie se vesting, Kieme, op 23 Februarie verower. Slegs Thaba Bosigo het nog oorgebly. Vir Mosjwesjwe was die skrif aan die muur. Reeds kort na die aanvang van die oorlog het hy aansoek gedoen om Britse onderdaan te word. Aanvanklik was Engeland nie daarvoor te vinde nie, maar toe die nood op die hoogste was, was die uitkoms vir Mosjwesjwe naby. Die Engelse regering het hom en sy Basoeto-volk uiteindelik as Britse onderdane aangeneem en op 29 Januarie 1868 skryf hy aan die kommandant van die Vrystaatse kommando in die nabyheid van Thaba Bosigo die volgende brief: "... a letter from His Excellency Sir P.E. Wodehouse, of which/...

48. G.S. 990, Brief van F.P. Schnehage aan die Goewermentsekretaris, 16 September 1867.

which I send you a copy, and by which you will see that I and my tribe have been received as subjects to Queen Victoria."⁴⁹

Die kans van die O.V.S. om Mosjwesjwe die nekslag toe te dien, was verlore, want op 12 Maart 1868 is Basoetoland deur Engeland geannekseer.

Die Vrystaatse kommando's het opgebreek en die burgers het huiswaarts gekeer. Ook in hierdie oorlog het die Winburgers hul deel getrou gedoen en goed en bloed opgeoffer. Die moeilikhede met die Basoeto was verby en die Winburgers kon met die opbou van Winburg, tot n spogdistrik van die Oranje-Vrystaat, begin.

49. G.M. Theal, Op cit., p. 846. Brief van Mosjwesjwe aan die kommandant van die Vrystaatse kommando te Boleka, 29 Januarie 1868.

H O O F S T U K VII.

WINBURG 1868 - 1899.

Die jaar 1868 kan eintlik as die oorgangsjaar in die geskiedenis van Winburg beskou word. Nie slegs is die Basoeto-oorloë in daardie jaar finaal beëindig nie, maar Winburg het nou ook sy kinderskoene ontgroeï en n tydperk van rustige vooruitgang het ingetree. Hierdie tydperk van rustigheid kan eerstens toegeskryf word aan die feit dat die Basoeto-gevaar iets van die verlede was en die boere gevolglik hul aandag aan hul boerdery kon bestee en tweedens deur die optrede en invloed van die landdroste wat vanaf 1868 in Winburg aan die roer van sake gestaan het. Gedurende hierdie periode, tot en met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, was daar slegs vier landdroste in Winburg en omdat die landdroste nie meer so baie verwissel het nie, het daar stabiliteit in die distrik Winburg gekom.

Die eerste landdros onder die nuwe bedeling was Johan Willem Lotz. J.W. Lotz is in 1817 te Kaapstad gebore. Hy was verskeie jare aan De Zuid-Afrikaan verbonde toe sir Christoffel Brand, die vader van pres. J. Brand, redakteur van die koerant was. Toe die landdrosskap in Winburg vakant geraak het, het pres. Brand dit aan hom aangebied.

Op 15 Februarie 1868, toe die Basoeto-oorlog sy laaste stuiptrekkings gegee het, het landdros Lotz sy pligte in Winburg aanvaar.¹ Kort na sy aankoms was dit reeds duidelik/...

1. G.S. 991, Brief van J.W. Lotz aan die Goewermentsekretaris, 17 Februarie 1868.

duidelik dat hy 'n bekwame en deeglike man was. Die swak toestand waarin die tronk en die drosdy verkeer het, het sy onmiddellike aandag gevestig. Die tronk was nie slegs hopeloos te klein nie, maar die feit dat me= laatse en gesonde prisoniers saam opgesluit is, was vir hom onaanvaarbaar. Die barbaarse metode om 'n gevonnisdde aan 'n wawiel vas te ketting wanneer lyfstraf toegedien word, het hom teen die bors gestuit.² Hoewel hy daarin kon slaag om die tronktoestande te verbeter, was hy on= suksesvol in sy pogings en vertoë vir die oprigting van 'n nuwe drosdy. Op daardie tydstip het die Volksraad eenvoudig net nie die nodige geld daarvoor gehad nie.

In 1870 is landdros Lotz 'n pos in die kantoor van die Ouditeur-generaal aangebied, maar hy het dit van die hand gewys. Richard Mawby, seun van wyle dr. William Mawby, was die landdrosklerk en tydens Lotz se siekte in 1875 het hy as landdros waargeneem. A.g.v. wanbestuur, is Mawby egter deur die Volksraad gesuspendeer en W. Robertson is as landdrosklerk aangestel. In April 1876 is Robertson a.g.v. swak gesondheid na Natal, ter= wyl landdros Lotz vir dringende private sake na die Kaap afgereis het. Gedurende die afwesigheid van sowel die landdros as die landdrosklerk, is P. de Villiers as fun= gerende landdros aangestel. Hy is egter na Bloemfon= tein teruggeroep en toe het die bejaarde oud-landdros, F.P. Schnehage, tydelik waargeneem.³

Teen/...

-
2. G.S. 991, Brief van J.W. Lotz aan die Goewerment= sekretaris, 23 Maart 1868.
 3. G.S. 1004, Brief van W. Robertson aan die Goewer= mentsekretaris, 18 Augustus 1876.

Teen September 1876 was beide landdros Lotz en landdrosklerk Robertson weer terug op kantoor. Kort hierna is n tekort in die distrikskas ontdek. Robertson het hierna n poging aangewend om homself om die lewe te bring. Dr. Leech het n noodoperasie op hom uitgevoer, maar die operasie was onsuksesvol en Robertson het gestarf⁴. By nadere ondersoek het dit geblyk dat Robertson R272 verduister het. Hierna het die Volksraad vir Charles Warden as landdrosklerk op Winburg aangestel. Gedurende Lotz se ampstermyn is n aanvang met die oprigting van n nuwe drosdy gemaak. Die ou drosdy was werklik in n bouvallige toestand en was hopeloos te klein vir n vooruitstrewende distrik soos Winburg. Die nuwe drosdy is deur mnr. D. Mc Arthur, n bouer van Bloemfontein, teen n bedrag van R5100 opgerig.⁵ Landdros Lotz sou egter nie die voorreg smaak om self die nuwe drosdy te betrek nie, want in Julie 1877 is hy as Ouditeur-generaal in Bloemfontein aangestel.

Nadat hy hierdie pos n geruime tyd bekleed het, het hy landdros van Bloemfontein geword. Op 29 November 1882 is hy op 65-jarige leeftyd aan kanker in Bloemfontein oorlede. By sy dood het die vlag op die Goewermentsgebou in Bloemfontein halfmas gehang ter ere van n groot man in die geskiedenis van die O.V.S.⁶ Sy nagedagtenis leef vandag nog voort deurdat een van Winburg se strate na hom vernoem is.

Na/...

-
4. G.S. 1005, Brief van J.W. Lotz aan die Goewermentsekretaris, 3 Maart 1876.
 5. G.S. 1006, Tender van D. Mc Arthur, 26 April 1877.
 6. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 7 Desember 1882.

Na Lotz se vertrek na Bloemfontein, het die Volksraad vir Charles Warden, die landdrosklerk, tot landdros van Winburg bevorder. Hy was die seun van majoor Henry Douglas Warden en was n ou bekende in die O.V.S. Reeds tydens die Oranjerivier-Soewereiniteit het Charles Frederick Warden verskeie ampte bekleed. Na die totstandkoming van die O.V.S. was hy agtereenvolgens klerk van die Posmeester-generaal, ouditeursklerk, klerk in die Goewermentskantoor, landdrosklerk te Smithfield en landdros van Rouxville. Op 6 April 1877 het hy landdrosklerk van Winburg geword en op 30 Julie 1877 is hy tot landdros van Winburg bevorder.⁷

Die Winburgers was baie in hul skik met Charles Warden. Die landdrospar is deur een en almal bemin. In alle ondernemings en dorpsaangeleenthede het hulle die leiding geneem. Dit was dan ook vir die Winburgers n droewige tyding en n groot skok toe hy na Harrismith verplaas is. Hoewel die Winburgers baie graag vir F.P. Deelman, die landdrosklerk, as hul nuwe landdros wou gehad het, het die Volksraad egter besluit om Johannes Schnehage, seun van F.P. Schnehage, as landdros aan te stel en teen die einde van Augustus 1884 het Schnehage sy pligte in Winburg aanvaar.⁸

Johannes Schnehage het verskeie poste in die administrasie van die O.V.S. bekleed. So was hy posmeester, openbare aanklaer en registrateur van die hof op Rouxville.

Later/...

7. G.S. 1873, Amptenare-aanstellingslys, p. 9.

8. G.S. 1020, Brief van J. Schnehage aan die Goewermentsekretaris, 23 Augustus 1884.

Later het hy landdrosklerk van Bloemfontein geword en voor sy aanstelling as landdros van Winburg, was hy landdros op Smithfield. Baie Winburgers het nie van hom as landdros gehou nie. Nie slegs was daar sprake dat hy 'n alkoholis was nie, maar baie inwoners was bevrees dat daar dorpsklike kon ontstaan a.g.v. die familiebande van die landdros.⁹

Teen 1886 het Schnehage al hoe ongewilder geword. In 'n brief aan die goewermentsekretaris is hy openlik van oormatige drankmisbruik beskuldig. Daarin is ook gekla dat hy feitlik nooit op kantoor was nie en dat Deelman, die landdrosklerk, feitlik al die werk van die landdros moes behartig en dus sy eie werk moes verwaarloos. Die gevolg hiervan was dat daar 'n tekort in Deelman se seëlkas ontstaan het en hy deur die Volksraad gesuspendeer is. Hoewel die Rondgaande Hof hom later onskuldig bevind het, is Deelman tog nie in sy amp herstel nie, want A. Bauman is in sy plek aangestel.

Uiteindelik is Schnehage in Februarie 1894 na Boshof verplaas. Kort nadat hy hier diens aanvaar het, het die Volksraad hom a.g.v. oormatige drankmisbruik afgedank.¹⁰ In Maart 1894 is hy deur J.A. Collins as landdros van Winburg opgevolg.

James Collins/...

-
9. G.S. 1020, Brief van A. Stuart aan die Goewermentsekretaris, 2 Augustus 1884.
10. G.S. 206, Brief van landdros Schnehage se seun, Fred. J. Schnehage, aan die Staatspresident, 10 Julie 1894, waarin hy o.a. smeek: "Hopende dat U edele mijn kinderlijke hart jegens eene moeder zult gevoelen en mijn vader dan toch nog een meer kans zult geven."

James Collins was reeds vanaf die sewentiger jare n staatsamptenaar van die O.V.S. In 1881 was hy registra= teur van die Rondgaande Hof en in 1885 het hy as Weesheer in Bloemfontein waargeneem. In 1887 het die Volksraad besluit om samesprekinge met die Z.A.R. te voer oor die moontlikheid van 'n toverbond, asook die aanbou van spoorweë.¹¹ James Collins was lid van hierdie kom= missie en vir sy dienste tydens die konferensie tussen die O.V.S. en die Z.A.R., bedank die Volksraad hom: "... voor de bekwame en nauwgesette wyse waarop dese onvermoeid bij de commissie die den Hoog Ed. Staats= president ter zijde stond by de conferentien en corre= spondentie met den Hoog Ed. Staatspresident der Zuid= Africaansche Republiek."¹² As beloning vir sy dienste is hy daarna as landdros van Ladybrand aangestel. In Maart 1894 is hy na Winburg verplaas en neem hy by Schnehage oor.

Landdros Collins het sommer gou gesien dat 'n landdros van Winburg 'n moeilike taak het. Nie slegs was Winburg die grootste distrik nie, maar dorpe soos Senekal en Ventersburg het nog steeds onder die jurisdiksie van Winburg geval. Behalwe vir bogenoemde twee dorpe, moes hy ook nog die spoorwegstasies, Winburg Road en Venters= burg Road, behartig. Hierdie stasies was dikwels 'n bron van ergernis, veral omdat die Basoeto wat na en van die Randse goudmyne gereis het, hier baie moeilikheid gemaak het. Die werk van die landdros van Winburg het dus/...

-
11. Notulen der verichtingen van den Hoog Ed. Volksraad in zijne gewone vergadering aanvangende 2 Mei 1887, besluite en besprekings op 13 Mei 1887, p. 143.
12. G.S. 180, Brief van die Goewermentsekretaris aan James Collins, 25 Oktober 1887.

dus meer geword, terwyl sy hulp dieselfde gebly het. Al Collins se vertoë om meer klerke het egter op dowe ore geval.

In Julie 1897 is Collins as Onder-goewermentsekretaris van die O.V.S. aangestel en in sy plek het die Volksraad vir J.P. van Zijl aangestel.¹³

Jacobus Petrus van Zijl was reeds vanaf Julie 1875 in diens van die administrasie van die O.V.S. Hy was o.m. in Julie 1875 resident-vrederegter van Ventersburg. In Mei 1881 was hy landdrosklerk van Rouxville en in Julie 1884 is hy as landdros van Kroonstad aangestel. Onmiddellik voor sy koms na Winburg, was hy "Inspekteur van Publieke Kantoren en Kassen."¹⁴

J.P. van Zijl was slegs n kort rukkie landdros van Winburg, want in 1899 het die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek. Die hoogtepunt van sy ampstermyn was ongetwyfeld die besoek van pres. M.T. Steyn tydens die opening van die spoorwegstasie.

Al bogenoemde landdroste was almal bekwame persone en deur hul invloed en voorbeeld het daar stabiliteit in die distrik Winburg gekom. Elkeen het sy eie stempel op Winburg afgedruk en elkeen het meegehelp in die ontwikkeling en vooruitgang van Winburg.

In /...

13. Gouvernements Courant van de Oranje-Vrijstaat,
23 Julie 1897.

14. G.S. 1873, Amptenare-aanstellingslys,
1862 - 1898, p. 41.

In die voorafgaande hoofstukke is reeds aangetoon dat daar sedert 1861 'n Dorpsbestuur in Winburg bestaan het. In Maart 1868 is 'n verdere reeks dorpsregulasies aange= neem wat deur die inwoners eerbiedig moes word. Hoewel hierdie Dorpsraad aanvanklik in die vernaamste behoeftes van die dorp voldoen het, is daar nogtans teen die einde van 1871 'n groot leemte en behoefte aan 'n volwaardige munisipaliteit gevoel. In Oktober 1871 is onder voor= sitterskap van landdros Lotz 'n vergadering van huisbe= woners gehou met die oog op die stigting van 'n munisi= paliteit. Op hierdie vergadering is die reglemente vir 'n munisipaliteit opgestel en dit is aan die Volksraad vir goedkeuring deurgestuur. Nadat die reglemente deur die Volksraad goedgekeur is, is weer eens 'n vergadering van huisbewoners op 15 Junie 1872 gehou en die Munisipali= teit van Winburg het tot stand gekom.¹⁵ Die eerste lede van die munisipaliteit was mnre. J. Bobbert, T. Waters, P. de Kok, G. Bell en De Villiers. Mnr. De Kok was die eerste stadsklerk en mnr. Bobbert was die voorsitter.¹⁶

Na die totstandkoming van die munisipaliteit het dorps= aangeleenthede eers werklik ordelik begin verloop. Er= we is opgemeet, strate is verbeter en uitgelê, die wa= tervoorsiening is verbeter, terwyl doelbewuste pogings aangewend is om die ou kruitmagasyn uit die dorp ver= wyder te kry. Die munisipaliteit was veral besorg oor die veiligheid van die inwoners, want indien die kruit= magasyn deur die weerlig getref sou word, sou dit 'n ramp/...

-
15. Vergelyk Gouvernements Courant, 31 Julie 1872, vir die reglemente van die munisipaliteit.
16. The Friend of the Free State and Bloemfontein Ga= zette, 26 September 1872.

ramp afgee.

Die voorspoed wat gevolg het op die ontdekking van diamante en die hoë pryse wat boere vir hul produkte gekry het, het veroorsaak dat Winburg teen 1873 'n gedaanteverwisseling ondergaan het. Woonhuise is verbeter, nuwe geboue en kantore is opgerig en bome is langs die strate aangeplant. Die munisipaliteit het werklik sy bes probeer om Winburg tot een van die mooiste dorpe in die O.V.S. te ontwikkel.

In 1875 het die munisipaliteit bestaan uit D.J. Mc Grath (voorsitter), G. Bell, W. Johnston, F.W. Markus met P. de Kok as stadsklerk.¹⁷ In 1876 is die dorpsgrond op die naam van die munisipaliteit getransporteer en kry die munisipaliteit nou seggenskap op die grond rondom die dorp.

In 1880 het daar nie slegs ernstige verdeeldheid onder die inwoners nie, maar selfs ook onder die lede van die munisipaliteit geheers oor die ligging van die mark. Vir etlike jare was die mark op Goewerneursplein, ongeveer waar die Postkantoor vandag staan. Baie inwoners was egter die mening toegedaan dat die mark verskuif moes word daar al die besighede rondom die plein geleë was. Besoekers aan Winburg het skertsend opgemerk: "... als je't plein gezien hebt, dan heb je alles gezien."¹⁸

In 1880 het die geskil oor die mark egter tot 'n uitbarsting/...

17. G.S. 1003, Bylae van notule van munisipaliteit ingesluit by 'n brief van P. de Kok aan die sekretaris van die Uitvoerende Raad, 4 September 1875.

18. De Express, 24 Junie 1880.

uitbarsting gekom toe raadslid I. Viviers n aantal persone wat op die plein met hul waens vol produkte gestaan het, beveel om hul produkte op n ander plek te gaan verkoop. Hierop het n rusie tussen raadslede Viviers en D. de Villiers ontstaan. Die gevolg was dat n vergadering van huiseienaars deur mnr. De Kok, die stadsklerk, belê is. n Voorstel deur A. Stuart, ondersteun deur Reeder en Wessels, dat die mark verskuif moes word, is ingedien. Raadslid D. de Villiers, ondersteun deur ds. P.A.C. van Heijningen, het egter die voorstel teengestaan. Nadat daar oor die voorstelle gestem is, was twee-derdes van die huisbewoners ten gunste daarvan dat die mark wel na Markplein verskuif moet word.¹⁹

Die munisipaliteit se grootste bron van inkomste was die verkoop van dorpsere. Die helfte van die opbrengs uit die verkoop van erwe, het na die munisipaliteit gegaan, terwyl die N.G.Kerk die ander helfte van die opbrengs ontvang het. Dorpsere het nogal goeie pryse behaal. In 1883 is erf nr. 32 in Vergottinistraat vir R62 verkoop, terwyl erf nr. 20 in Langstraat vir R25 verkoop is. Erf nr. 13 in Victoriastraat is selfs vir R300 verkoop. Tussen Februarie 1880 en 30 Junie 1883 is altesaam 88 erwe vir R5055 deur die munisipaliteit van die hand gesit.²⁰

In 1884 het die munisipaliteit bestaan uit A. Stuart, L. Stern, D. de Villiers, W. Fendick en T. Waters.

In/...

19. De Express, 24 Junie 1880.

20. G.S. 1018, Bylae by n brief van ds. P.A.C. van Heijningen aan die Staatspresident, 16 November 1883.

In hierdie jaar was die munisipaliteit ook genoodsaak om 'n Gesondheidskomitee in die lewe te roep. Pokkies het naamlik in die distrik uitgebreek. Die lede van hierdie komitee was dr. J. Leech, E. Dixon, F. Deelman, I. Viviers, A. Reeders, A. Stuart en J. Webb. Die ver naamste taak van dié komitee was om die pokkie-epidemie te probeer bekamp. 'n Lasaret is ten noordooste van die dorp ingerig, terwyl die lokasie afgesonder is. Bandoes het die ingange van die dorp bewaak en alle vreemde Nie-Blankes is voorgekeer.²¹

Gedurende 1886 het daar 'n groot geldskaarste in Winburg geheers. 'n Algemene depressie het in die twee Britse kolonies in S.A. en ook in die twee republieke geheers. So donker was die finansiële posisie dat munisipale amptenare van Winburg selfs verplig was om te bedank, want daar was nie geld om hulle te betaal nie. Baie inwoners het die dorp verlaat en het sak en pak na die nuutontdekte goudvelde in Transvaal vertrek. So baie inwoners het Winburg verlaat dat daar spottenderwys gesê is dat dié enkele persone wat oorgebly het, kraanvoëls op die markplein kon skiet.

In 1887 het die munisipaliteit bestaan uit A.A. Stuart, D.J. de Villiers, A.G. Vlotman, W. Fendick en F.J. Bell. In hierdie jaar het die finansiële toestande begin verbeter en algemene voorspoed het weldra geheers. Munisipale sake het weer begin vlot en wel so dat die munisipaliteit die eerste "swembad" vir die ontspanning en vermaak van die inwoners en ook as 'n lafenis teen die geweldige/...

21. G.S. 1020, Notule van 'n publieke vergadering te Winburg gehou om pokke te bespreek, 10 Julie 1884.

geweldige hitte gedurende die somermaande, kon inrig. Die munisipaliteit het naamlik 'n trap gebou waarmee in Laaispruit afgestap kon word om daar in die moddergate te swem.²² Hierdie swemplek was 'n gesogte bymekaar-komplek van die jong mense. Later sou F. Deelman wat vroeër in die landdroskantoor gewerk het, daar verdrink.

Die gemis aan 'n stadhuis is reeds vir etlike jare deur die inwoners gevoel. Presidente en ander belangrike persone het Winburg dikwels besoek en daar was nooit 'n geskikte plek om sulke mense te onthaal nie. Die stigting van 'n "Amateur Dramatic Club" het die behoefte aan so 'n stadhuis verder beklemtoon. In Mei 1891 het die munisipaliteit 'n vergadering belê om oor die bou van 'n stadhuis te beraadslaag. Die meerderheid van huisbewoners was ten gunste daarvan en het selfs op 'n perseel in Leechstraat, oorkant die skool, besluit. Met dié doel het die munisipaliteit 'n lening van R3000 by die Volksraad aangegaan.²³ In 1892 is die stadhuis voltooi en menige gesellige aand is daar deur die inwoners deurgebring, terwyl die "Amateur Dramatic Club" verskeie toneelstukke opgevoer het. In dieselfde jaar het die munisipaliteit ook 'n begin gemaak om die dorpsgrond met doringdraad te omhein sodat dit verhuur kon word.

'n Groot hoogtepunt in die ontwikkeling van die dorp was

toe/...

22. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 5 Desember 1890.

23. G.S. 1036, Brief van A. Stuart aan die Goewermentsekretaris, 29 Mei 1891.

toe die munisipaliteit in 1897 besluit het om straatlampe aan te bring. Daar is naamlik gevoel dat die strate saans veiliger sou wees as daar lampe brand. Hierdie lampe is elke aand aangesteek, want dit was nie elektriese lampe nie. Eers in 1899 het die munisipaliteit besluit om elektriese straatlampe aan te skaf, maar die Anglo-Boere-oorlog sou die aanlê van elektriese krag vir 'n hele aantal jare vertraag. Hoewel die oorlogsgerugte en veral die runderpes van 1896 die finansiële vooruitsigte ietwat belemmer het, blyk dit tog uit die munisipale begroting van 1897 dat die munisipaliteit se sake oor die algemeen gesond was. Uit die munisipale notule blyk o.a. dat die inkomste R1780 was, terwyl R612 in kontant voor hande was. Die beplande uitgawe is op R2000 gestel.²⁴

Vanaf die beëindiging van die Basoeto-oorloë tot en met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog het die distrik Winburg 'n mooi groeikoers gehandhaaf. Met die sensus van 1856 was daar in die hele distrik Winburg slegs 6617 siele woonagtig. Van hierdie getal was 4136 Blankes. In Winburg self was daar maar net 91 Blankes. Die sensus van 1880 toon dat daar toe reeds 15,858 siele in die distrik woonagtig was. Van hierdie getal was 3425 blanke mans en 3165 blanke vrouens. In die dorp was daar 58 huise en die blanke bevolking het 250 getel.²⁵

Die blanke bevolking het bestaan uit 22 professionele persone/...

24. Notule van die Munisipaliteit, 21 Januarie 1897.

25. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 23 September 1880.

persone, 92 besigheidslui, 1203 boere en 70 handelaars. Van die totale bevolking kon 3598 lees en skryf, terwyl 471 persone slegs kon lees. Onder die blanke persone was 13 blind, 16 doof en 11 doofstom. Die verskillende denominasies en lidmate was soos volg:²⁶

| | | | |
|----------------|---|------|----------|
| N.G. Kerk | - | 6291 | lidmate. |
| Wesleyane | - | 6 | " |
| Lutherane | - | 5 | " |
| Episkopale | - | 21 | " |
| Rooms Katoliek | - | 1 | " |
| Jode | - | 6 | persone. |
| Ander gelowe | - | 3 | " |
| Sonder geloof | - | 257 | " |

Reeds in 1880 was dit duidelik dat die meeste Winburgers lidmate van die N.G. Kerk was. Volgens die sensus blyk dit ook dat die distrik Winburg besig was om te verswart. Met die sensus van 1856 het die Blankes n getalsvoorsprong op die Nie-Blankes gehad in die verhouding van 1,6 tot 1, terwyl met die sensus van 1880, die Nie-Blanke n getalsvoorsprong op die Blanke gekry het van 1,4 tot 1. Met die sensus van 1890 was die prentjie nog swarter, want toe was daar 7662 Blankes, teenoor die 16,685 Nie-Blankes.²⁷

Die groei en ontwikkeling van die dorp en distrik het ten nouste saamgehang met die ontwikkeling en verbetering van die algemene verkeer en kommunikasie.

Trouens/...

26. Ibid., 23 September 1880.

27. Ibid., 28 April 1891.

Trouens, die verbetering in die verkeer, vervoer en kommunikasie, het die ontwikkeling van Winburg regstreeks beïnvloed. Om die verkeer te bevorder, is paaie verbeter, terwyl verskeie driewe gebou is. Om geld vir hierdie uitgawes in die hande te kry, het die Volksraad besluit om tolhekke op te rig. In die distrik Winburg was daar die volgende tolhekke:

1. Aan die Vetrivier by Kameelboomfontein, waar W. Tripmacher die pag gehad het waarvoor hy R80 betaal het.
2. Aan die Vetrivier by Tafelkop, waar N.J. Wessels die pag gehad het waarvoor hy R128 betaal het.
3. Aan die Sandrivier by Welgelegen waar J. de Villiers die pag gehad het waarvoor hy R64 betaal het.
4. W. Tripmacher het teen betaling van R102 n verdere pag gehad om òf te Wittepoort òf te Driekopspruit, naby Senekal, n tolhek op te rig.²⁸

Die tolbelasting is teen die volgende skaal bereken: volgelaaide bokwaens 50c, leë bokwaens 40c, n volgelaaide wa 40c, n leë wa 15c, rytuie met vier wiele 15c, rytuie met twee wiele 10c, n perderuiter 12c, grootvee 1c stuk en kleinvee 1c per 100.²⁹

Dit was egter die jaar 1880 wat n groot voorwaartse stap in kommunikasie gebring het. In daardie jaar is n telegraaflyn na Winburg aangelê. Mnr. L. Stern se gebou oorkant die markplein, kon as telegraafkantoor teen R12 per maand gehuur word, maar daar is besluit om n

nuwe/...

-
28. G.S. 1006, Brief van C. Warden aan die Goewerment= sekretaris, 4 Oktober 1877.
29. G.S. 1013, Brief van A. Reeders aan die Uitvoerende Raad, 3 September 1881.

nuwe telegraafkantoor op te rig. Hierdie telegraafkantoor is op Goewerneysplein gebou deur mnr. D. Mc Arthur wat ook die nuwe landdroskantoor opgerig het. Hierdie telegraafverbinding het die kommunikasie geweldig aangehelp, want binne enkele sekondes kon o.a. kontak met Bloemfontein gemaak word. Telegramme is versend teen 10 woorde vir 10 sent.

Die koms van die telegraaflyn sou op sy beurt die koms van die spoorlyn verhaas, want na voltooiing van die telegraafverbinding het baie Winburgers by die Volksraad op 'n spoorwegverbinding begin aandring. In Winburg is selfs 'n Spoorwegkomitee, bestaande uit E. Rosslie, N. Schnehage, F. Tripmacher, D. Roux, D. de Villiers, L. Bergstedt, A. Vlotman en J. Ingram in die lewe geroep. Hierdie komitee het sake baie deeglik ondersoek en 'n verslag is aan die Volksraad voorgelê, waarin versoek is dat die spoorlyn vanaf Bloemfontein na die Transvaal direk oor Winburg moes gaan. As rede hiervoor is aangevoer dat indien Winburg nie so 'n spoorwegverbinding kry nie, eiendom met 50% sou daal. Voorts is beweer dat die spoorweë op 'n goeie spoorvrag sou kon reken omdat Winburg 'n florerende distrik is. As bewys hiervan voer die komitee aan dat die distrik Winburg in 1889 ongeveer 7000 bale wol verkoop het, 150 wavragte graan gekoop en versend is, terwyl die invoer van drank, karre en ander lewensbehoefte ongeveer R240,000 bedra het.³⁰ Al hierdie produkte kon per spoor vervoer word. Die komitee het verder daarop gewys dat die vaste eiendom van Winburg reeds in 1885 op R65,760 bereken is en dat/...

30. G.S. 1030, Rapport van het Winburg Spoorweg Komitee, Augustus 1889.

dat die jaarlikse inkomste van die distrik R22,495 be-
loop het. Winburg was dus op daardie tydstip die
rykste distrik met die beste vee, die beste perde en het
die meeste graan gelewer.³¹

Na die indiening van hierdie verslag, het die Volksraad
op die aanlê van 'n spoorlyn besluit. Hierdie spoorlyn
sou egter nie direk na Winburg loop nie, maar: "... van=
af Bloemfontein voorbij het Zuid-oostelike punt van
Verkeerdevleijsberg zoo na moegelyk aan Winburg en van
daar langs den Oostelike kant van Britsberg aan die
Westzijde van Senekal en vervolgens met een regte lyn
na Viljoensdrif." ³²

Dit was regtig slegte nuus vir die Winburgers, want dit
het beteken dat die treinspoor nie deur Winburg sou loop
nie, dat hy dus nie direk op die hoofspoor sou lê nie,
maar inteendeel, ongeveer 3 uur te perd van die spoorweg=
stasie sou wees. Waarskynlik is hierdie Volksraadbe=
sluit een van die vernaamste faktore wat daartoe byge=
dra het dat Winburg na 1890 weinig ontwikkeling en
groei getoon het en dat dit uiteindelik agteruitgegaan
het.

Winburg se spoorwegkomitee sou egter met hul pogings om
die dorp met 'n spoorlyn te verbind, voortgaan en na
nog verdere verslae en memories het die Volksraad uit=
eindelik ingestem om die spoorlyn na Winburg te verleng.
Die dorp sou egter nooit op die hoofspoorlyn na die

Transvaal/....

31. Ibid., Augustus 1889.

32. Notulen der Verrichtingen van den Hoog Edelen
Volksraad, 29 Mei 1890, p. 301.

Transvaal of na Natal kom nie. Op 1 November 1898, kort voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, is die spoorwegverbinding met Winburg amptelik deur pres. M.T. Steyn geopen.³³

De Express van 4 November 1898 het 'n baie mooi verslag van hierdie luisterryke verrigtinge gegee: Twee treine vol hoogwaardigheidsbekleërs en gaste het vroeg die môre van 1 November 1898 uit Bloemfontein na Winburg vertrek. Die aankoms van die treine is met 'n luide gejuig op die nuwe stasie van Winburg begroet. Die skoolkinders het die President toegesing en daarna is verskeie adresse van verwelkoming aan hom opgedra. Op al die adresse het die President gepas geantwoord. Hierna het die optog deur die dorp gegaan met 'n musiekkorps van die Staatsartillerie vooraan. Die middag is daar 'n heerlike feesmaal in die stadhuis gehou en tydens hierdie feesmaal is nog verdere toesprake gehou. Veral die toespraak van C.H. Wessels, voorsitter van die Volksraad het baie byval gevind. O.a. het hy gesê: "Winburg was het voornaamste dorp - de moeder van de staat. Men zag het dikwijls gebeuren dat een oude monarch de kroon van het hoofd nam en aan een jeugdiger opvolger overdroeg. Zoo was ook de kroon van de Vrijstaat op Bloemfontein gezet, die nog altijd eerbied koesterde voor de oude moeder."³⁴

Die verrigtinge is die middag voortgesit met 'n atletiekbyeenkoms op 'n atletiekbaan wat by die stasie aangelê is/...

33. De Express, 4 November 1898.

34. Ibid., 4 November 1898.

is. Vir die mans was daar n skyfskiet gerêël. Nadat die verrigtinge van die dag verby was, is die feestelikhede deur die musiekkorps van die Staatsartillerie voortgesit.

Daarmee was die verrigtinge nog lank nie afgeloop nie. Die volgende dag is n perderesies gehou. Die trein het heen en weer gery om die mense vanaf die stasie na die resiesbaan te vervoer. Daardie aand was daar nog n konsert en eers die volgende aand is die verrigtinge uiteindelik met n dans in die stadsaal afgesluit.³⁵

Dit was die grootste en luisterrykste feesvieringe wat Winburg nog tot op daardie datum beleef het. Die spoorwegverbinding het groot finansiële voordele vir die dorp ingehou, maar ongelukkig was dit van kortstondige duur, want in 1899 het die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek.

Die afsluiting van die Basoeto-oorloë en die ontdekking van diamante by Hopetown en later by Kimberley, het tot n algehele ekonomiese opbloei gelei. In hierdie voorspoed het die Winburgers vanaf 1868 ook gedeel. Baie Winburgers het na die delwerye gegaan en met baie geld teruggekeer. Die feit dat die roete tussen Natal en die diamantvelde oor Winburg gegaan het, het meer mense by Winburg laat aandoen en dit op sy beurt, n oplewing in die kleinhandel gebring. Transportry na die diamantvelde was lonend en gevolglik het swaar gelaaide waens van Winburg na Kimberley vertrek en met baie geld weer/...

35. Ibid., 4 November 1898.

weer teruggekeer. Voorts het Winburg ook die ontvangs- en distribusiesentrum van die nuutgestigte dorpe soos Clocolan en Ladybrand geword.

Hierdie opbloei in die handel het gelei tot die ontstaan van meer winkels en besighede in Winburg. In 1869 is die volgende lisensies deur landdros Lotz uitgereik:

- (1) Winkellisensies aan: H.J. Louw en Kie., Adler en Kie, Clark en Pulleyn, F.P. Schnehage, E. Hart en W. Wohllitz.
- (2) Afslaerslisensies aan: C. Bredell en Stuart en Uys.
- (3) Geneesheerlisensie aan: dr. W. Mawby.
- (4) Kantienlisensie aan: J. Vlotman.
- (5) Slagterslisensie aan: W. Evert, en G. Wright.
- (6) Bakkerslisensie aan: G. Wright.
- (7) Smouslisensie aan: W.T. Enslin, E. Few.³⁶

In 1871 was Winburg in rep en roer toe dit rugbaar geword het dat 'n diamant op Welgelegen, die plaas van Jan Marais, opgetel is. Welgelegen het aan die Doringrivier, ongeveer $3\frac{1}{2}$ uur te perd van Winburg gelê. Marais se kinders was besig om 'n boomwortel tussen twee ysterklippe uit te trek, toe 'n diamant van $13\frac{1}{2}$ karaat daar gevind is. Die diamant was egter van swak gehalte, maar nogtans is Marais R100 daarvoor aangebied.³⁷

Na die ontdekking van hierdie diamant op Welgelegen, is nog 'n diamant op Valschfontein in die Vetrivier-wyk gevind. Hierdie steen het $10\frac{1}{2}$ karaat geweeg en is aan

Bobbert/...

36. G.S. 993, Lijst van Licentiën uitgereikt door den Landdrost van Winburg in 1869, Januarie 1869.

37. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 21 September 1871.

weer teruggekeer. Voorts het Winburg ook die ontvangs- en distribusiesentrum van die nuutgestigte dorpe soos Clocolan en Ladybrand geword.

Hierdie opbloei in die handel het gelei tot die ontstaan van meer winkels en besighede in Winburg. In 1869 is die volgende lisensies deur landdros Lotz uitgereik:

- (1) Winkellisensies aan: H.J. Louw en Kie., Adler en Kie, Clark en Pulleyn, F.P. Schnehage, E. Hart en W. Wohltitz.
- (2) Afslaerslisensies aan: C. Bredell en Stuart en Uys.
- (3) Geneesheerlisensie aan: dr. W. Mawby.
- (4) Kantienlisensie aan: J. Vlotman.
- (5) Slagterslisensie aan: W. Evert, en G. Wright.
- (6) Bakkerslisensie aan: G. Wright.
- (7) Smouslisensie aan: W.T. Enslin, E. Few.³⁶

In 1871 was Winburg in rep en roer toe dit rugbaar geword het dat n diamant op Welgelegen, die plaas van Jan Marais, opgetel is. Welgelegen het aan die Doringrivier, ongeveer $3\frac{1}{2}$ uur te perd van Winburg gelê. Marais se kinders was besig om n boomwortel tussen twee ysterklippe uit te trek, toe n diamant van $13\frac{1}{2}$ karaat daar gevind is. Die diamant was egter van swak gehalte, maar nogtans is Marais R100 daarvoor aangebied.³⁷

Na die ontdekking van hierdie diamant op Welgelegen, is nog n diamant op Valschfontein in die Vetrivier-wyk gevind. Hierdie steen het $10\frac{1}{2}$ karaat geweeg en is aan Bobbert/...

36. G.S. 993, Lijst van Licentiën uitgereikt door den Landdrost van Winburg in 1869, Januarie 1869.

37. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 21 September 1871.

Bobbert vir R120 verkoop.³⁸

In 1873 het The Friend of the Free State 'n berig geplaas oor die moontlikheid van die ontginning van steenkool in die distrik Winburg. Volgens die berig is steenkool aan die Doornberg, Welgelegen en Junctiondrift op kleinskaal ontgin.³⁹ Doornberg en Welgelegen maak vandag deel uit van die Willem Pretorius-wildtuin, terwyl Junctiondrift onder die distrik Ventersburg ressorteer.

In 1876 is berig ontvang van die ontdekking van diamante op die plaas, "The Monastery."⁴⁰ Hierdie plaas was die eiendom van R. Lindeque en maak tans deel uit van die distrik Marquard. Ondersoek het destyds aan die lig gebring dat die myn lank voor 1876 deur onbekende persone bewerk was. Hoewel daar in 1876 weer met die myn begin is, het hierdie poging doodgeloop. Eers in 1892 is weer daadwerklike pogings aangewend om dit te ontgin. Die "Monastery Diamond Mining Syndicate" is in daardie jaar gestig. Hierdie sindikaat het bestaan uit mnr. F. Tripmacher, J. Ingram, N. Schnehage, F. Schimper, F. Baresil en menere Bantjes en Dobinson. 'n Sekere mnr. Fyfe is as bestuurder aangestel. Tydens die ontginning is verskeie geraamtes en interessante werktuie gevind. Een spies wat gevind is, het ongelukkig verkrummel toe dit uitgehaal is. Daar is geglo dat 'n prehistoriese ras die myn eeue gelede bewerk het.

Tussen/...

-
38. G.S. 997, Brief van J.W. Lotz aan die Goewermentsekretaris, 30 September 1871.
39. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 18 September 1873.
40. G.S. 1005, Brief van J.W. Lotz aan die Goewermentsekretaris, 21 Oktober 1876.

Tussen Februarie 1892 en Maart 1894 is altesaam 5737 diamante met 'n totale gewig van 2052 karaat gevind. Tussen hierdie diamante was daar 'n steen van 30½ karaat, een van 25 karaat en een van 12½ karaat. In Julie 1895 is daar 'n steen van 214 karaat gevind. Dit is na Engeland gestuur, waar daar vasgestel is dat dit nie 'n diamant was nie, maar 'n waardelose sirkoon.⁴¹ In hierdie Monastery-myn word tans nog gewerk en onlangs is daar 'n groot diamant gevind - 'n diamant wat die Sindi-karat in 1892 seker baie graag sou wou gevind het.

In 1879 was daar nie minder dan drie watermeulens in gebruik in die distrik Winburg nie. Mnr. Thomas Waters en ook mnr. Ballot en Adam het meulens aan die Vet-rivier gehad, terwyl B.J. Venter sy meule aan die Kool-spruit gehad het. In 1883 het mnr. Pitout en Davis die eerste stoommeul by Trommel opgerig. Dit was egter 'n maer jaar en die gevolg was dat hierdie firma bankrot gespeel het. Hierdie meule wat aanvanklik R4000 gekos het, is vir slegs R254 aan F. van Rensburg verkoop.⁴²

Nieteenstaande periodieke droogtes en sprinkane wat weiding verwoes en stremmend op die landbou ingewerk, het nie, het die landbou van die distrik Winburg tog 'n mooi groeitempo gehandhaaf. Uit die sensus van 1880 blyk o.a. die volgende: Die totale grootte van die distrik was 112,961 hektaar en dit het die volgende hoeveelhede opgelewer: 7540 mud koring, 513 mud hawer, 601 mud gars, 38 mud rog, 7645 mud mielies, 577 mud aartappels/...

41. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 12 Maart 1895.

42. De Express, 14 Junie 1883.

aartappels, 54 mud ertjies en boontjies, 916 kilogram tabak, 8163 kilogram droë vrugte, 2 halfaam wyn, 1 halfaam brandewyn, 4864 bale wol, 5 diamante, 550 velle en 90 kilogram volstruisvere. Wat die lewende hawe betref, word die volgende statistiek aangegee: 12650 perde, 515 esels, 17678 trekosse, 58971 beeste, 17505 Kaapse skape, 582,390 merino skape, 73,450 angorra bokke, 18,980 bokkapaters, 2241 varke en 390 volstruise.⁴³

Uit bogenoemde sensus kan ons aflei dat koring en mielies die belangrikste landbougewasse was, terwyl die aantal groot- en kleinvee bewys dat die distrik 'n goeie veedistrik was. Die groot verskeidenheid produkte wat verbou is, bewys weer eens hoe geskik hierdie distrik vir algemene boerderydoeleindes is. Deurdat die distrik op hierdie tydstip meer beeste as Bloemfontein gehad het, is dit duidelik dat teen 1880 Winburg reeds een van die vooruitstrewendste landboudistrikte van die O.V.S. was.

Deurdat die landbou en boerdery van die distrik so floreer het, is in April 1885 tot die stigting van die "Winburgse Landboukundig en Algemene Boerdery Genootskap" oorgegaan.⁴⁴ In Maart 1888 het hierdie Genootskap 'n geslaagde tentoonstelling gehou. Die tentoonstelling is goed ondersteun en dit het ook goed afge-loop. Die konsert wat die aand gehou is, het egter op 'n fiasko uitgeloop. Die mense het so geraas en baklei dat die musikante geweier het om verder musiek te maak.
In/...

43. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 23 September 1880.

44. G.S. 1021, Brief van J. Schnehage aan die Goewermentsekretaris, 26 April 1885.

In die bakleiery wat gevolg het, is talle vensters gebreek, terwyl sommige mense gebreekte neuse opgedoen het. Die moeilikheid het blykbaar ontstaan deurdat die beligting te swak was en deurdat daar nie programme beskikbaar was nie. Sommige mense het ook aanstoot geneem deurdat te veel Engelse liedjies gesing is.⁴⁵

As gevolg van die goeie toestande het baie Winburgers van die kans gebruik gemaak om oorsee te gaan reis. Op sulke reise is dikwels opregte vee vir stoet- en teel- doeleindes aangekoop en na Winburg gebring. So byvoorbeeld het dr. J. Leech etlike opregte ramme in die buiteland aangekoop. Ook F.W. Wessels wat in 1890 in die buiteland was, het 'n aantal Rambouillet en Duitse ramme aangekoop, terwyl hy ook in Friesland 'n opregte Friesbul gekoop het.⁴⁶

Die jaar 1896 was 'n baie swak boerderyjaar. Nie slegs het droogte en sprinkane die boerdery belemmer nie, maar die wolpryse was baie laag en arbeid was skaars. Die grootste terugslag wat die boerderybedryf getref het, was die uitbreek van die Runderpes. Vanaf Mei 1896 het duisende stuks grootvee in die distrik Winburg gevrek.⁴⁷ Sommige boere was so noodlottig getref dat hulle verplig was om die plase te verlaat en om elders 'n heenkome te gaan soek. Baie boere het op die myne gaan werk, terwyl ander weer met die bou van die spoorlyne gaan help het. Eers teen die einde van 1897 het

die/...

45. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 14 Maart 1888.

46. Ibid., 5 Desember 1890.

47. G.S. 1055. Notule van 'n byeenkoms te Winburg gehou om die Runderpes te bespreek, 7 Mei 1896.

die reëns gekom en toe was die Runderpes ook uitgewoed. Voordat die boere egter weer heeltemal kon herstel van die droogte en Runderpes, het die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek.

Te midde van al die dorpsbedrywighede, handelsaktiwiteite en boerderyaangeleenthede het die Winburgers tog nog vir feesvieringe, onthale en die beoefening van sport, tyd gehad. Deurdat Winburg op die hoofroete tussen Bloemfontein en Natal gelê het, het hoogwaardigheidsbeksleërs dikwels by Winburg aangedoen, terwyl presidente van die O.V.S. periodiek n besoek aan Winburg gebring het.

In 1871 het pres. T.F. Burgers van die Z.A.R. Winburg aangedoen en die nag in die Winburg hotel deurgebring. Die Winburgers was gaande oor die hoë gas wat in hul midde vertoef het. n Berede kommando het die president na en in die dorp geleide gedoen en die vlae van die twee republieke is op eg seremoniële wyse gehys. In November 1880 het pres. J.H. Brand aan Winburg n besoek gebring. Hy is op feestelike wyse deur die skoolkinders verwelkom, terwyl die munisipaliteit hom n adres aangebied het, waarin geskryf is van, "... den bloeyenden toestand van onze finantien, de nieuwe Diamantvelden, onze uitmuntenden vooruitzigten in den wol, handel en alle blyken van eenen overvloedigen oogst."⁴⁸

In Maart 1885 het pres. Brand weer n besoek aan Winburg gebring. Hierdie besoek het deel uitgemaak van n waperskou. Baie boere het spesiaal dorp toe gekom.

Benewens/...

48. G.S. 1012, Adres van die munisipaliteit aan pres. J. Brand, November 1880.

Benewens die adresse hom aangebied, het die skoolkinders hom hartlik toegesing. Die Winburgers was baie lief vir pres. Brand en toe hy op 14 Julie 1888 oorlede is, was die hele Winburg in rou gedompel.

Die besoek van pres. F.W. Reitz in 1891 was nog n hoogtepunt in die geskiedenis van Winburg. Hierdie besoek het saamgeval met die tentoonstelling en n groot wapenskou. Ongeveer 1280 burgers het aan die verrigtinge deelgeneem. Onder leiding van kommandant A.P. Cronjé van die Winburgse kommando is verskeie skynaanvalle uitgevoer, terwyl op verskillende afstande skyfgeskiet is.⁴⁹

In 1896 het die Winburgers se beker van geluk oorgeloop toe een van hul seuns, Marthinus Theunis Steyn, tot president van die O.V.S. gekies is. In die kort rukkie van sy ampstermyn voor die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, sou hy dan ook diep spore in die geskiedenis van Winburg trap. Hy het nie slegs die hoeksteen van die nuwe kerk gelê nie, maar het ook die verlenging van die spoorlyn na Winburg geopen.

Vanaf 1868 tot met die uitbreek van die Anglo-Boere-oorlog, het die Winburgers hulle op verskeie maniere vermaak. Behalwe vir n Leeskamer en die "Amateur Dramatic Club," was die hou van perderesies een van hul grootste bronne van vermaak.

Ander bronne van vermaak en ontspanning was fietsry, tennis/...

49. G.S. 1036, Rapport van A.P. Cronjé aan die Staatspresident, 12 Maart 1891.

tennis en krieket. Daar is dikwels fietswedrenne na die Vetrivier en terug georganiseer. Dié sportsoort waarin die Winburgers egter uitgeblink het, was krieket. In die 1873/74-krieketseisoen was die span van Winburg die krieketkampioene van die O.V.S. Krieketspanne het gewoonlik per ossewa of kapkarre van die een dorp na die ander gereis. Dikwels is die kolfblad net voor 'n wedstryd gemaak. Eers is die ergste bossies verwyder dan is die grond 'n bietjie gelyk gemaak en dan is 'n mat daaroor gegooi. Dr. T. Dixon was die siel van hierdie krieketspan. Hy het egter later na die Rand vertrek. Op sy reis daarheen het sy vrou en kinders in die Vaalrivier verdrink toe die kar in 'n drif omgeslaan het.⁵⁰

Gedurende die tydperk vanaf 1868 tot 1899, sou Winburg 'n paar treurige dae beleef. Op 1 Februarie 1869 is dr. William Mawby deur die weerlig getref terwyl hy in sy huis besig was om medisyne aan te maak. In 1871 het Winburg nog een van sy kleurrykste figure verloor toe advokaat Baart de la Faille in die ouderdom van 40 jaar gesterf het. As 'n mens aan hom dink, dink jy onwillekeurig aan die storm-en-drang-jare van Winburg en dan dink jy weer terug aan James Howell, aan Lenting en aan tweegevegte by die ou skansmuur.

Stadig, maar seker het die een na die ander van die ou garde van die toneel begin verdwyn. In 1871 het J.D. Cilliers, een van die oudste intrekkers en Voortrekkers, heengegaan. Later het ook George Vergottini en

Johannes/...

50. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 25 Desember 1884.

Johannes F. Janse van Rensburg gevolg. Almal was belangrike manne wat diep spore in die geskiedenis van Winburg getrap het. Johannes Janse van Rensburg was een van die eerste intrekkers en stigters van Winburg en in latere jare was hy Volksraadlid.⁵¹ Hy is op die plaas, Trommel, begrawe.⁵²

Vanaf 1854 is verskeie ander distrikte van die distrik Winburg afgestig. So o.a. het die volgende distrikte tot stand gekom: Kroonstad (1855), Hoopstad (1873), Bultfontein (1873), Senekal (1875).⁵³ Uit hierdie distrikte sou egter nog baie ander dorpe en distrikte ontwikkel word.

Gedurende die jare, 1854 tot 1899, het Winburg dus nie slegs sy hoogte- en laagtepunte gehad nie, maar hy moes ook baie van sy eertydse groot grondgebied prysgee. Winburg was inderdaad, "... het voornaamste dorp - de moeder van de staat."⁵⁴ Winburg het in hierdie jare int'n vooruitstrewende dorp en spogdistrik ontwikkel. Ongelukkig sou hierdie ontwikkelingsproses en groei deur die Anglo-Boere-oorlog beëindig word. Vanaf 1898 was dit duidelik dat n oorlog met Engeland onvermydelik was. Baie anderstaliges het Winburg begin verlaat en die burgers het hulle begin bewapen. Hiermee word dan die geskiedenis van Winburg tussen 1868 en 1899 afgesluit, want Winburg staan nou op die vooraand van die Anglo-Boere-oorlog wat hom tot in sy fundamente sou skud.

51. Vergelyk Bylae A vir Winburg se Volksraadlede, 1854 - 1899.

52. De Express, 18 Maart 1880.

53. J.F. Jacobs, Oranje, Blanje, Blou, pp.46, 93, 96,

54. ¹¹¹De Express, 4 November 1898.

H O O F S T U K VIII.

DIE ONTWIKKELING VAN DIE N.G. GEMEENTE VAN WINBURG.

Die Trekkers het as godvresende en op godvertrouende Christene die ou Kolonie verlaat op soek na 'n nuwe vaderland. Op hierdie trek het hulle 'n kosbare besitting, die Bybel, met hulle saamgeneem. Op trek is huisgodsdienst gereeld gehou, terwyl gesamentlike dienste onder die leiding van evangeliste soos Erasmus Smit en sowel Sarel Cilliers gehou is.

Hoewel die meeste Trekkers Natal toe getrek het, het etlike honderde Trekkers 'n nuwe tuiste in die omstreke van die Vet-, die Sand- en die Vaalrivier gevind. Soos reeds vermeld, het hierdie Trekkers later die dorp, Winburg, gestig. Aanvanklik het hul geen opgeleide leraar gehad nie. In 1840 is David Jacobs egter as ouderling en katekisasiemeester aangestel. Huwelike is deur die landdroste voltrek, maar in die bediening van die Heilige Woord en die Sakramente, is die gemis aan 'n eie leraar kwaai gevoel.

Aangesien die eerste notuleboek verdwyn het, is daar nie veel oor die stigting van die gemeente bekend nie. Dit word egter algemeen aanvaar dat die gemeente in 1841 gestig is. Deurdat die Kaapse kerk, op geestelike gebied, hom oor die Trekkers oorkant die Oranjerivier ontferm het, is opgeleide predikante kort-kort na dié gebied gestuur. In 1842 het eerwaarde Daniel Lindley die Winburgers besoek en tydens hierdie besoek is die oudste Doop- en Lidmaatregisters aangelê. Hoewel die gemeente dan in 1841 gestig is, het dit eers in 1842 werklik begin ontwikkel toe die verskeie registers aangelê is. Op ds. Lindley se besoeke, het hy in die gemeente 1303 kinders gedoop/...

gedoop. Die eerste inskrywing in die Doopregister is dié van die vierjarige Christiaan Pieter Brits wat op 2 April 1842 gedoop is.¹

Die eerste 1303 kinders is deur eerwaarde Lindley gedoop en die inskrywings is deur sy ouderling, Gerrit Naudé, gedoen. Hierdie deel van die register loop tot 18 Januarie 1846. Na 1846 is die doop deur ds. Andrew Murray en ds. P.K. Albertyn bedien. Hierdie twee leraars het die register tot by inskrywing nr. 1533 behartig. Vanaf inskrywing nr. 1534 tot 1789 het ds. P.E. Faure en ds. W. Robertson die doop bedien. Vanaf inskrywing nr. 1790 tot by inskrywing nr. 1935, het ds. Andrew Murray Jnr. die doop bedien. Ds. Dirk van Velden, die gemeente se eerste gevestigde predikant, het met inskrywing nr. 1936 begin. toe hy op 15 Desember 1850 vir Maria Johanna Cronjé gedoop het.²

Die eerste registrasie van 'n huwelik in die Huweliksregister het op 23 September 1843 voor 'n landdros en heemrade plaasgevind. Dit was egter nie die eerste troue nie, want kommandant Andries Pretorius het self 'n trouboek aangelê en dit dateer reeds vanaf 18 April 1838.³

Die eerste Lidmaatregister bevat name sedert 1842 en hierdie lidmate is ook deur eerwaarde Lindley voorgestel.

Die/...

-
1. Doopregister van die N.G. Gemeente van Winburg.
 2. Ibid.
 3. G.B.A. Gerdener, Ons Kerk in die Transgariep, p. 149.

Die Kerkraadsnotule tussen 1842 en 1848, asook dié na 1885 het ongelukkig verdwyn. Die beskikbare notule dateer vanaf 31 Maart 1848 en die onderwyser, C. Korsten het as skriba opgetree. Waarskynlik is hierdie notuleboek op aanbeveling van ds. Andrew Murray begin. Ds. Murray was lid van die afvaardiging wat tussen 1847 en 1848 die Transoranje besoek het. Hierdie afvaardiging, bestaande uit di. A. Murray, P.K. Albertyn en B. Pienaar, het tussen Maart 1848 en April 1848 Winburg besoek.

Tydens hierdie besoek is op 31 Maart 1848 'n verkiesing van kerkraadslede gehou. By daardie geleendheid is Thomas Theron en Hermanus Wessels tot ouderlinge en Jacobus Pienaar, Andries Lourens, Pieter Naude en Abraham le Roux tot diakens verkies. Twee oud-kerkraadslede was egter nie tevrede met hierdie verkose lede nie, want hulle het beweer dat hulle Britsgesind was. Hulle het toe die godsdiensoefeninge gedwarsboom en na hul plase teruggekeer. Op pad daarheen het hulle alle voornemende kerkgangers voorgekeer en aan hulle vertel dat die kommissie wat Winburg besoek, Roomsgesind was. Baie lidmate het gevolglik na hul plase teruggekeer en slegs 300 siele het die kerkdienste bygewoon.⁵ Nadat die nuwe kerkraadslede bevestig is en etlike godsdiensoefeninge gehou is, het die kommissie na Potchefstroom vertrek. Op 23 April 1848 was hulle weer terug op Winburg. Hoewel verskeie dienste gehou is en

verskeie/....

4. Kerkraadsnotule van die N.G. Gemeente, 31 Maart 1848.

5. A. Dreyer, Die Kaapse Kerk en die Groot Trek, p. 101.

verskeie kinders gedoop is, is die Heilige Nagmaal nie bedien nie, want: "... den onrustigen toestand waarin zich de menschen bevonden, bezwaar het H. Avondmaal uit te deelen, te meer daar niemand daar toe een ernstige begeerte openbaarde."⁶

Voordat die kommissie Winburg verlaat het, is n kerk=raadsvergadering gehou en op hierdie vergadering is besluit om n kerk te bou. Landmeter F. Rex is versoek om die fondament van die kerk af te steek. Die mate van hierdie eerste kerkie was slegs 27½ meter lank en nege meter breed.

In Desember 1848 het n tweede kommissie, bestaande uit drs. P. Faure en W. Robertson, Winburg besoek. Op die plein by die Raadhuis was daar ongeveer 60 tentwaens uitgespan. Tien dienste is gehou, 86 kinders is gedoop, terwyl Nagmaal aan 50 lidmate bedien is.⁷ Op hierdie tydstop het die gemeente uit ongeveer 300 siele bestaan. Alhoewel daar reeds geld vir die oprigting van n kerk ingesamel is, was daar nog nie n kerkgebou nie.

Na die vertrek van hierdie kommissie is in alle erns met die oprigting van n kerkgebou begin. In Maart 1849 was die kerkgeboutjie alreeds vensterbankhoogte. Die mure was van klip. Weens n gebrek aan geld, timmerlui en goeie messelaars, het die bouwerk stadig gevorder en toe ds. Andrew Murray op 13 Mei 1849 Winburg besoek, is die dienste in een van die woonhuise gehou.

Nadat met die oprigting van n permanente kerkgebou
begin/...

6. Ibid., p. 103.

7. De Kerkbode, 19 Mei 1849.

begin is, was die gemis aan 'n eie leraar nog net so groot, omdat daar nie op rondreisende predikante staatgemaak kon word nie. Daar is gevolglik vertoë tot die Engelse regering gerig vir die beskikbaarstelling van 'n predikant. Sir Harry Smith het geredelik aan hierdie versoek voldoen en daarin geslaag om ds. Dirk van Velden van Holland na Suid-Afrika te laat kom.

Teen die einde van 1849 het ds. Van Velden in Natal aangekom. Dit was 'n ramspoedige seereis en omdat die skip geweldig gelek het, was die meeste van sy bagasie deurnat en bederf.⁸ Die kerkraad van Winburg het spesiaal diakens Pienaar en Naudé afgevaardig om ds. Van Velden in Durban te ontmoet.⁹

Ds. Van Velden het egter nie dadelik na Winburg vertrek nie, want hy het eers vir sewe maande in Natal vertoef om aldaar die evangelie te verkondig. Daarna is hy tot groot teleurstelling van die Winburgers, na Harrismith. Op 17 November 1850 het hy met sy dienste aldaar begin en uit dankbaarheid skryf die kerkraad van Harrismith 'n brief aan sir Harry Smith, waarin hulle o.a. meld: "... door ons met hooge Christelike vreugde en liefde is ontvang en den wel Eerwaarde Heer D. van Velden, de waardige dienaar van het Evangelie dien het Uw Excellentie behaagt heeft als Herder en Leeraar over ons aan te stellen."¹⁰

Die Winburgers was hieroor bitter ontevrede en deur bemiddeling/...

-
8. Ibid., 18 Mei 1850.
 9. Kerkraadsnotule van die N.G. Gemeente van Winburg, 4 Februarie 1850.
 10. H.C. 1/5., Brief van kerkraad van Harrismith aan sir Harry Smith, 18 November 1850.

bemiddeling van hul magsitraat, T.J. Biddulph, is aan majoor Henry D. Warden die versoek gerig dat ds. Van Velden na Winburg verplaas moet word. Daar is aan hierdie versoek voldoen en so het Winburg sy eerste vaste leraar gekry.

Op Sondag, 15 Desember 1850, is ds. Van Velden deur ds. A. Murray, leraar van Bloemfontein, bevestig. Die bevestigingsrede was na aanleiding van I Thessalonicense 5, verse 12 en 13. In die middag het hy sy intreepreek gelewer en as tekswoorde het hy Jesaja 1, verse 19 en 20 gebruik.¹¹

Sy pad op Winburg was nie altyd met rose besaai nie. Behalwe vir die moeilikhede tussen die Blankes en die Basoeto, was daar ook nog onderlinge twiste onder die gemeentelede. Sy salaris van R400 plus R100 reiskoste per jaar was nie voldoende nie. Die bywoning van die eredienste was egter goed en weldra het die ou hartbeeskerkie te klein geword.

In 1852 het die kerkraad besluit om 'n nuwe kerk wat sitplek aan 900 mense sou kon bied, teen 'n beraamde koste van R2000 op te rig. In Januarie 1853 is tenders gevra vir die lewering van 300,000 stene, 40 balke nieshout, 7 planke stinkhout en ongeveer 200 meter greinhout.¹² 'n Mnr. Moffat van Bloemfontein sou die kerk bou, terwyl majoor H.D. Warden die hoeksteen sou lê. Deurdat 'n geweldige haelstorm losgebars het, kon hy egter nie opdaag/...

11. G.B.A. Gederner, Op cit., p. 152.

12. The Friend of the Sovereignty, 27 Januarie 1853.

opdaag nie. Ds. A. Murray van Bloemfontein het toe op 8 Oktober 1853 die hoeksteen gelê. Met Nagmaaldienste was daar gewoonlik 150 waens op die kerkplein uitgespan, maar nou, a.g.v. die geweldige haelstorm was daar maar slegs 15 waens.¹³

Voordat die nuwe kerk egter in gebruik geneem is, het ds. Van Velden Winburg verlaat, want hy het die beroep na Swellendam aangeneem. Op Sondag, 29 Januarie 1854 het hy sy afskeidspreek n.a.v. Handeling 20 vers 31 gelewer. Hoewel dit baie gereën het, was die ou kerkie stampvol. Vir ou laas het die kerkraad probeer om hom te behou deur sy salaris na R500 op te skuif, maar hy was vasbeslote om te gaan.¹⁴

Met sy vertrek het die gemeente ongeveer 3000 siele getel. Vir etlike jare sou die gemeente vakant bly. Predikante soos di. A.A. Louw, A. Murray en S. Hofmeyr is tevergeefs beroep. So angstig was die kerkraad om weer 'n predikant te kry, dat selfs blanko beroepsbriewe aan ds. Murray gegee is en wat hy na eie goeddunke kon invul.¹⁵

Intussen is die nuwe kerk voltooi. Om nege-uur op 6 November 1858 het die gemeente by die ou kerk vergader. Die konsulent, ds. P. Roux van Smithfield, het uit Psalm 127 voorgelees en toe 'n plegtige rede gehou, waarin van die ou kerk afskeid geneem is. Daarna het die gemeente in optog na die nuwe kerk gegaan. Vooraan die optog was/...

13. De Kerkbode, 12 November 1853.

14. Ibid., 4 Maart 1854.

15. Kerkraadsnotule van die N.G. Gemeente van Winburg, 11 Oktober 1858.

was di. A. Murray, P. Roux en A. Louw. Daarna het die ouderlinge, die boukommissie, die landdros en Winburg se Volksraadslede gevolg. Na hulle het die heemrade, die vrederegter, kommandante en veldkornette gevolg en uiteindelik het die gemeentelede gevolg - eers die mans en toe die vrouens. Almal het stadig en met ontblote hoofde na die kerk geloop, terwyl Psalm 118 vers 12 gesing is.

Nadat ds. Roux die kerkdeur oopgesluit het, het die gemeente onder die gesing van Psalm 100 verse 3 en 4, die kerk betree. Ds. Roux het daarna gepreek n.a.v. die bou van Salomo se tempel. Die middag is voorbereidingsdiens gehou en die volgende dag is Nagmaal bedien. Tydens die inwyding is 12 pare getrou, 25 jongmense aange- neem en 37 kinders gedoop.¹⁶

In Januarie 1861 was die kerkraad gelukkig toe ds. H. van Broekhuizen die beroep na Winburg aangeneem het.¹⁷ Ook hy het uit Holland gekom en is in Augustus 1861 bevestig. Kort na sy aankoms, is n geslaagde kerkbasaar gehou om fondse in te samel vir die nuwe kerk wat nog sonder banke en n plafon was. Die basaar het R2300 opgelewer. Sommige skape is teen R190 stuk verkoop, terwyl n pampo- en uit die pastorietuin vir R20 verkoop is.¹⁸

Ds. Van Broekhuizen was nie gelukkig op Winburg nie. Moeilikhede met die Basoeto, geldskaarste en ontevrede gemeentelede het sy bediening bemoeilik. Tydens sy bediening/...

16. Ibid., 6 November 1858.

17. Ibid., 14 Januarie 1861.

18. De Kerkbode, 22 Februarie 1862.

bediening is die ou Voortrekker-kerkhoffie in die dorp gesluit en 'n nuwe kerkhof is aangelê. Die eerste persoon wat in die nuwe kerkhof begrawe is, was 'n Kroonstadse burger, C.C. Prinsloo wat homself per ongeluk in die laer by Winburg doodgeskiet het.¹⁹ Na 'n verblyf van vyf jaar is ds. Van Broekhuizen weens swak gesondheid weer na Holland terug.²⁰

Na sy vertrek, was die gemeente vir 'n paar maande herderloos. Vrugtelose beroepe is agtereenvolgens op di.

J. Mc Carter, Linn en G. vd. Wall, uitgebring. Uiteindelik het ds. P.A.C. van Heijningen die beroep aangeneem.²¹

Ds. Van Heijningen sou vir baie jare die Winburgers bearbei en die gemeentelêde was baie lief vir hom. Hy sou hom veral vir die opvoeding en onderwys van die jeug beywer. Hy was een van die lede wat die Sinode in 1872 verteenwoordig het toe die Volksraad 'n kommissie van ondersoek na die opvoedingstelsel van die O.V.S. benoem het. Tydens sy bediening het Winburg van sy vrugbaarste jare op geestelike gebied belewe en dit het besonder goed met die gemeente gegaan. Hy sou tot in 1893 op Winburg bly.

Vanaf 1894 tot 1904 was ds. J.J.T. Marquard predikant van Winburg. Weer eens het die kerkgebou te klein geword, want veral met Nagmaal was daar nie vir almal plek nie. 'n Nuwe kerk (die huidige moederkerk) is beplan. Die argitekthe/
.../...

-
19. The Friend of the Free State and Bloemfontein Gazette, 8 Januarie 1864.
20. Kerkraadsnotule van die N.G. Gemeente van Winburg, 20 Januarie 1866.
21. Ibid., 13 Julie 1867.

argitekthe was mnre. J.H. en A.E. Till, terwyl mnre. Rundle, Rowe en Marshall, die boumeesters was.

Die bou van hierdie nuwe kerk het egter ernstige onmin tot gevolg gehad. Na die runderpes en die kwaai droogte van 1896 - 1897, is daar gevoel dat die gemeente nie n nuwe kerk kon bekostig nie. Skertsend is daar selfs van die nuwe kerk as die "Tempel van Salomo" verwys. Die koste aan die kerk is op ongeveer R28,000 bereken.

Aangesien die ou kerk afgebreek moes word, sodat die nuwe kerk op sy plek opgerig kon word, moes n tydelike kerk ingerig word en dit sou n verdere R1000 kos. Alle pleidooie om van die plan af te sien en om die ou kerk te behou, het op dowe ore geval. Dit is dan ook jammer dat die ou historiese kerk gesloop is. n Ontevrede Winburger het dit selfs as n skande beskou, want in De Express skryf hy: "Zal het niet een schande zijn om de oudste kerk in den Oranje-vrijstaat, en zoo een goede kerk te gaan afbreken."²²

Die hoeksteen van die nuwe kerk is op 20 Januarie 1899 deur pres. M.T. Steyn gelê. Die Anglo-Boere-oorlog sou die bouwerk aansienlik vertraag en eers in 1904 is die kerk ingewy. Gedurende die oorlog is die half voltooi=de kerk as hospitaal gebruik.

Gedurende hierdie tydperk is die kerklike lewe van die Winburgers erg versteur. Ds. Marquard het die kommando's dikwels besoek en gevolglik was die Winburgers meestal herderloos. Ds. A.M. Mc Gregor het dienste
in/...

in die konsentrasiekamp gehou, waarin hy later deur prop. Z.J. van Wijk bygestaan is.²³ 'n Voormalige krygsgevangene, P.M. Spratt, het ook dienste in die kamp gehou. Reisende predikante soos ds. H.E. du Plessis, het soms die konsentrasiekamp besoek en tydens sulke besoeke is kampkinders gedoop.

Uit die voorafgaande blyk dit dan dat daardie vonkie van Christelikheid, Hoop, Geloof en Liefde wat die ou Vooortrekkers met hulle uit die Kaapkolonie saamgebring het, in Winburg goed ontbrand het. Die distrik Winburg het dus ook meegehelp in die verkondiging van die Woord van God en om die Christelike beskawing d.m.v. die stigting van die N.G. Gemeente in die O.V.S. te help vestig. In hierdie doelstellings en strewe, het die N.G. Gemeente van Winburg ook sy deel gedoen.

23. De Kerkbode, 11 September 1902.

H O O F S T U K IX.

WINBURG TYDENS DIE ANGLO-BOERE-OORLOG.

Na die ontdekking van goud in Transvaal het duisende fortuinsoekers daarheen gestroom. Die meeste van hierdie mense was Engelse en hulle het op verteenwoordiging in die regering van die Z.A.R. begin aandring. Dit, tesame met die feit dat die Engelse bewindhebbers in Engeland en die Engelse ryksbouers in Suid-Afrika 'n imperialistiese beleid gepropageer het, het 'n oorlog met die onafhanklike republieke uiteindelik onvermydelik gemaak.

Die Jameson-strooptog van 1895 het tot 'n nuwe samewerking en bondgenootskap tussen die O.V.S. en die Z.A.R. geleid en in Maart 1897 is 'n offensiewe en defensiewe verbond tussen die twee republieke gesluit. Albei die republieke het nou volstoom tot bewapening oorgegaan en na die mislukking van die Bloemfontein-konferensie in Junie 1899, was dit duidelik dat oorlog onafwendbaar was. Op 9 Oktober 1899 het die Z.A.R. met die goedkeuring van die O.V.S. 'n ultimatum aan die Britse verteenwoordiger, Conyngham Greene, oorhandig. Engeland het hom nie aan die ultimatum gesteun nie en so het die Anglo-Boere-oorlog uitgebreek.

Met die uitbreek van die oorlog, kan die gesamentlike sterkte van die burgermag van die twee Boererepublieke op ongeveer 54,667 man gestel word, van wie 32,353 Transvalers en 22,314 Vrystaters was.¹ Die distrik Winburg/...

1. J.H. Breytenbach, Die geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in S.A., 1899 - 1902, Deel I, p. 36.

Winburg se bydrae tot hierdie aantal burgers was ongeveer 700 man.²

Die Ontleding van die kommandeerlys van die dorp Winburg³, werp interessante lig op die weerbaarheid van die Winburgse burgers. Die lys bevat altesame 162 name. Slegs ongeveer 30 burgers van hierdie getal kon vir aktiewe diens opgekommandeer word. Ongeveer 21 burgers het die dorp verlaat, 22 het eenvoudig net weggeloop of verdwyn, nege was te oud, terwyl 16 onbekwaam vir oorlogsvoering was. Die burgers wat nie opgekommandeer is nie, was hoofsaaklik staatsamptenare en 'n aantal klerke en besigheidslui wat as onmisbaar in die dorp beskou is. Ds. J.J. Marquardt en landdros J.P. van Zijl het onder hierdie burgers getel.

Met die uitbreek van die oorlog is die Winburgse kommando by dié van Vrede, Bethlehem, Heilbron, Kroonstad en Harrismith onder die bevel van hoofkommandant Marthinus Prinsloo ingesluit. Hierdie kommando's is op die Natalse front, al langs die grens tussen die O.V.S. en Natal geplaas. Die kommando van Winburg is by Platberg, naby Vanreenenspas, geplaas en was onder aanvoering van kmdt. H. Theunissen.⁴

Op 24 Oktober 1899 het die Winburgse kommando sy eerste werklike vuurdoop gekry. Saam met die kommando van Kroonstad, moes hulle die rante en pieke van die Tintinyoni/...

-
2. G.S. R.6286/1899, Dele 9 en 10. Kommandeerlyste van die distrik Winburg.
 3. Sien Bylaag B., Kommandeerlys van die dorp Winburg.
 4. J.H. Breytenbach, Op cit., p. 158.

Tintinyoni teen n aanval van genl. sir George White, verdedig. Hoewel die Engelse hierdie stellings met 18 kanonne bestook het, kon dit nie verower word nie. Hierdie heldhaftige verdediging van die stellings te Tintinyoni is nog merkwaardiger as in aanmerking geneem word dat die een Krupp-kanon wat die Winburgse kommando moes bystaan, slegs twee skote afgevuur het. Hierdie kanon het nog met swart kruit geskiet en het daardeur sy stelling aan die Engelse verrai. Gevolglik is dit so geweldig deur Engelse kanonne bestook dat die artilleriste eenvoudig verplig was om pad te gee.⁵

Die Boere het aanvanklik pragtige seges oor die aanvallen=de Britse magte aan die Natalse front behaal. Die Winburgers was by verskeie van hierdie skermutselinge betrokke. Met die aankoms van groot Engelse versterkings onder genl. Redvers Buller, het die posisie van die Boere al hagliker geword. Genl. Buller se veldtogplan was daarop gemik om die Republieke vanuit die Suide binne te val. Hy was van mening dat n kragdadige en doelbewuste inval die Boere sou dwing om uit Natal pad te gee en om die suidelike grens te verdedig.⁶

Gevolglik is o.a. aan lord Methuen opdrag gegee om vanuit die suide na Kimberley op te ruk. A.g.v. hierdie nuwe bedreiging op die suidelike grens, is n groot aantal Vrystaters onder aanvoering van genl. C.R. de Wet uit Natal onttrek om hulle by genl. Piet Cronjé te gaan aansluit. n Deel van die Winburgse kommando was ook onder hierdie/...

5. Ibid., p. 293.

6. J.H. Breytenbach, Die Geskiedenis van die Tweede Vryheidsoorlog in S.A., 1899 - 1902, Deel II, p. 3.

hierdie mag wat uit Natal onttrek is.

Op 23 November 1899 het die Vrystaatse mag met dié van lord Methuen by Belmont slaags geraak. Hoewel die Vrystaters die Engelse groot verliese toegedien het, was hulle tog verplig om sommige stellings te ontruim. Dat die Winburgse kommando hier in die midde van die stryd gestaan het, blyk uit die feit dat tien Winburgse burgers daar gesneuwel het.⁷

Hoewel lord Methuen se magte 'n hele aantal van die Boere-stellings verower het, is sy mag in die Slag van Magersfontein op 11 Desember 1899 sodanig verslaan dat hy verplig was om na Modderrivierstasie terug te val. Aanvanklik kon die Boere dus hierdie eerste invalspoging van genl. Buller verydel. Verdere groot oorwinnings oor die Engelse te Stormberg en Colenso het veroorsaak dat die Boere aan die einde van 1899 die hef in die hande gehad het.

Bogenoemde oorwinnings is nooit deur die Boere opgevolg nie en nadat nog verdere Britse versterkings in Suid-Afrika aangekom het, het die gety teen die Boere begin draai. Nie slegs moes genl. Piet Cronjé met ongeveer 4000 burgers by Paardeberg oorgee nie, maar genl. Buller het ook by Ladysmith deurgebreek. Die O.V.S. was dus nou van alle kante deur invallende Engelse bedreig.

'n Groot gedeelte van die Winburgse kommando het onder kmdt. H. Theunissen aan die gevegte by Paardeberg deelgeneem/...

7. Sien Bylae C. Lys van gesneuwelde Winburgers.

geneem. Dit was ook die laaste optrede van hierdie kommando as 'n aparte eenheid, want kmdt. Theunissen moes met bykans 100 burgers by Paardeberg oorgee,⁸ terwyl nog ses burgers te Paardeberg en 11 te Stinkfontein gesneuwel het.

Na hierdie neerlae is Bloemfontein en die meeste Vrystaatse dorpe stelselmatig deur die Engelse beset. Baie burgers het uit wanhoop na hul wonings teruggekeer, terwyl sommige die wapens neergelê en die eed van getrouheid aan Engeland afgelê het. Die oorlog was egter nog nie verby nie, want genl. De Wet sou hierna die oorlog met 'n dapper keurbende voortsit. Baie Winburgers is ingesluit by hierdie kommando van genl. De Wet.

In Mei 1900 het lord Roberts met sy opmars vanuit Bloemfontein na Johannesburg begin. Genl. Ian Hamilton is aangesê om Brandfort en Winburg te verower sodat verbindingslinies opgebou kon word. Hoewel daar skermutseringe in die omgewing van die dorp, te Josephinasdal en ook aan die Vetrivier was, is Winburg op 5 Mei 1900 deur genl. Hamilton beset.⁹

'n Ander faset wat aan die stryd in die omgewing van Winburg 'n bitter smaak gelaat het, was die bedrywighede van die sg. "Kafferkommando." Hierdie kommando het onder die aanvoering van 'n blanke offisier, O.M. Bergh, gestaan. Volgens 'n verklaring wat mnr. J.J. Coetzer, 'n prokureur van Winburg, op 6 Junie 1931 aan die Oorlogsmuseum in Bloemfontein/...

-
8. C.R. de Wet, Die Stryd tussen Boer en Brit, p. 38.
9. L.S. Amery, The Times History of the War in South Africa, 1899 - 1902, Volume IV, p. 107.

Bloemfontein gestuur het, blyk dit dat hierdie kommando in die lokasie van Winburg gewerf is. Hierdie kommando het uit ongeveer 150 man bestaan. Hulle kamp was naby Winburg. By Doornberg is 'n aantal burgers deur hierdie kommando verras en vier Winburgse burgers is op wreed-aardige wyse om die lewe gebring.¹⁰

Gedurende die oorlog het 114 Winburgers gesneuwel, terwyl nog 23 as krygsgevangenes oorlede is.¹¹

Volgens die lys van gesneuwelde Winburgse burgers, blyk dit dat die veldslag in die omgewing van Paardeberg die meeste lewens geëis het. In die geveg by Stinkfontein (naby Paardeberg) het 11 Winburgers gesneuwel en by Paardeberg het nog ses gesneuwel. Die tweede grootste veldslag in die volgorde van lewensverlies, was ongetwyfeld die Slag van Belmont. In hierdie geveg het agt Winburgers gesneuwel. As in aanmerking geneem word dat die Engelse dié Boerestellings met gevelde bajonette ingeneem het, was dit waarskynlik een van die felste en dapperste gevegte waaraan Winburgers deelgeneem het.

In die omgewing van Boshof het sewe Winburgers gesneuwel. Te oordeel aan die vanne van hierdie gesneuwelde burgers, t.w. J. Peens, W. Verloo, W. Wicks, B. Wicks, C. Oberholster, W. Slabbert en J. Slabbert, kan die gevolgtrekking gemaak word dat hulle waarskynlik deel uitgemaak het van genl. De Villebois Mareuil se vreemdelingskorps wat op 5 April 1900 op Tweefontein, naby Boshof, 'n dapper dood/...

10. Brief van mnr. J.J. Coetzer aan die Oorlogsmuseum, 6 Junie 1931.

11. Sien Bylae C., Lys van gesneuwelde Winburgse burgers, 1899 - 1902.

dood gesterf het toe hulle teen n geweldige oormag van lord Methuen te staan gekom het.¹²

In die omgewing van Winburg het ongeveer 20 burgers hulle lewe afgelê vir die behoud en die verdediging van dié grond waarop hulle geleef het en wat vir hulle dierbaar was. Die Winburgers het egter nie net hul lewens vir hul eie dorp en distrik afgelê nie. Sommige het aan die Natalse front, te Ladysmith, Platrand, Spioenkop en Rietfontein gesneuwel, terwyl talle ander oor feitlik die hele Suid-Afrika omgekom het. Drie-en-twintig Winburgers het as krygsgevangenes gesterf. In die kamp te Groenpunt het nege gesterf, terwyl veertien burgers in die verre vreemde omgekom het. Van hierdie veertien burgers het die Diayatalawa-kamp in Ceylon die meeste, nl. tien, offers geëis.¹³

Die lot van die vrouens en kinders was egter nog erger as dié van die burgers op die slagveld. Deurdat die Engelse baie plase verwoes en afgebrand het, was daar geen heenkome meer vir vrouens en kinders wat nog op die plase gewoon het nie. Sommige vrouens was verplig om in groepe rond te swerf, terwyl ander by die Boeremagte aangesluit het.

Op 1 Augustus 1900 het die distrikskommissaris van Potchefstroom aan die militêre hoofkwartier in Pretoria voorgestel dat daar vir hierdie rondswerwende vrouens en kinders "Refugee camps" opgerig moes word.¹⁴ So/...

-
12. W.S. van Everdingen, De oorlog in Zuid-Afrika, Tweede Tijdvak, p.147.
13. J.N. Brink, Ceylon en de Bannelingen, p. 165.
14. J.C. Otto, Die Konsentrasiekampe, p. 43.

So ontstaan dan die konsentrasiekampe waarin etlike duisende vrouens en kinders sou sterf.

Die aanvanklike bedoeling van die Engelse was om hulle oor die lotgevalle van hierdie sorgbehoewende vrouens en kinders te ontferm en dat toetrede tot hierdie kampe op 'n vrywillige basis sou geskied. Van hierdie aanvanklike menslike bedoelings het egter niks gekom nie en mettertyd het die konsentrasiekampe so ontaard dat dit die Den Haagse Konvensie van 1899 wat oorlogsetiket voorgeskryf het, totaal verkrag het.

Net soos baie ander Vrystaatse dorpe het Winburg ook sy kamp gekry. Hierdie kamp het onder die rante aan die oostekant van die dorp gelê. Nie slegs was die terrein baie ongelyk nie, maar gedurende die reënseisoen is dit in 'n moeras omskep. Eintlik was daar in Winburg twee afsonderlike kampe, nl., die groot kamp onder die rant en 'n kleiner kamp by die tentoonstellingsterrein. 'n Aantal families het egter ook in die dorp gebly. Die groot kamp was in twee aparte eenhede verdeel, nl., kamp nr. 1 en kamp nr. 2. Kamp nr. 1 is in Januarie 1901 begin en kamp nr. 2 in die eerste week in Julie 1901, toe 'n groot aantal persone wat masels en ander siektes onderlede gehad het, van Bloemfontein by Winburg aangekom het.¹⁵

In hierdie groot kamp is hoofsaaklik die sg. "vlugtelinge" gehuisves en baie van hierdie persone het reeds die eed van getrouheid aan Engeland afgelê. Hierdie kamp het bestaan uit 54 bokseiltente, 4 markiestente, een/...

15. Cd. 893, Report on the concentration camps in S.A. by the Committee of Ladies, p. 84.

een of twee steenhuse en 525 ronde tente.

Die kleiner kamp by die tentoonstellingsterrein was met sinkplate afgekamp en in hierdie kamp is die sg. "ongewenstes" gehuisves. D.w.s. dáárdie persone wat nie die eed van getrouheid aan Engeland wou aflê nie en wat tot die bitter einde in hul stryd om onafhanklikheid sou volhard. Hierdie kamp het daar slordig uitgesien. Daar was 48 tente en hulle was nie in netjiese rye geplaas nie.

Hoewel die instelling van die kampe die vrywillige toelating en beskerming beoog het, is die vrouens soms op die hardhandigste wyse gevange geneem en daarheen vervoer. Volgens mededelings aan Emily Hobhouse deur persone in die Winburgse kamp, was feitlik almal gevange geneem en gedwing om kamp toe te gaan. Baie se huise is ten aan skoue van die eienaars afgebrand. Niks kon gered word nie en selfs kinderklere en komberse is deur die Engelse soldate verbrand.¹⁶

In sommige gevalle is vrouens op die brutaalste wyse na die kamp vervoer soos in die geval van mev. H.M. Potgieter van Middel, Marquard. Sy skryf in 'n brief op 22 Mei 1931: "Ik en my kinders en mev. Miemie Pieterse, later Van Niekerk, en haar kinders is deur Berg en zij kaffers gevang op die plaas, Sevensterrust, naby Senekal en toe is hulle dadelik met ons vort naar Winburg kamp. Op weg daarheen het ons kaffers wat die waens gedryf het, weggeloop en toe het die paar wit menze wat daar by was, twee van die gewapende kaffers die waens verder laat dryf/...

16. E. Hobhouse, Die smarte van die Oorlog, p. 72.

dryf en toe het hullie zoo vreeslik onverskillig gery en gejaag deur sloote omdat daar boere naby was en hullie was bang vir hullie, zoo dat ons bokzeils naderhand heeltemal af was van die waens ze tente en mev. Pieterse haar wa ze dizzelboom was ook naderhand af gebreek deur die vreeselike gejaag en die stof was zoo erg dat ons nie wis wat om met ons zelf aan te vang nie.

"My dochter van 13 jaar ze keel was zeer en zij was naderhand zoo zwak dat ik haar moes optel, zij kon nie meer zelf opstaan nie hoe moeg was zij van dors en honger, want die kaffers het al ons water uit gezuip en ons kos opgevreet en wou nie stil hou dat ons weer water kon skep, zoo bang was hullie voor die boere wat in die nabyheid was. Die more vroeg het ons toe op Winburg aangekom en toe het hullie ons in die show yard gezit waar die gevange vrouwe kamp in was. Toe moes die Dr. kom kyk wat my kind mekeer en verklaar toe dat dit witzeerkeel is nou ja toe moes zij naar die Hospitaal gaan. Dit was die 7de September en die 19de is zij toe dood. Haar hart het ingegee van al die zwaar en angs wat zij moes uitstaan die nag toe die kaffers ons gevang het."¹⁷

Hoewel daar nie altyd noukeurig boekgehou is van die aantal persone in die kampe nie en hoewel in baie gevalle die syfers nie altyd betroubaar is nie, kan aanvaar word dat tussen April 1901 en April 1902 gemiddeld 2481 persone in die kamp van Winburg was. In September 1901 is die getal kampbewoners op 3261 bereken.¹⁸

Onder/...

17. Uittreksel uit 'n brief van mev. H.M. Potgieter van Middel, Marquard, aan die Oorlogsmuseum, 22 Mei 1931.

18. J.C. Otto, Op cit., p. 172.

Onder hierdie aantal inwoners was daar verskeie groot gesinne soos:

Anna Maree met 11 kinders.

Anna Viviers met 10 kinders.

H.F. Harding met 10 kinders.

Du Preez-familie met 10 kinders.

Clara Coertzen met 9 kinders.

Mev. Froneman met 9 kinders.

Die Leonard-familie met 9 kinders.

Maria Prinsloo met 9 kinders.

Rachel Potgieter met 9 kinders.¹⁹

n Superintendent het aan die hoof van die kamp gestaan en hy was verantwoordelik vir die algemene organisasie en dissipline. Hy moes n opgawe van die aantal kampbewoners maak, voorrade kontroleer, voedsel en klere uitdeel, terwyl hy ook met die kampsanitasie belas was. Aanvanklik was Winburg se kampsuperintendent n mnr. Clark, maar hy is later deur n mnr. Alexander vervang.²⁰

Water vir die kamp is verkry uit die dorpsfontein asook by n swak fonteintjie wat in die kloof, naby die kamp, ontspring het. Die water is met twee pompe in waterkarre ingepomp en is dan na die kamp vervoer. Soms het die pompe nie gewerk nie en dan was daar n waterskaarste. Twaalf waterkarre is gebruik en elke kar kon ongeveer 680 liter water vat. Hierdie karre het daaglik slegs sewe keer na die fontein vertrek en gevolglik was daar nie altyd voldoende water in die kamp nie. Later is n
pyp/...

19. S.R.C. 73, Camp Register, Winburg.

20. Cd. 893, Report on the concentration camps in S.A. by the Committee of Ladies, pp. 83 - 84.

pyp in die fontein by die klofie gesit en kon die vrouens en kinders self die water daar gaan haal. Onderkant die pyp was 'n modderdam, waarin die vrouens hul klere kon was.

Die sanitêre toestand was haglik, want daar is van die emmerstelsel gebruik gemaak. Dorpskontraakteurs het gesorg vir die verwydering daarvan, terwyl twee persone wat deur die inwoners self betaal is, gesorg het dat die emmers en sitplekke skoon en ontsmet was. Daar was nege groot latrines vir die kamp en nog een vir die hospitaal. Vyf van dié latrines was vir die vrouens en kinders, terwyl die mans vier latrines gehad het. Die kamp by die tentoonstellingsterrein het twee groot latrines met 46 emmers gehad. Een latrine was vir die vrouens en die ander vir die mans.²¹

Alle kampvuilgoed is in houers opgegaan en is daaglik deur 'n wa en twee skotskarre verwyder. Korporale wat gekies is uit die geledere van die burgers wat die eed van getrouheid afgelê het, was belas met die algemene netheid van die kamp. Elke korporaal het 39 tente onder sy sorg gehad.

Die voeding van die kamp het veel te wense oorgelaat. Die daaglikse rantsoene is in twee klein vertrekkies uitgedeel. Kruideniersware is weekliks uitgedeel, terwyl vleis al om die ander dag uitgereik is. Die inwoners moes in afdelings na die rantsoenhuse gaan. Die uitreiking van die rantsoene het nie glad verloop nie en dit het 'n hele dag geneem om 1600 persone van rantsoene te voorsien/...

21. Ibid., p. 84.

voorsien.²²

Aanvanklik was die daaglikse rantsoene per persoon soos volg:

Vlugtelinge: D.w.s. daardie persone in die groot kamp wat in die meeste gevalle reeds die eed van getrouheid afgelê het:

227 kg vleis, 227 kg rys of meel of gestampte mielies of aartappels, 42 kg koffie, 85 kg suiker, 28 kg sout, een-twaalfde blik gekondenseerde melk.²³

Ongewenstes: D.w.s. hulle wat nog nie die eed van getrouheid afgelê het nie:

227 kg vleis, 227 kg rys of meel of gestampte mielies, 14 kg koffie, 28 kg suiker, 28 kg sout en een-agtiende blik gekondenseerde melk.²⁴

In Januarie 1902 is die rantsoene egter soos volg her-sien:

Volwassenes:

1810 kg vleis per week, 454 kg vet per week en 3175 kg meel per week.

Kinders 5 - 10 jaar:

$\frac{1}{4}$ bottel melk per dag, 1360 kg vleis per week en 2268 kg meel per week.

Kinders 2 - 5 jaar:

2 bottel melk per dag, 907 kg vleis per week en 1597 kg meel per week.

Kinders onder 2 jaar:

n Rantsoen van sop en groente en twee bottels melk per/...

22. Ibid., p. 85.

23. E. Hobhouse, Op cit., p. 393.

24. Ibid., p. 393.

KONSENTRASIEKAMP WINBURG.

Foto's met spesiale vergunning van die
Direkteur, Oorlogsmuseum, Bloemfontein.



Die groot tent by die bloekombome het as hospitaal
diens gedoen.



per dag en 907 kg meel per week.²⁵

Daar was geen openbare kombuise of kookplekke nie en gevolglik is private kookplekke en oonde van enige vorm en formaat gebou. Hout en kole was skaars en seuns onder twaalf jaar kon in die rantjies gaan hout soek. Slegs 454 kg steenkool per kop per gesin is daaglik uitgereik en dit was heeltemal onvoldoende.

Wat die beddegoed betref, het die meeste tente slegs een katel gehad. Geen waterdigte onderlakens is voorsien nie, maar twee komberse is vir elke persoon uitgereik. Klere is deur die Engelse voorsien.

Om die kampbewoners te help in die verkryging van ekstra voedselware en klerasie, is daar drie kampwinkels oorge= maak. Goedere is teen die heersende pryse verkoop en veral voedselware soos konfyet, sardiens, groente, botter en vet is op grootskaal gekoop. Baie kampbewoners het egter nie geld gehad om sulke artikels te koop nie.

Die kamphospitaal het bestaan uit drie huise en twee tente. Aanvanklik was dit net dr. Schnehage wat as ge= neesheer opgetree het, maar later het dr. Molesworth by= gekom. Hulle is deur twee opgeleide verpleegsters, mejj. Bakkes en Butler, bygestaan. Nog drie Boere helpsters, mejj. Cooper, Van Rensburg en Kramer het in die hospitaal gehelp. Een opgeleide apteker en twee assistente het gesorg vir die aanmaak van medisyne.²⁶

Op/...

25. Cd. 934, Further papers relating to the working of the Refugee Camps in S.A., p. 31.

26. Cd.893, Report on the concentration camps in S.A. by the Committee of Ladies, p. 86.

Op geestelike gebied was daar n groot leemte in die kamp, want ds. Marquard het die dorp verlaat. Om in hierdie behoefte te voorsien, is ds. MacGregor na die kamp gestuur. Hy het egter na twee maande se verblyf in Winburg na Hanover vertrek en in sy plek het proponent Z.J. van Wyk gekom.²⁷ Later is hy deur P.M. Spratt, n eertydse krygsgevangene te Groenpunt, in die veeleisende taak bygestaan. Deurdat prop Van Wyk nog nie georden was nie, kon hy dus nie die doop bedien nie en gevolglik is n hele aantal ongedoopte kindertjies begrawe. Besoekende predikante het soms na Winburg gekom om dienste waar te neem en om die doop te bedien soos o.a. ds. H.E. du Plessis.

Die onderwys van die kinders was heeltemal onvoldoende. Daar was slegs een klein skooltjie sonder toerusting, behalwe n paar leie, n skoolbord en vier gekleurde prente. Daar was geen banke of skryfboeke nie. Hierdie skooltjie het in Julie 1901 n aanvang geneem. Die onderwyser was reeds oud en die skool was uiters ongewild. In Oktober 1901 het n nuwe onderwyser, n mnr. Haupt, oorgeeneem. Hy was baie entoesiasties en deur sy toedoen, het tussen 200 en 300 kinders die skool bygewoon. Daar is tussen 8 vm. en 1 nm. skoolgegaan. Die hoogste standerd was st. III. D.m.v. die vier gekleurde prente is die kinders geleer om Engels te praat.

